

HULPVERLENING AAN DIE GEMOLESTEERDE KIND MET BEHULP VAN SPELTERAPIE – ‘N PASTORALE STUDIE

LINDA GROBLER

(DIP. JEUGBED., SERT. FUNK. TER., BA HONS.-STATUS.)

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Artium in Praktiese Teologie

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. dr. W. C. Coetzer

Augustus 2005

Potchefstroomkampus

ABSTRACT

AIDING THE ABUSED CHILD BY MEANS OF PLAY THERAPY

Sexual abuse causes incalculable damage to the life of the sexually abused person on all levels: emotional, spiritual and physical. God included children in His covenant with mankind. Jesus always gave a special place to children during his time on earth.

Current statistics are shocking: One in every four girls and one in every six boys are being sexually abused. Considering that up to 43 children are raped each day in South Africa, it has to be acknowledged that sexual abuse in South Africa is reaching epidemic proportions.

The spiritual/religious results of sexual abuse show that pastoral care is essential in the healing process. Traumatized children themselves express the need for this problem to be addressed pastorally. Children acknowledged that the problem of sexual abuse influenced their relationships with God. Every child also expressed a need for spiritual growth and spiritual knowledge.

The most effective method of helping seems to be an eclectic approach. On the one hand it is important to take note of contributions from other sciences surrounding play therapy, which could be used effectively in the helping process. On the other hand pastoral guidelines should be fully utilised and adhered to. The solution thus lies in a holistic approach where attention is given to the physical, emotional and spiritual needs of the child.

From the empirical data that was collected it is clear that a combination of pastoral care and play therapy is very effective. The uniqueness of this combination centres on the fact that God, the great Healer, works in a restorative and healing fashion in the lives of children through something that comes completely naturally to them, namely play.



KEY TERMS

Sexual abuse

Shocking statistics

Trauma

Spiritual/religious results

Pastoral care

Holistic approach

Play therapy

Spiritual growth and knowledge



UITTREKSEL

HULPVERLENING AAN DIE GEMOLESTEERDE KIND MET BEHULP VAN SPELTERAPIE

Die daad van seksuele molestering rig onberekenbare skade aan in die gemolesteerde se lewe – en dan wel op alle vlakke: emosioneel, geestelik én liggaamlik. God het kinders by sy verbond met die mensdom ingesluit en Jesus het in sy bediening op aarde 'n besondere plek aan hulle toegeken.

Die huidige situasie is skokkend: een uit vier dogters en een uit ses seuns word seksueel gemolesteer. As daarby in ag geneem word dat tot 43 kinders per dag in Suid-Afrika verkrag word, neem seksuele molestering in Suid-Afrika epidemiese afmetings aan.

Die geestelike/godsdienstige gevolge van seksuele molestering wys dat pastorale begeleiding onontbeerlik is vir die helingsproses. Die navorsing bevestig dat getraumatiseerde kinders self die behoefte het dat hierdie probleem ook op 'n pastorale wyse aangespreek moet word. Uit 'n empiriese ondersoek het duidelik geblyk dat hierdie probleem 'n uiters nadelige invloed het op die wyse waarop die gemolesteerde kind God beleef. 'n Behoefte aan geestelike groei en kennis is ook deur elkeen uitgespreek.

Die mees effektiewe hulpverlening blyk 'n eklektiese benadering te wees. Enersyds word daar kennis geneem van die bydraes vanuit ander hulpwetenskappe rondom speltherapie, wat effektief gebruik kan word ten opsigte van die hulpverleningsproses; andersyds word daar ook ten volle gebruik gemaak van pastorale riglyne en Bybelse beginsels. Die oplossing lê dus in 'n holistiese benadering waar daar aandag gegee word aan die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die kind.

Dit het verder geblyk uit die empiriese ondersoek dat 'n kombinasie van pastoraat en speltherapie baie effektief is. Die besondere aard van hierdie kombinasie sentreer rondom die feit dat God, die groot Heler, genesend en restourerend in kinders se lewens werk deur middel van iets wat vir hulle absoluut natuurlik kom, naamlik speel.



KEY TERMS

Seksuele molestering

Skokkende statistiek

Trauma

Geestelike/religieuse gevolge

Pastorale begeleiding

Holistiese benadering

Speltherapie

Geestelike groei en kennis



DANKBETUIGINGS

Dankie aan:

- God, my Vriend en Verlosser, sonder wie hierdie M nooit moontlik sou wees nie. Mag hierdie werk bydra tot die heelwording van U kinders landwyd.
- Melanie, wat my deur die jare toegelaat het om 'n kykie in haar lewe te kry en haar seer met haar te deel.
- My man, David, wat maar byna as 'n medewerker aan hierdie M aangeteken kan word – vir ondersteuning, proeflees en aanmoediging deur dik en dun.
- My kinders, Hennie, Pellie en Elzette, vir hul ondersteuning, aanmoediging en geduld.
- Al my maatjies wat so gereeld by my kom speel.
- My studieleier, prof. dr. Wentzel Coetzer, vir sy professionele leiding. Dit was vir my 'n besondere voorreg om onder so 'n bekwame studieleier te werk. Ook vir ondersteuning en aanmoediging en soms, dink ek, berading.

Rustenburg
Augustus 2005



INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1	Inleiding.....	1
1.2	Probleemstelling.....	1
1.2.1	Agtergrond en statistiek.....	1
1.2.2	Tekortkoming van huidige hulpverlening.....	3
1.2.3	Gebruik van speltherapie	4
1.2.4	Pastorale hulpverlening	5
1.2.5	Navorsingsvraag	7
1.2.6	Verdere vrae	7
1.3.	Doelstellings en doelwitte	8
1.3.1	Doelstelling	8
1.3.2	Doelwitte	8
1.4	Sentrale teoretiese argument	9
1.5	Metodologie	9
1.6	Ander tegniese aspekte.....	11
1.7	Hoofstukindeling	12



**HOOFSTUK 2 – BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE
MET BETREKKING TOT HULPVERLENING
AAN DIE GEMOLESTEERDE KIND**

2.1	Doelstelling	13
2.2	Inleiding	14
2.2.1	Die teenwoordigheid en almag van God.....	15
2.2.2	Die Vaderskap van God	16
2.2.3	Die manlikheid van God	17
2.2.4	Skuldgevoelens	18
2.2.5	Vertroue in God	18
2.2.6	Vrees vir God	19
2.3	Herstel van wanpersepsies	20
2.4	Eksegese van 'n aantal belangrike Skrifgedeeltes	20
2.4.1	Johannes 8:31-32	21
2.4.1.1	Gevolgtrekking	23
2.4.2	Romeine 8:28	24
2.4.2.1	Gevolgtrekking	25
2.4.3	Psalm 139:15-16	26
2.4.3.1	Gevolgtrekking	27
2.4.4	Filippense 1:6	28
2.4.4.1	Gevolgtrekking	30
2.4.5	Jesaja 49:15-16	30
2.4.5.1	Gevolgtrekking	32
2.4.6	Deuteronomium 6:6-9	32
2.4.6.1	Gevolgtrekking	34
2.5	Samevatting	35
2.5.1	Persepsies van gemolesteerdes	35



2.5.1.1 Die teenwoordigheid en almag van God	35
2.5.1.2 Die Vaderskap van God	36
2.5.1.3 Die manlikheid van God	36
2.5.1.4 Skuldgevoelens	37
2.5.1.5 Vertroue in God	37
2.5.2 Opsomming van eksegetiese resultate	37
2.5.2.1 Johannes 8:31-32	37
2.5.2.2 Romeine 8:28	38
2.5.2.3 Psalm 139	39
2.5.2.4 Filippense 1:6	39
2.5.2.5 Jesaja 49:15-16	40
2.5.2.6 Deuteronomium 6:6-9	40

HOOFSTUK 3 – METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREK- KING TOT DIE AARD, IMPLIKASIES EN SIMPTOME VAN SEKSUELE MOLESTERING

3.1 Inleiding	42
3.2 Doelstelling	44
3.3 Wat is seksuele molestering?	45
3.4 Vorme van molestering	46
3.4.1 Seksuele misbruik sonder fisiese kontak (passiewe molestering)	47
3.4.1.1 Verbale molestering	47
3.4.1.2 Ekshibisionisme	47
3.4.1.3 Pornografie	47
3.4.1.4 Voyeurisme	48
3.4.2 Seksuele misbruik met kontak (aktiewe molestering)	48
3.4.2.1 Masturbasie	48
3.4.2.2 Betasting	49



3.4.2.3	Gesimuleerde omgang	49
3.4.2.4	Orale seks	49
3.4.2.5	Seksuele penetrasie	50
3.4.2.6	Sadisme/kastyding	50
3.4.2.7	Seksuele eksploitasie	50
3.5	Simptome van die daad	51
3.5.1	Fisiese simptome van molestering	53
3.5.2	Psigiese en gedragsindikatore van molestering	54
3.5.2.1	Ontoepaslike seksuele gedrag	55
3.5.2.2	Toiletroetine	55
3.5.2.3	Vrese	56
3.5.2.4	Ander indikatore	56
3.6	Deur wie word die daad gepleeg?	57
3.6.1	Persoonlikheidseienskappe van die molesteerder	57
3.6.2	Ouderdom van molesteerder	59
3.6.3	Identiteit van molesteerder	60
3.6.4	Faktore wat aanleiding gee tot molestering	60
3.6.4.1	Vigs-mite	61
3.6.4.2	Alkohol en dwelms	61
3.6.4.3	Armoede	61
3.6.4.4	Pornografie	62
3.6.4.5	Mans se siening van vroue	62
3.6.4.6	Morele verval	63
3.7	Impak van seksuele molestering	63
3.7.1	Korttermynnagevolge	64
3.7.1.1	Skuldgevoelens	64
3.7.1.2	Woede en aggressie	64
3.7.1.3	Hartseer en rou	65
3.7.1.4	Ambivalensie	65



3.7.1.5 Selfbeeld	66
3.7.1.6 Liggaamsbeeld	66
3.7.1.7 Selfhandhawing en grense	67
3.7.1.8 Seksualiteit	67
3.7.1.9 Gevoelens	68
3.7.2 Langtermyn nagevolge	68
 3.8 Traumagenererende faktore	 69
3.8.1 Verskillende fases van 'n traumatiese ervaring	70
3.8.2 Posttraumatische stresversteuring	75
3.8.2.1 Wat is posttraumatische stres?	76
 3.9 Spelterapie	 80
3.9.1 Wat is speltherapie?	80
3.9.2 Eienskappe van 'n terapeut	81
3.9.3 Terapeutiese omgewing	83
3.9.4 Materiaal benodig vir spel	83
3.9.4.1 Terapeutiese waarde van Bybelverhale	85
3.9.5 Waarom is die gebruik van speltherapie so suksesvol?	87
 3.10 Die laerskoolkind (kind in sy middelkindjare)	 88
3.10.1 Liggaamlike ontwikkeling	89
3.10.2 Kognitiewe ontwikkeling	89
3.10.3 Emosionele ontwikkeling	90
3.10.4 Moreel-godsdienstige ontwikkeling	92
3.10.4.1 Die kind se siening van God	92
3.10.4.2 Die Bybel	93
3.10.4.3 Gebed	93
 3.11 Samevatting	 94



HOOFSTUK 4 – EVALUERING VAN DIE BYDRAES DEUR SIEL- KUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS EN PREDIKANTE

4.1	Inleiding	97
4.2	Doelstelling	97
4.3	Sielkunde	98
4.3.1	Vraelys aan sielkundiges	100
4.3.2	Gevolgtrekking	104
4.4	Maatskaplike werkers	104
4.4.1	Vraelys aan maatskaplike werkers	106
4.4.2	Gevolgtrekking	109
4.5	Kerk	110
4.5.1	Vraelys aan leraars	113
4.5.2	Gevolgtrekking	118
4.6	Samevatting	120

HOOFSTUK 5 – EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1	Inleiding	123
5.2	Empiriese navorsing	123
5.2.1	Doelwit	123
5.2.2	Kriteria van besondere gevalle	123
5.2.3	Bespreking van gevallestudies	124



5.2.3.1	Gavin se verhaal	124
5.2.3.2	Laine se verhaal	129
5.2.3.3	Dienie se verhaal	134
5.2.3.4	Ria se verhaal	139
5.3	Gevolgtrekking	141
5.3.1	Gavin	142
5.3.2	Laine	142
5.3.3	Drienie	143
5.3.4	Ria	144
5.4	Samevatting	144
Hoofstuk 6	– Praktikteoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van die seksueel gemolesteerde laerskoolkind met behulp van speltherapie	
6.1	Inleiding	146
6.2	Doelstelling	146
6.3	Skrifgefundeerde begeleiding aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind	147
6.3.1	Beveiliging van die kind	147
6.3.2	Voorbereiding vir 'n beradingsessie	147
6.3.3	Model vir hulpverlening	148
6.3.3.1	Assessering	149
6.3.3.2	Genesingsproses	150
6.3.3.3	Uitstuur	161
6.3.4	Proses in 'n neutedop	162



6.4	Samevatting	162
 Hoofstuk 7 – Finale samevatting		
7.1	Inleiding	166
7.2	Samevatting van Hoofstuk 2	166
7.2.1	Persepsies van gemolesteerdes	166
7.2.1.1	Die teenwoordigheid en almag van God	166
7.2.1.2	Die Vaderskap van God	167
7.2.1.3	Die manlikheid van God	167
7.2.1.4	Skuldgevoelens	167
7.2.1.5	Vertroue in God	168
7.2.2	Opsomming van eksegetiese resultate	168
7.2.2.1	Johannes 8:31-32	168
7.2.2.2	Romeine 8:28	169
7.2.2.3	Psalm 139	170
7.2.2.4	Filippense 1:6	170
7.2.2.5	Jesaja 49:15-16	171
7.2.2.6	Deuteronomium 6:6-9	171
7.3	Samevatting van Hoofstuk 3	172
7.4	Samevatting van Hoofstuk 4	175
7.5	Samevatting van Hoofstuk 5	178
7.6	Samevatting van Hoofstuk 6	179
7.7	Slot	181



7.8	Voorgestelde areas vir verdere navorsing	181
	ILLUSTRASIEBYLAE	183
	BIBLIOGRAFIE	186



HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Inleiding

Tien jaar gelede het navorser vir die eerste keer te doen gekry met seksuele molestering toe die bure se dogtertjie kom vertel het dat haar oupa “lelike dinge” met haar “doen”. Dit was die begin daarvan om die hele seer proses saam met haar en die gesin beleef. Gedurende die daaropvolgende jare het navorser die probleme wat hierdie kind ondervind het, eerstehands beleef - en het die belangstelling rondom die tema van molestering al meer na vore gekom.

Tweedens was daar ook die ervaring om die afgelope vyf jaar self betrokke te kon wees by ses kinders – en wel as veiligheids- en pleegouer. Hierdie kinders se ouderdomme het gewissel van 17 maande tot 16 jaar. Vier uit die ses kinders (almal dogters) is gemolesteer.

Derdens dien navorser ook op die Rustenburg Kinder- en Gesinsvereniging se bestuur en maand na maand word daar kennis geneem van die statistieke van die voorkoms van kindermolestering en die hoë aanmeldingsyfer daarvan. Dat daar ’n ernstige probleem is? Ongetwyfeld. Statistiek bevestig dit.

1.2 Probleemstelling

1.2.1 Agtergrond en statistiek

Seksuele molestering van kinders is nie ’n nuwe tendens nie. Om die waarheid te sê, die voorkoms daarvan is byna so oud soos die mensdom self. In haar boek *Sex*



in *History* noem Reay Tannahill (1989:4) verskeie kulture wat sedert die vroegste tye kinders misbruik het. Die woord “pederas” byvoorbeeld, wat gebruik word om ’n man wat seksueel aangetrokke is tot voorpuberteitseuns te beskryf, het sy oorsprong in die klassieke Griekse tydperk.

Seksuele molestering van kinders is tradisioneel een van die bes bewaarde geheime in die geskiedenis van menige samelewings. Vir die grootste deel van hierdie eeu is die seksuele molestering van kinders óf ontken óf geïgnoreer (Salter, 1995:xi). Teenswoordig beleef die wêreld – en in besonder ook Suid-Afrika – ’n geweldige groei in die aantal aanmeldings van verkrachtings en seksuele molestering van kinders.

In die jaar 1998 is daar byvoorbeeld in Suid-Afrika 15 732 gevalle van verkrachting van kinders aanhangig gemaak (Pienaar, 2000:4). Dit is ’n toename van 108% in vergelyking met die statistieke van 1994 en 7% in vergelyking met dié van 1997. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se statistieke is daar vanaf Julie 1998 tot Julie 1999, 17 503 aangemelde sake van verkrachting – ’n toename van 12% teenoor die vorige jaar. *SAIRR (South African Institute of Race Relations)* meen dat daar elke 25 minute ’n kind in Suid-Afrika gemolesteer word (*The baby rapes of South Africa*, 2003).

Volgens Finkelhor (1984:81-88) het verskeie faktore bygedra tot die ontwikkeling van seksuele molestering as probleem vir die gemeenskap. Die tempo van molestering groei tesame met die toename in wydverspreide egskedings en hertroues en met die meer algemene voorkoms van betrokkenheid by saamleefmaats en die gebrek aan permanensie van sulke verhoudings (wat die blootstelling van kinders aan stiefpa's, kêrels en saamleefmaats verhoog). Finkelhor (1984:81-88) noem voorts dat die vinnige afplatting van seksuele waardes en norme, wat versterk word deur die verlies aan tradisionele beheermaatreëls en -norme, ook aanleiding gegee het tot die seksualisering van die lewe. Coetzer (2004:47) verwys na ’n studie waarin bevind is dat 38% van 933



vroue seksueel misbruik was voor die ouderdom van 18, en by 16% van hierdie groep was dit deur 'n familielid. Hy wys ook op die feit dat talle goed gedokumenteerde studies aantoon dat daar by 50-60% van psigiatriese gevalle aanduidings is van fisiese of seksuele misbruik – of van beide – tydens kinderjare.

As gevolg van die geweldige probleme rondom seksuele molestering is heelwat navorsing, volgens die RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) se databasis, daaroor gedoen. Uit 'n soektog blyk dit dat (sover vasgestel kon word) vanaf 1990 tot 2003, 125 verhandelings oor verskillende aspekte van seksuele molestering gedoen is.

Uit 'n analise van hierdie beskikbare bronne het dit geblyk dat daar nog nie 'n diepgaande ondersoek gedoen is na **pastorale** hulp aan gemolesteerde kinders nie, alhoewel daar verskeie verwysings na die benutting van pastoraat met hulpverlening in die algemeen bestaan. Slegs een meestersverhandeling is gedoen oor pastorale hulp aan gemolesteerdes – en wel aan die Universiteit van Stellenbosch (verwys Loots, 1993).

1.2.2 Tekortkominge van huidige hulpverlening

Die geweldige probleme wat deur seksuele molestering veroorsaak word, word nie behoorlik in ons huidige maatskaplike sisteem ondervang nie. Die bewusmakingsveldtogte onder die publiek het waarskynlik aanleiding gegee tot 'n toename in aanmeldings en dus word maatskaplike werk-organisasies oorval (Loffel, 2000:6). Al hierdie kinders word egter nie by terapeutiese programme ingeskakel nie – dikwels as gevolg van 'n tekort aan mannekrag. Finansies speel ook 'n rol. Hulpverlening is duur en min ouers kan dit bekostig om 'n kind vir tot 'n jaar lank te stuur vir terapie. In 'n artikel wat in *Beeld* van 19 Des 2002 verskyn het (Anon, 2002:5), word gemeld dat nege jaar se navorsing deur *Childline* in die Rooi Kruis Hospitaal in Kaapstad aangetoon het dat driejarige dogtertjies die grootste risiko het om verkrag te word. Moontlike redes is die feit dat hulle te jonk is om



weerstand te bied en dat dit ook vir hulle baie moeilik is om die oortreder agterna te herken of om teen hom te getuig. Dieselfde berig meld dat daar 'n toename van 400% die afgelope agt jaar was in die verkragting van kinders; dat slegs 5% suksesvol vervolg was deur howe en dat die ouderdom van slagoffers steeds jonger en jonger raak.

Volgens 'n artikel wat in *Beeld* van 17 Junie 2005 verskyn het, noem kapt. Percy Morokane dat sowat 40% van verkragtingslagoffers, oftewel sowat 20 000 per jaar, jonger is as 18 (Anon, 2005:6). Organisasies soos *Rape Crisis* meen hoewel daar jaarliks sowat 52 000 verkragtings aangemeld word, die land se werklike verkragtingsyfer veel nader aan 'n miljoen per jaar is.

Hierdie toedrag van sake druis in teen die wese van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wat die regte van die kind beskerm. Dit weerspreek veral Artikel 28, wat die kind se reg om beskerm te word teen mishandeling, verwaarloosing, molestering en aftakeling, verwoord.

1.2.3 Gebruik van speltherapie

Meer as 4 000 tale word wêreldwyd gebruik vir kommunikasie. Hoewel speel nie een van hierdie tale is nie, is dit die 'taal' wat deur kinders gebruik word om hulself uit te druk (Landreth, 2001:3). Kinders hoef nie geleer te word hoe om te speel, of gedwing te word om te speel nie - hulle doen dit spontaan in hulle kinderjare, enige tyd en op enige plek! (Vgl. Schaeffer, 1993:2.)

Die definisie van speel is volgens Landreth (2001:4) die volgende:

"Play is an integral part of childhood, a unique medium that facilitates the development of expressive language, communication skills, emotional development, social skills, decision-making skills, and cognitive development in children. Play is also a medium for exploration and discovery of interpersonal relationships,



experimentation with adult roles, and understanding of one's own feelings. Play is the most complete form of self-expression developed by the human organism."

Deur spel kan kinders uitvind hoe die wêreld werklik is, verskillende rolle speel en emosies hanteer (Schaeffer, 1993:7-13). Speel help om emosies en hartseer gesond te maak, verbreek of verlig spanning en help kinders om hulself uit te druk. Hierdie is dus 'n ideale en niebedreigende medium om te gebruik wanneer daar aan kinders hulp verleen word.

1.2.4 Pastorale hulpverlening

As gelowiges glo ons dat "vir God niks onmoontlik is nie" en dat Hy die Groot Hulpverlener vir die wêreld is. Adams (1974:47) beklemtoon die gedagte dat die Kerk weer sy rol as hulpverlener van die wêreld moet inneem. Christelike beraders gebruik wel baie tegnieke wat ontwikkel is en gebruik word deur ongelowiges, maar met 'n paar verskille:

- **Nie teorieë nie, maar die Bybel**

By pastorale hulpverlening staan die Bybel sentraal. Jesus het gekom om die waarheid te herstel en ons vry te koop. 2 Timoteus 3:16: *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."*

Die Bybel is 'n wonderlike boek, ryk aan inspirerende verhale en metafore van herstel. Die gebruikmaking van Bybelse metafore in die hantering van die gemolesteerde kind is duidelik nagevors en goed uiteengesit deur Marieta Oelofse (2000) in haar verhandeling rondom hierdie tema. Schoeman & Van der Merwe (1996:86) sien ook metafore as 'n belangrike



hulpmiddel aangesien kinders deskundiges is in die bou van fantasieë en graag hul verbeelding gebruik.

Jesus Christus self het gereeld gebruik gemaak van metafore, gelykenisse en verhale in sy bediening op aarde. Hierdie is dus die ideale opsie om te gebruik (Burger, Muller & Smit, 1983:17).

- **Ons Helper**

Wat pastorale hulpverlening soveel anders maak, is dat die berader hulp het. Hierdie tema word treffend bespreek deur Jonker in sy boek, *Die Gees van Christus* (1983). Die Heilige Gees werk in die berader, sowel as die beradene. Hierdie hulp word op verskeie plekke in die Woord aan ons belowe. Twee voorbeelde is die volgende:

- Johannes 16:13: “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”
- Romeine 8:26: “Die Gees staan ons ook in ons swakheid by.”

- **Krag van gebed**

Die krag van gebed is al deur en deur bewys, ook in wetenskaplike toetse. 'n Studie gepubliseer in 1988 deur 'n kardioloog, dr. Randolph Byrd, het die skrywer van 'n artikel in *Reader's Digest* oortuig dat gebed wel krag het. Ná hierdie studie het dr. William Nolen, wat 'n boek geskryf het waarin hy sogenaamde “geloofsgenesings” bevraagteken, erken dat indien hierdie 'n geldige studie is, dokters eerder gebed drie maal per dag behoort voor te skryf (Dossey, 1996:69-71). Die woorde *bid*, *gebed* en *gebid* kom in 319 verse in die Bybel voor. Dit is dus 'n baie belangrike voorskrif in die Bybel vir gelowiges.



- **Ander gelowiges**

Medegelowiges verleen ondersteuning en bid vir die berader en die beradene (Heystek, 2000:124).

1.2.5 Navorsingsvraag

In watter mate kan speltherapie as hulpmiddel dien in die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde laerskoolkind?

1.2.6 Verdere vrae

- Hoe lyk die situasie tans met betrekking tot die begeleiding van gemolesteerde kinders?
 - Wat is die krisismomente wat dui op die noodsaaklikheid van verdere navorsing en nuwe bydraes?
- Hoe het die tradisionele benadering in die verlede daar uitgesien?
 - In watter mate het die pastorale begeleiding van die gemolesteerde kind tot sy reg gekom?
 - In watter mate is aandag gegee aan die rol van speltherapie as hulpmiddel in die begeleidingsproses?
- In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines?
 - Wat is die aard, kenmerke en implikasies van seksuele molestering?
 - Is daar enige trauma verbonde aan molestering en indien wel, wat is die impak hiervan op die kind?
- Is daar vernuwende insigte betreffende speltherapie as hulpmiddel in die pastorale beradingsproses van gemolesteerde kinders wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kan kom?
- Watter Bybelse riglyne kan geïdentifiseer word rondom die hantering van kinders?



- Watter Skriftuurlike riglyne kan van toepassing gemaak word op die inkorporering van spelterapie as hulpmiddel in die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde kind?
- Is dit moontlik om pastorale riglyne te formuleer wat as basis kan dien vir die inkorporering van spelterapie by die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde kind?

1.3 Doelstelling en doelwitte

1.3.1 Doelstelling

Om aan te toon dat spelterapie as belangrike hulpmiddel kan dien in die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde voorskoolse kind.

1.3.2 Doelwitte

Basisteoretiese perspektiewe

- Om duidelike Skriftuurlike riglyne te identifiseer wat van toepassing mag wees op die inkorporering van spelterapie as hulpmiddel in die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde kind.

Metateoretiese perspektiewe

- Om na te vors of daar tans 'n krisissituasie bestaan betreffende die pastorale begeleiding van gemolesteerde kinders en of daar 'n dringende behoefte bestaan aan verdere navorsing en vernuwende insigte.
- Om 'n oorsig te gee van die tradisionele benadering(s) van die verlede m.b.t. die begeleiding van gemolesteerde kinders.



- Om na te vors of pastorale aspekte in die begeleidingsproses werklik tot hul reg gekom het.
- Om na te vors of speltherapie as deel van die begeleidingsproses meer effektief benut kan word.
- Om gebruik te maak van die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en -dissiplines in die uiteindelijke formulering van pastorale riglyne.
- Om te bepaal watter vernuwende insigte na vore kom, deur 'n empiriese ondersoek met betrekking tot 'n aantal gemolesteerde kinders.

Praktykteoretiese perspektiewe

- Om pastorale riglyne te formuleer wat as basis kan dien vir die inkorporering van speltherapie by die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde kind.

1.4. Sentrale teoretiese argument

Speltherapie kan baie effektief aangewend word as hulpmiddel in die pastorale begeleidingsproses van die seksueel gemolesteerde laerskoolkind. Dit kan 'n vernuwende dimensie gee aan die pastorale beradingsproses van gemolesteerde kinders.

1.5 Metodologie

Die model wat Zerfass (Heyns & Pieterse, 1998:36-40) vir die praktiese teologie ontwerp het, word in hierdie studie as vertrekpunt gebruik ten opsigte van



basisteoretiese, metateoretiese en praktykteoretiese perspektiewe. Die benaderings sal die volgende behels:

- 1.5.1 Onderzoek sal gedoen word na Skrifgedeeltes en Skriftuurlike beginsels wat moontlik lig kan werp op beginsels wat van toepassing is op die begeleiding van gemolesteerde kinders en moontlik saam met speltherapie gebruik kan word. Skrifgedeeltes waaraan aandag gegee sal word, is die volgende: Johannes 8:31-32; Romeine 8:28; Psalm 139:14-16; Filippense 1:6; Jesaja 49:15-16 en Deuteronomium 6:6-9. Johannes 8 beklemtoon die belangrikheid van die waarheid in die lewens van God se kinders. Die teks in Romeine gee die belofte dat God in staat is om die slegte dinge in ons lewens – ook molestering – tot ons beswil te gebruik. Psalm 139 beklemtoon die feit dat God met elke persoon (ook die gemolesteerde) reeds bemoeienis gemaak het in die moederskoot. In Filippense gee God die belofte dat Hy die goeie werk wat Hy in ons lewens begin het, enduit sal voltooi. Jesaja het 'n boodskap van hoop dat God nooit Sy kinders sal vergeet nie, ook nie gemolesteerdes nie. In Deuteronomium 6 gaan dit oor riglyne wat van toepassing is op die begeleiding van die kind in die algemeen. Eksegese sal gedoen word volgens die grammaties-historiese metode. Die Gereformeerde tradisie sal as vertrekpunt dien vir hierdie studie (Coetzee, 1990:17).
- 1.5.2 Om 'n oorsig te gee van die kerklike tradisie en die Skriftuurlike interpretasie van die verlede ten opsigte van die pastorale begeleiding van die gemolesteerde voorskoolse kind. Standpunte van die verlede sal bestudeer en beoordeel word deur middel van 'n literatuurstudie.
- 1.5.3 Om te bepaal in watter mate die resultate van die navorsing van aanverwante vakwetenskappe oor die begeleiding van gemolesteerde kinders, gebruik kan word. Daar sal aandag gegee word aan sekere raakvlakke met hierdie betrokke tema en relevante stof sal gebruik word.



'n Literatuurstudie en databasissoektogte sal gedoen word en inligting sal byeen gebring word. Die resultate van studies wat reeds in hierdie verband gedoen is op die terreine van maatskaplike werk, sosiologie, sielkunde en die mediese wetenskap, sal in ag geneem word.

- 1.5.4 Om enige vernuwende insigte oor molestering van kinders as 'n struikelblok tot emosionele en geestelike groei, deur middel van 'n empiriese ondersoek, vas te stel. Hierdie inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek met behulp van gestruktureerde vraelyste, spelterapie en onderhoude bekom word.
- 1.5.5 Om pastorale riglyne te formuleer wat as basis kan dien vir die begeleiding van gemolesteerde voorskoolse kinders, wat sal kan lei tot emosionele en geestelike groei.

1.6 Ander tegniese aspekte

- Waar die geslagsvorm hy/hom in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm sy/haar.
- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien AWS in bibliografie).
- Die gebruik van die afkorting 'L.G.' (in hoofletters) verwys na die skrywer se voorletters en van (Linda Grobler) – en moet voorts onderskei word van 'lg.' (in kleinletters), wat die erkende afkorting vir die woord *laasgenoemde* is.



1.7 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling is soos volg:

Hoofstuk 1: Inleiding.

Basisteoretiese perspektiewe

Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot hulpverlening aan die gemolesteerde kind.

Metateoretiese perspektiewe

Hoofstuk 3: Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die aard, implikasies en simptome van seksuele molestering.

Hoofstuk 4: Evaluering van die bydraes deur sielkundiges, maatskaplike werkers en predikante.

Hoofstuk 5: Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek.

Praktykteoretiese perspektiewe

Hoofstuk 6: Praktykteoretiese riglyne vir die pastorale begeleiding van die seksueel gemolesteerde laerskoolkind.

Hoofstuk 7: Finale samevatting en voorstelle vir verdere studie.



HOOFSTUK 2

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT HULPVERLENING AAN DIE GEMOLESTEERDE KIND

2.1 Doelstelling

Die breër fokus van hierdie studie is gerig op hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind en die begeleiding tot heelwording in Christus. In die lig hiervan is die doelstelling van hierdie hoofstuk:

Om duidelike Skriftuurlike riglyne te identifiseer wat van toepassing gemaak kan word op die inkorporering van speltherapie as hulpmiddel in die pastorale begeleidingsproses van die gemolesteerde kind.

Die hoofstuk word ingedeel onder die volgende hoofpunte:

- Die teenwoordigheid en almag van God
- Die Vaderskap van God
- Die manlikheid van God
- Skuldgevoelens
- Vertroue in God
- Vrees vir God
- Herstel van wanpersepsies
 - Waarheid: Johannes 31-32
Johannes 8 beklemtoon die belangrikheid van die waarheid in die lewens van God se kinders.
 - Hoop: Romeine 8:28
Hierdie teks in Romeine gee die belofte dat God in staat is om die slegte dinge in 'n mens se lewe – ook molestering – tot sy beswil te gebruik.



- Skepping van die mens: Psalm 139
Hierdie psalm beklemtoon die feit dat God met elke persoon (ook die gemolesteerde) alreeds in die moederskoot bemoeienis maak.
- Getrouheid: Filippense 1:6
In Filippense gee God die belofte dat Hy die goeie werk wat Hy in mense se lewens begin het, enduit sal voltooi.
- Getrouheid en hoop: Jesaja 49:15-16
Hierdie verse bevat 'n boodskap van hoop wat impliseer dat God nooit Sy kinders sal vergeet nie.
- Begeleiding van die kind: Deuteronomium 6:6-9
In hierdie verse gaan dit oor riglyne wat van toepassing is op die begeleiding van die kind in die algemeen.

Die formulering van praktykteoretiese riglyne vir hulpverlening aan seksueel gemolesteerde kinders sal voortspruit vanuit 'n wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe wat in hierdie hoofstuk na vore kom en toepaslike metateoretiese perspektiewe.

2.2 Inleiding

Dit is vanuit 'n pastorale perspektief van besondere belang om verder ook te vra of seksuele molestering 'n effek op die godsdienstige beskouings en ervarings van die slagoffer het. Die aanname word in hierdie studie gemaak dat dit oor die algemeen gewis vrae by die slagoffer laat ontstaan wat ook sy/haar godsdienstige beskouings as gelowige, ten diepste raak. Pastorale navorsers soos Allender (1995), Draper (1996) en Langberg (1999) gee besondere aandag aan hierdie aspek.

Voordat daar gelet word op sekere basisteoretiese perspektiewe vanuit die Woord rondom die kwessie van molestering, word daar vervolgens inleidend eers gefokus op sekere tipiese vrae en emosies wat baie algemeen is by slagoffers van



molestering. Dit hou veral ook verband met die godsdienstige belewenis van die slagoffer.

2.2.1 Die teenwoordigheid en almag van God

Een van die vrae wat gereeld voorkom, is: “Hoe kon God toegelaat het dat dit gebeur?” (Loots, 1993:50 en Draper, 1996:63, 179.) Hierdie vraag vind aansluiting by die slagoffer se belewenis van ontmagtiging, woede en opstandigheid teenoor gesagsfigure wat moontlik iets omtrent die situasie sou kon doen. Die teodisee-vraagstuk is gevolglik hier ter sprake: God se liefde en sy almag kom beide onder verdenking. Die slagoffer beleef gevolglik op godsdienstige vlak onsekerheid en verwarring, soos die volgende aanhaling duidelik demonstreer:

“And the first thing I thought was: ‘What kind of God have I been believing in?’ A little girl had been beaten and raped and no God did anything about it. I got real angry. So I went to my minister and he gave me this cock-and-bull story about how God wasn’t responsible. It was all man’s badness. He told me I shouldn’t be angry at God. The more I remembered, the more I realized that God didn’t care for me at all. If He didn’t care for me, He wasn’t who I thought He was. And who was He?”

(Bass & Davis, 1992:166, 167.)

Dieselfde aspek kom na vore in die boek, “Dis ek, Anna” (Lötter, 2004:158), waar Anna op ’n tydstip ’n afspraak met ’n predikant maak:

“Dominee, ek weet daar is nie ’n magic woord wat alles ongedaan sal maak nie, ek wil net weet hoekom die Here so iets toelaat?’ ‘Nee’, korrigeer ek myself toe, ‘nie hoekom nie, hoe kan die Here so iets toelaat?’”

Hierdie tema herhaal homself oor en oor in die pastorale literatuur rondom die tema van molestering. In dieselfde verband het ’n gemolesteerde byvoorbeeld by geleentheid aan Langberg (1999:179) die volgende gevra:



“Why me? Why anybody? God could stop it; why doesn’t He? How can I trust the One who let it happen? How do I know He won’t let it happen again? What kind of God is He? Why would He want me? And if He does want me, then what do I have to do to keep being wanted?”

2.2.2 Die Vaderskap van God

By byna elke gelowige slagoffer wat deur ’n manlike persoon gemolesteer is, is die Vaderskap van God in ’n mindere of meerdere mate ter sprake (Loots, 1993:51). Indien die aardse vader die molesteerder was, dan kompliseer dit net die situasie soveel meer. Die beeld van God as Hemelse Vader ly dan besondere skade, veral as daar in aanmerking geneem word dat die kind normaalweg vir God konkretiseer in sy/haar belewenis van die aardse vader. In hierdie verband beklemtoon Fowler (1985:177) ’n aantal belangrike perspektiewe. Hy benadruk die feit dat, gedurende die primêre geloofstadium, geloof gebou word op die vertroue wat die kind vind in verhoudings, versorging en sekuriteit. Hier word die kind se kennis en belewenis van sy ondervindinge bepaal deur sy persepsie, gevoelens en verbeeldingryke fantasieë. Die mities-letterlike geloof van die skoolgaande kind word vervolgens gebou op die vertroue in stories, reëls en inherente waardes van die familie. Seksuele molestering breek gevolglik hierdie vertroue, versorging, sekuriteit en geloofwaardigheid van die stories en waardes waarmee die slagoffer bekend is, af.

Verder is dit so dat kinders die liefde van God verstaan deur te sien hoe hulle ouers mekaar liefhet en liefde betoon teenoor hulle as kinders. Kinders verstaan die konsep van getrouheid wanneer hulle ouers het wat getrou is aan hulle. Hulle leer oor waarheid wanneer ouers waarheid lééf en waarheid práát, al gebeur dit dikwels dat dit nie gedóén word nie. Ouers dien as rolmodelle wat God by die kind verteenwoordig en het ’n belangrike funksie in die vaslegging van Godsvoorstelling, aldus Louw (1997:72). Langberg (1999:132) vestig ook in hierdie verband die aandag op die volgende drie voorbeelde:



- Die klein dogtertjie wie se pa saam met haar gebid het, haar daarna gemolesteer het en gesê het dat God vir pappas gesê het om op hierdie wyse vir hul dogtertjies lief te wees.
- Die seun wie se berader by 'n Christelike kamp alles wat goed is verteenwoordig en hom dan eenkant toe lok en molesteer.
- Die jong meisie wie se predikant, 'n verteenwoordiger van God, haar uitnooi om haar probleme met hom te deel en haar dan daarna verkrag.

Elkeen van hierdie persone is geleer dat God liefde, waarheid en heiligheid is, maar wat hulle ervaar het aan die hand van mense wat hulle hierdie dinge geleer het, is pyn, verraad, leuens en boosheid. Hoe verward moes hulle nie gewees het nie! Hierdie praktiese lesse is presies die teenoorgestelde van die teoretiese wat hulle geleer het.

2.2.3 Die manlikheid van God

Slagoffers ervaar God as manlik, alhoewel die Bybel ook vroulike eienskappe aan God toesê (Jes. 49:15 & 66:13; Ps.131:2). Die Kerk en die Bybel verwys albei immers na God in die manlike vorm, naamlik “Hy” of “Hom”. Die implikasie asook konnotasie van verwysings soos hierdie (dat God manlik is) vir sommige van die slagoffers, mag nie uit die oog verloor word nie. Hancock (1988:86) maak in hierdie verband melding van 'n slagoffer wat as tienjarige dogtertjie gemolesteer is. Sy het daarna erken dat dit vir haar as tiener die moeilikste ding was om “op my knieë te gaan en weer voor 'n Man te gaan kniel, te smeek, vergiffenis te vra en sy aangesig te soek”. Sy sê ook verder dat die laaste ding wat 'n vrou wat deur 'n man misbruik is wil doen, is om onderdanig te wees aan hom. Alles in 'n vrou kom teen mans in opstand. Wanneer 'n vrou egter voor die Woord van God te staan kom, kom sy individueel en moet God geëer en gerespekteer word en in die proses word die persepsie van mans herstel. Namate 'n mens leer om God lief te hê en te vertrou, word jy genees, ook in jou vermoë om jou man lief te hê en te vertrou (Hancock, 1988:86).



Die berader moet in hierdie opsig groot sensitiwiteit vir die lidmaat se Godsvoorstelling openbaar. 'n Wysiging van 'n persoon se Godsvoorstelling kan baie pynlik en erg traumaties wees (Louw, 1997:73). Hierdie standpunt moet erken en aanvaar word. Daar moet nie probeer word om God te vervroulik nie. Dit is juis die Man wat God gestuur het, wat enorme heling bring by stukkende vroue.

2.2.4 Skuldgevoelens

Ná molestering is skuldgevoelens die een aspek van molestering wat altyd in 'n meerdere of mindere mate by die slagoffer aanwesig is. Hierdie aspek beïnvloed gewoonlik ook die geloofsaspek. Slagoffers neem hulself dikwels kwalik vir iets waarvoor hulle nie verantwoordelik was nie. Die uitgangspunt is dan dikwels dat hulle God in die steek gelaat het en voor Hom gesondig het. Indien die slagoffer enigsins seksuele stimulasie ervaar het of gewilliglik deelgeneem het aan die misbruik (alhoewel hulle dit terselfdertyd verag het), is daar skuldgevoelens wat hanteer sal moet word (Draper, 1996:172). Dikwels is dit vir slagoffers moeilik om die genadige vergiffenis van sonde deur Jesus Christus te aanvaar. Faktore soos hierdie belemmer dan gewoonlik ook normale geestelike groei by hierdie persone.

2.2.5 Vertroue in God

Seksuele molestering het 'n radikale impak op 'n persoon se totale wese. Dit skud hierdie persoon se geloof, hoe hy oor God dink en ook sy standpunt ten opsigte van God se opinie oor hom. Langberg (1999:129 & 130) gee in hierdie verband die volgende treffende aanhalings deur gemolesteerdes:

"As a child I was betrayed, abandoned, and sexually abused. I concluded that God was untrustworthy, that he had also abandoned me, and that he also was unsafe and abusive. How was I to know anything different? It all made sense. It fit together."



"I began to believe that my very creation was an accident of God's. If God was all-knowing and all-loving, how could he have allowed me into this awful family, devoid of love and full of self-pity, hate and chaos? How could he have put me, someone who longed to love and be loved, into all this abuse and neglect?"

Dink verder ook aan 'n sesjarige dogtertjie wat herhaaldelik deur haar pa verkrag is en wat dan aan haar dinge gesê het soos: "God het gesê dat ek dit moet doen" of "God het vir pappas vertel om hulle dogtertjies hierdie dinge te leer". Wanneer hierdie dogtertjie dan Sondagskool toe gaan hoor sy dat God haar liefhet, dat Hy haar beskerm en dat ouers hul kinders liefhet. Watter een van die boodskappe sal die dogtertjie se gedagtes oorheers: die boodskap wat sy by die Sondagskool hoor of die boodskappe wat sy by die molesteerder hoor terwyl hy haar verkrag? Die molesteerder se boodskap sal eerder die dogtertjie se gedagtes beheer en die dogtertjie mag glo dat God sterk is, maar haar pa (die molesteerder) is sterker (Langberg, 1999:160 & 161).

2.2.6 Vrees vir God

Gemolesteerdes leef dikwels in vrees vir God. Hulle vrees dat Hy hulle sal straf of dat Hy sy liefde aan hulle sal onttrek. Hulle vrees ook dat hulle nie goed genoeg is vir Hom nie.

Rondom hierdie aspek gee Langberg (1999:130 & 131) die volgende voorbeeld:

"The abused child's eyes sees God as a very big judge. I believed that if He saw what I was doing, then my punishment would be eternal. Surely He could never love me or care for me."



2.3 Herstel van wanpersepsies

Die wanpersepsies wat bestaan in die denke van die seksueel-gemolesteerde moet herstel word. Hierdie wanpersepsies word gebruik deur Satan om te voorkom dat die gemolesteerde heling aan die voete van die Heler vind. Jesus sê oor die Satan in Johannes 8:44:

“Hy was van die begin af ’n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen.” (Bybel, 1983).

Jesus verwys in Johannes 10:10 só na Satan:

“’n Dief kom net steel en slag en uitroei ...”

Seksuele molestering kan as ‘sielmoord’ beskryf word (Sweeney & Landreth, 1993:355). Satan is dus ’n vernietiger van lewens. Die dinge in die lewens van gewondes wat die dood eerder as lewe veroorsaak, kom van die Satan af, al lyk dit hoe goed, waar of rasioneel (Langberg, 1999:75-81).

Daarteenoor is Jesus die onderhouer van die waarheid (Langberg, 1999:75-81). Op ten minste agt plekke beskryf die Bybel die waarheid as ’n eienskap van God (2 Sam. 7:28; Joh. 1:14; 8:45-46; 14:6, 17; 17:17; 18:37; 1 Joh. 5:6). Op minstens 46 plekke plaas die Bybel verder ’n geweldige klem op die rol van die waarheid.

2.4 Eksegese van ’n aantal belangrike Skrifgedeeltes

Die vrymakende krag van die waarheid word baie sterk beklemtoon in Johannes 8:31-32 en vervolgens word gelet op enkele belangrike eksegetiese perspektiewe in hierdie verband.



2.4.1 Johannes 8:31-32

“As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.” (Bybel, 1983.)

Wat Johannes so uniek maak, is die feit dat ongeveer 90% van die dinge wat hier opgeteken is, slegs in hierdie evangelie voorkom. Hierdie boek is geskryf deur Johannes, die liefliksdissipel. Hy help ons om Jesus Christus, die Seun van God, in al sy heerlikheid te sien (Bybel in Praktyk, 1993:1582). Vanaf hoofstuk vyf tot tien bou die konflik met die geestelike leiers op, namate Jesus Christus se bediening besig is om uit te brei onder individue sowel as die skares. Hy doen wondertekens, leer sy dissipels en geestelike leiers (Bybel in Praktyk, 1993:1583).

In hoofstuk agt is daar vyf perikope:

- 1-11 Die vrou wat op owerspel betrap is
- 12-20 Die Vader getuig ook oor Jesus
- 21-30 Die Jode ken Jesus nie

Vers 31-59 is die debat tussen Jesus en Sy Joodse opponente:

- 31-47 God is nie hulle Vader nie
- 48-59 Jesus was voor Abraham al daar

Vanaf vers 21 wonder die Jode oor wie Jesus werklik is en wat sy karakter is. Jesus verduidelik dit dan ook aan hulle. Baie mense het tot geloof in Hom gekom. Vers 31 bevat 'n “as”-klousule wat gevolg word deur drie beloftes. Alles wat Jesus in vers 32 belowe, hang af van die luisteraar se voortgaande verhouding met sy Woord. Die drie beloftes is elkeen gebou om die kern-“waarheid” (ἀλήθεια) en is onlosmaaklik verweef. Die vrymakende krag van die waarheid kan nie geken word as die mens nie 'n dissipel is nie - en dit hang af van die persoon se verhouding met



Jesus se Woord (O'Day, 2000:637). Die waarheid en vryheid wat Jesus belowe is nie abstrakte idees nie, maar is net soos lig en lewe verbonde aan die Woord.

Vryheid kan op vele maniere geïnterpreteer word binne die konteks van die Joodse tradisie, maar die wortel is te vinde in die uittog na vryheid uit die slawerny uit Egipte. Hierdie vryheid kan ook geïnterpreteer word as vryheid van sonde, wat geskied wanneer die luisteraar die waarheid van God in Jesus Christus ontdek (O'Day, 2000:638).

Iemand wat homself verbind het tot die waarheid, is 'n ware dissipel (Borchert, 1996:303). Die term Μεῖνῆτε in vers 31 wys op 'n bepaalde gedetermineerdheid om te lewe in en deur Christus se Woord. Dit dui verder ook op 'n gedurige luister, oordink en vashou daaraan, terwyl daar ook 'n bereidwilligheid is om te doen wat hierdie Woord vereis. Dit dui ook op 'n leer wat die waarheid is – om die openbaring van God te verstaan en om so die redding wat God bring te verstaan (Beasley-Murray, 1999:133).

Die Boodskap-vertaling (1996:331) gee Johannes 8:31 soos volg weer:

“Julle is regtig my volgelinge as julle glo wat Ek sê. Hou vas daaraan en leef daarvolgens. So sal julle ontdek wat vir God belangrik en sinvol is. En hoe meer julle dit ontdek, hoe meer sal julle word wat God julle gemaak het, vry mense!”

In hierdie gedeelte plaas Johannes dus op 'n besondere wyse die fokus op die onderwerp van waarheid en beklemtoon hy ook die verwantskap tussen waarheid en vryheid. Die uiteindelijke bedoeling is dan dat Jesus self as die bron van alle waarheid geken sal word. Die kennis van hierdie waarheid kan vir die gebonde mens vryheid, herskepping en restourasie impliseer (Borchert, 1996:303).



2.4.1.1 Gevolgtrekking

- Johannes 8:31 bevat 'n "as"-klousule, wat gevolg word deur drie beloftes. Hierdie "as" plaas 'n onus op die leser, wat sekere dinge moet doen om sodoende die vrug van die beloftes te pluk. Jesus verwag dikwels (ook in die gelykenisse) van die mens om nie maar te ontvang nie, maar om ook van sy kant af iets te doen om die vrymakende krag van Jesus te beleef.
- Die hoofdoel van iemand wat in Jesus Christus glo, is om in Hom en in sy Woord te bly – iemand wat homself só verbind het, is 'n ware dissipel.
- By so 'n persoon is daar 'n vasberadenheid om te lewe in en deur Jesus Christus se Woord.
- Hierdie persoon sal gedurig ook luister na, dink en vashou aan hierdie Woord terwyl daar by hom/haar ook 'n bereidwilligheid sal wees om te doen wat die Woord vereis.
- Hierdie persoon sal ook begrip hê vir die leer rondom die waarheid van God se Woord en die redding wat dit inhou.
- Jesus Christus moet uiteindelik persoonlik geken word as die bron van alle waarheid.
- Die kennis van hierdie waarheid kan vir die gebonde mens vryheid, herskepping en restourasie impliseer.
- Die God van die Christen is 'n God van waarheid. Jesus Christus verklaar dat Hyself die waarheid is (Joh. 14:6). Die Heilige Gees word aan die kinders van God gegee sodat Hy vir hulle in die volle waarheid kan inlei (Joh. 16:13).



2.4.2 Romeine 8:28

“Ons kan nou van een ding seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur, of dit goed is of sleg, om sy doel te bereik. Alles wat met elkeen van ons gebeur wat God liefhet, werk tot ons beswil uit.” (Die Boodskap, 1996:497.)

“And we know that God causes everything to work together for the good of those who love God and are called according to his purpose for them.” (NIV, 1997:641.)

Die opskrif van hoofstuk agt is: “Lewe deur die Gees.” Niemand kan sê dat hy 'n kind van God is en hom dan nie deur die Gees laat lei nie. Dit is immers die Gees van God wat die mens 'n kind van God maak. In hierdie gedeelte wys Paulus ook daarop dat gelowiges erfgename van God is.

Paulus het in die voorafgaande gedeelte (die heerlikheid wat kom) daarop gewys dat gelowiges erfgename is en nou wys hy op hul toekomstige erfenis. In vers 26 tot 30 word beskryf hoe die Gees vir gelowiges pleit en hul ook in hul swakheid bystaan. Paulus het nie vooraf van swakheid gepraat nie, dus moet hier aangeneem word dat hy hierdie term gebruik as opsomming vir dit wat hy vooraf beskryf het, naamlik die toestand dat die gelowige nog nie volmaak is nie (Wright, 2000:598). Vers 26 beklemtoon dat God verstaan wat die Gees vra, al is dit nie moontlik om dit in menslike terme uit te druk nie. God is die een wat harte ondersoek en die versugtinge van die Gees ken as die Gees vir gelowiges intree by Hom (Mounce, 1995:187). Die Gees is inderwaarheid besig om volgens God se wil, wat by implikasie God in aksie is, op te tree (Dunn, 1988:480). Hierdie aktiwiteite van die Gees namens die gelowige, dui op die grootste sekuriteit in God vir dié wat Hy uitverkies het (Barret, 1991:158).



Vers 28 verteenwoordig nie 'n algehele nuwe gedagte nie. Dit is ingewef in die volgorde van die argument. Die byvoeging van *ḡ* (maar) dien nie as opposisie nie, maar as deel van die logiese vloei van die argument. “Ek het gehoop hy sou kom, maar hy het nie”, dien as voorbeeld. Paulus se gedagtegang is dan soos volg: God ken die gedagtes van die Gees, maar ons weet dat God alle goeie dinge laat meewerk vir die wat Hom liefhet, daarom gebruik God al hierdie dinge ten goede vir gelowiges, dié in wie die Gees aan die werk is (Wright, 2000:600). In vers 28 is dit baie duidelik dat God die gelowige nie verlaat het nie, maar aan die werk is in elke afdeling van sy/haar lewe (Mounce, 1995:187). Dit beteken nie dat Hy alle slegte dinge (ook molestering) van gelowiges af sal weghou nie, maar dit bevat die wonderlike belofte dat Hy alles – die slegte dinge ook – tot dié wat in Hom glo, se beswil gebruik. Die aanhaling uit Die Boodskap stel dit so treffend: “God gebruik elke ding wat in jou lewe gebeur, of dit goed is of sleg, om sy doel te bereik.” “Hierdie wete veroorsaak dat geen slegte ding wat 'n gelowige oorkom, hom ooit permanent van stryk kan bring nie” (Bybel in Praktyk, 1993:1741). Die goeie is nie altyd wat gelowiges in gedagte het nie, maar soms word die slegte gebruik sodat die mens aan homself moet sterf om meer plek te maak vir God. So sterf die mens elke dag meer aan homself om al meer soos God te word. Gelowiges se vertroue lê in die uitkoms deur God, eerder as deur die frustrasies van die hede (Dunn, 1988:481).

2.4.2.1 Gevolgtrekking

- 'n Kind van God laat hom deur die Gees lei, aangesien dit juis die Gees is wat die mens kind van God maak.
- Die Gees pleit vir gelowiges en staan hul in hul swakheid en onvolmaaktheid by.
- Die Gees vra vir God dié wat die gelowiges in hul onvolmaakte toestand nie in staat is om te verwoord nie.
- Die Gees is volgens God se wil betrokke in gelowiges se lewens.



- God is dus deur die Gees besig om te werk in elke afdeling van die gelowige se lewe.
- God hou nie alle teenspoed (of dit wat gelowiges as teenspoed beskou) van gelowiges af weg nie.
- God kan ook die sonde en dom dinge wat gelowiges doen, tot hul beswil gebruik.
- Hierdie teksgedeelte hou die wonderlike belofte in dat God altyd in beheer is van die gelowige se lewe, in so 'n mate dat Hy die probleme wat deur die gelowige self veroorsaak is, gebruik om sy eie doel te bereik.
- Hierdie boodskap gee geweldig hoop en troos – en bied iets waaraan gelowiges kan vashou vir die res van hul lewens.
- Hoop verander lewens en laat mense weer kans sien vir die lewe.

2.4.3 Psalm 139:15-16

“Geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongeboore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.” (Bybel, 1983.)

Die digter van Psalm 139 is moontlik aangekla en wag in die tempel op die beslissing van die priester oor sy onskuld of skuld. Hy bevestig sy onskuld oor die klagtes wat teen hom ingebring is voor God wat insig in elke aspek van sy lewe het (Allen, 1983:260). Hy staan as gelowige, maar ook as sondige mens, voor God. Hy is diep onder die indruk dat God hom deur en deur ken, dat Hy alles weet en oral teenwoordig is. Sy vertrou dat God hom regverdig sal oordeel, laat hom in 'n loflied God se alwetendheid, sy alomteenwoordigheid en sy bemoeienis met hom van voor sy geboorte af, bely (Bybel in Praktyk, 1993:877).



Hy beleef God as ver, in die hemele, maar ook as naby – iemand wat hom omvou en beheer. God se alomteenwoordigheid vervul die digter met verwondering en hy is diep onder die indruk van sy eie tekortkominge (Allen, 1983:261). Vers 13 tot 18 is 'n oortuigende voorstelling van die Bybelse standpunt dat lewe nie 'n natuurlike, biologiese gebeurtenis is nie, maar die resultaat van die wil en werk van 'n Skeppergod. God is ook in die verborgenheid van die baarmoeder aan die werk. Die psalmis gebruik nie die meer bekende beeld van God as beeldhouer nie, maar die onbekende metafoor van God as wewer. Hy is deur God aanmekaargeweef in die moederskoot (Kidner, 1975:466). God is dus intens betrokke tydens die skepping van die mens.

Van Gemeren (1997) beskryf die betekenis van die term “weef” in hierdie deel soos volg:

- Die basiswoord beteken “vorm” of “gestalte gee aan”.
- Dit word onderskei as die werk van 'n vaardige vakman.
- Dit handel oor borduurwerk wat versigtig gedoen word.

Hierdie gedeelte is 'n kragtige herinnering aan die waarde wat God aan sy skepsels heg – selfs reeds as embrio's – en van sy beplanning van die totale lewensgang van die mens van begin tot einde (Kidner, 1975:466).

2.4.3.1 Gevolgtrekking

- God is intens betrokke by die skepping van elke mens.
- Lewe is nie bloot 'n natuurlike, biologiese proses nie, maar die werk van 'n Skeppergod wat in beheer van die lewe is.
- God skep elke mens as unieke wese en is op verskillende maniere betrokke by elkeen.
- God ken die mens deur en deur.
- Die mens is kosbaar vir God.



- God se alomteenwoordigheid bring die mens onder die indruk van sy eie tekortkominge.
- God beplan en is betrokke by die mens van begin tot einde.
- God het die mens tot in die fynste detail aanmekaargeweef en daarom is elke mens uniek en baie spesiaal vir Hom. Dit geld ook vir gemolesteerdes.

2.4.4 Filippense 1:6

“Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.” (Bybel, 1983:226)

Filippense handel oor blydschap. Die selfstandige naamwoord χαρά (blydschap) en die verwante werkwoord χαίρω (verbly) asook συγχαίρω (verbly met) kom veertien keer voor in hierdie brief (Hooker, 2000:483). Paulus skryf hierdie brief uit die tronk – nie juis ’n plek wat as bron van blydschap kan dien nie. Hy verloor egter nie moed nie, want hy het geleer om dié dinge te onderskei waaroor dit werklik gaan. Blydschap is anders as geluk. Dit is veronderstel om ’n basiese en konstante ingesteldheid by die Christen te wees, die vrug van ’n verhouding met God (Bockmuehl, 1997:59).

In die voorafgaande verse van Filippense 1 dank Paulus vir God oor die gemeente van Filippi. Hierdie danksegging geskied op ’n baie persoonlike wyse deur die verwysing na “my God”. Hierdeur beklemtoon Paulus sy vertroue en sy persoonlike verhouding met God (Bockmuehl, 1997:57). Paulus dank God vir die betrokkenheid van die gemeente van Filippi om van dag een af saam te werk aan die verkondiging van die evangelie. Hierdie samewerking, wat finansiële en praktiese implikasies het, is gegrond in die evangelie (Hooker, 1997:60). Paulus se dank aan God word gevolg deur sy vertroue in God, wat soos ’n goue draad deur die Brief aan die Filippense loop. Die basis vir hierdie vertroue is ’n sekerheid oor



die lewe wat nie in menslike vermoëns gevind kan word nie, maar slegs in die karakter en daade van God (Hawthorne, 1983:21). Melick (1991:57) beklemtoon die feit dat Paulus se vertroue verder ook lê in die feit dat hy die werking van God in die gemeente van Filippi kon sien.

Die volgende drie verse verskaf addisionele redes vir Paulus se dankbaarheid. Hulle vorm 'n brug tussen die danksegging in vers drie tot vyf en die intersessie in vers nege tot elf. Die gewilligheid van die Filippense om te deel in die goeie werk van die evangelie word in vers ses gesien as "goeie werk". Dis is egter nie "goeie werk" waarvoor hulle verantwoordelik is nie, maar "goeie werk" wat in hulle begin is deur God. Paulus, wat God se karakter ken, kan met die grootste vertroue sê dat God die goeie werk wat Hy begin het, sal voleindig (Hooker, 2000:483). God het reeds daarmee begin toe Christus vir die gelowiges aan die kruis gesterf en vir hul sondes betaal het. Hawthorne (1983:21) en Melick (1991:59) stem saam dat hierdie goeie werk 'n vernuwende en verlossende werk is wat eers voltooi sal wees die dag wat Jesus Christus weer kom. Hierdie eskatologiese dimensie is deurgaans opvallend in al Paulus se briewe. Vir Paulus en die vroeë Christene was geloof in God se oorwinning baie belangrik. Dit was ook gebonde aan die vaste oortuiging dat God se verlossingswerk beslis voltooi sal word (Bockmuehl:1997:62). Paulus se sekerheid en vertroue is nie in die Christelikheid van die Christene nie, maar in die Goddelikheid van God wat daartoe verbind is om die werk te voltooi waarmee Hy begin het. Aan die einde van die dag is die "goeie werk" nie Paulus of die Filippense s'n nie, maar God s'n (Bockmuehl, 1997:62).

'n Mens word dikwels moedeloos omdat daar nie genoeg groei in jou geestelike lewe is nie of omdat jou omstandighede op die oog af sinneloos en doelloos blyk te wees. In hierdie gedeelte kry gelowiges egter die versekering dat God alles wat Hy begin, klaarmaak – en dat Hy dus met 'n sinvolle plan in elke mens se lewe besig is (Bybel in Praktyk, 1993:1839).



2.4.4.1 Gevolgtrekking

- Paulus se dank aan God word gevolg deur sy onwrikbare vertroue in Hom.
- Die basis van hierdie vertroue is 'n sekerheid oor die lewe wat slegs in die karakter en daede van God gevind kan word.
- Die kennis oor die karakter en daede van God word gevind in die persoonlike verhouding wat die gelowige met Hom het.
- Paulus se vertroue word ook versterk deur die feit dat hy God se werking in die gemeente kon sien.
- Paulus, wat God se karakter ken, kan met die grootste vertroue bevestig dat God die goeie werk wat Hy begin het, sal voleindig.
- God het reeds met die “goeie werk” begin toe Christus vir gelowiges aan die kruis gesterf het en sodoende vir hul sondes betaal het.
- Paulus se sekerheid en vertroue is nie geleë in die Christelikheid van Christene nie, maar in die goddelikheid van God wat daartoe verbind is om die werk te voltooi waarmee Hy begin het.
- In God se betrokkenheid by die gelowige is daar sinvolle beplanning en orde – dit wat Hy begin het, voltooi Hy.

2.4.5 Jesaja 49:15-16

“Kan ’n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms gegraveer. Ek sien jou mure altyd voor My.” (Bybel, 1983.)

“Never! Can a woman forget her nursing child? Can she feel no love for a child she has borne? But even if that were possible, I would not forget you!



See, I have written your name on my hand. Ever before me is a picture of Jerusalem's walls in ruins." (NIV, 1997).

Hoofstuk 49 handel oor die herstel van Sion/Jerusalem. Die gedeelte wat hierdie teksvers voorafgaan fokus op die taak wat op Israel as God se dienaar, opgelê is. God self het die taak "om vir die nasies 'n lig te wees" op hulle gelê. Israel het egter nie kans gesien om hierdie taak te voltooi nie. Hulle het maklik gekla dat God hulle verlaat het, maar besef ook dat hulle nie hulle deel van die ooreenkoms nagekom het nie (Watts, 1987:189). God versak hulle egter nie, maar bevestig dat hulle teruggelei sal word na hulle land toe. Verlossing lei tot die verheerliking van God. Vers 13 sluit die gedeelte af met 'n loflied tot eer van God. In hierdie loflied word die hemele en die aarde geroep as getuies van God se vertroosting van sy volk (Seitz, 2000:430).

Vanaf vers 15 val die klem op die tema van kinders. God gebruik hier die sterkste beeld van 'n persoonlike band om te wys dat Hy nie vir Sion vergeet of verlaat het nie (Oswalt, 1989:305). God vra 'n retoriese vraag: "Kan 'n vrou haar eie baba vergeet?" Die aanvaarbare antwoord sou tog "Nee" wees. 'n Man sou dalk nog sy kind kon vergeet, maar daar bestaan 'n byna mistieke band tussen 'n ma en kind. Die waarheid is egter dat alhoewel die meeste ma's nie hul kinders kan vergeet nie, daar tog ma's is wat wel hul kinders vergeet. Oswalt (1989:305) sê:

"We have only to think of the recurring stories of mothers standing passively by while their boyfriends abuse the mothers' children."

Ma's kan dalk vergeet, maar God vergeet nooit! God se band is sterker as enige mens s'n. Menslike liefde kan dalk enige tyd ophou, maar Goddelike liefde nooit. Psalm 27:10 bevestig hierdie standpunt:

"Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem".



God gebruik dan 'n tweede beeld: Sion se naam is in sy handpalms gegraveer. Hierdie naam is nie net ingeskryf nie, maar ingegraveer – onuitwisbaar in sy vlees ingekerf – en daardeur konstant in sy gedagtes (Watts, 1987:189). Die ingravering op die hande sou moontlik kon dui op 'n intieme verhouding en 'n direktheid/openheid tussen die dienaar en God (Oswalt, 1989:304).

God het konstant die welstand van Sion ingedagte, want Hy praat oor haar mure. Mure wat afgebreek is toe sy geskend, onteer, verkrag is.

2.4.5.1 Gevolgtrekking

- In hierdie deel kom bevestig God dat, hoewel die mens skuldig is en nie sy deel van die ooreenkoms nakom nie, Hy steeds aan die mens bly dink.
- God is nie soos mense nie – sy liefde is ewigdurend.
- Die sterk beelde wat God gebruik dui ook moontlik op hoe ernstig God hieroor voel.
- Sion is verwoes en in haar ellende dink sy God het haar vergeet. Dit is egter vir God onmoontlik – net so onmoontlik as wat dit vir 'n ma is om haar kinders te vergeet.
- Dit is vir God belangrik dat sy kinders sal weet dat Hy tot in alle ewigheid aan hulle sal bly dink – hulle name is immers in sy handpalms gegraveer.

2.4.6 Deuteronomium 6:6-9

“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkorsyne en op jou stadspoorte.” (Bybel, 1983.)



Deuteronomium is geskryf om mense te herinner aan alles wat God vir hulle gedoen het en hulle aan te moedig om hul lewens opnuut aan Hom te wy. Die mens wil partykeer vergeet van dinge wat te seer is om te onthou. Daar is egter dinge wat onthou móét word: foute moenie herhaal word nie, beloftes wat gemaak is, moet nagekom word en die herinnering aan spesiale gebeure kan 'n mens tot optrede aanspoor (Bybel in Praktyk, 1993:241).

God se gebooie speel 'n baie prominente rol in hoofstukke vier tot ses. Die Tien Gebooie staan omraam deur twee stelle vermanings om die gebooie te hou:

- Vermaning om die gebooie te hou (4:1-43)
- Die Tien Gebooie (4:44-5:33)
- Vermaning om die gebooie te hou (6:1-25)

God se liefde is die fondament van die Tien Gebooie. Hierdie liefde moet ook die basis wees van gelowiges se gesindheid ten opsigte van geregtigheid en die regte van ander (Bybel in Praktyk, 1993:242). Deuteronomium 6:4-8 is moontlik die sentrale tema van Deuteronomium. Hierdie verse stel die vereistes vir die regte houding en ingesteldheid wat nodig is om die outoriteit van die gebooie te erken en dit te onderhou (Clements, 2000:343).

Die 1933-vertaling sê:

“En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees.”

Daar is destyds geglo dat die hart die middelpunt van die intellek was (Merrill, 1999:167). Hierdie woorde moes konstant oordink word.

Hierdie boodskap van God se liefde (die gebooie) moet onuitwisbaar gemaak word deur konstante herhaling. Ouers moet dit aan hul kinders oordra en met hulle bespreek, elke dag van die week. Daarom, of daar gesit of gestaan word, geloop of geslaap word, God se gebooie moet gedurig in elkeen se gedagtes wees en



gedurig oordink word. Die gebruik van kontraste soos sit en staan, loop en slaap, sluit die hele menslike bestaan in. Die boodskap van die Tien Gebooie is so belangrik dat dit die middelpunt van elkeen se arbeid en lewe moet wees (Merril, 1999, 167). Dit is ook interessant hoedat teenoorgesteldes gebruik word om die punt nog meer te beklemtoon:

- By die huis (begin by jouself) – en op pad (vertel vir ander);
- Op die deurkosyne (weereens, jou en jou gesin se domein) – op jou stadspoorte (en weer die domein van ander).

Gelowiges mag dus nie hierdie ongelooflike boodskap van God se liefde vir hulself hou nie. Daar rus eerstens 'n geweldige verpligting op ouers om hierdie boodskap oor te dra aan hulle kinders, dit by hulle in te skerp, dit by herhaling met hulle te bespreek. Metafories word die herinneringsteken en die merk gebruik as 'n teken waardeur ander sal kan sien of dit wat geglo word, werklik vrug dra (Merril, 1999: 168). Dit is egter ook letterlik verstaan binne die Joodse tradisie, waar klein leerhouertjies gebruik is om die tekste van Eksodus 13:1-10, 11-16 en Deuteronomium 6:4-9 tesame met 11:13-21 op perkament te bewaar (Clements, 2000:344). Dit het dan as 'n gedurige herinneringsteken gedien van die gebooie en die behoefte aan totale lojaliteit aan God.

Tweedens is daar ook die bevel om hierdie boodskap verder te versprei. Ander moet ook uitvind van God se oneindige liefde en trou.

2.4.6.1 Gevolgtrekking

- Deuteronomium is geskryf om mense te herinner aan alles wat God vir hulle gedoen het en om hulle aan te moedig om hul lewens opnuut aan Hom te wy.
- Deuteronomium 6:4-9 is moontlik die sentrale tema van Deuteronomium. Hierdie verse stel die vereistes om die outoriteit van die gebooie te erken en dit te onderhou.



- Die gebruik van kontraste soos sit en staan en loop en slaap sluit die hele menslike bestaan in.
- Die boodskap van God se liefde is baie belangrik, so belangrik dat God wil hê dit moet konstant oordink word – sodat dit nie vergeet kan word nie.
- Ouers moet God se gebooie by hul kinders inskerp, om te verhoed dat hulle hul naaste benadeel. Die gebooie moet die basis wees van gelowiges – groot en klein – se gesindheid ten opsigte van geregtigheid en die regte van ander.
- Die liefdesboodskap van God moet aan almal verkondig word. Gelowiges mag nie hierdie kosbare boodskap vir hulself hou nie.

2.5 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe

Die geestelike of godsdienstige gevolge van seksuele molestering wys duidelik dat pastorale begeleiding onontbeerlik is vir die helingsproses daarna. Geen slagoffer kan gesond word voor die geestelike gevolge van sulke ontberings ook hanteer en verwerk is nie. Gevolglik kan gestel word dat, indien pastorale insette buite rekening gelaat word, dit 'n onvolledige helingsproses tot gevolg sal hê, aangesien daar rekening gehou sal moet word met hierdie belangrike verhouding van die mens, naamlik sy verhouding met God.

2.5.1 Persepsies van gemolesteerdes

2.5.1.1 Die teenwoordigheid en almag van God

- “Hoe kon God toegelaat het dat dit gebeur?” is 'n vraag wat gereeld voorkom. Die teodisee-vraagstuk is hier ter sprake: God se liefde en sy almag kom beide onder verdenking.



- Die slagoffer beleef op godsdienstige vlak onsekerheid en verwarring.
- Dit vind aansluiting by die slagoffer se belewenis van ontmagtiging, woede en opstandigheid teenoor gesagsfigure wat volgens haar moontlik iets omtrent die situasie kon gedoen het.

2.5.1.2 Die Vaderskap van God

- By byna elke gelowige slagoffer wat deur 'n manlike persoon gemolesteer is, is die Vaderskap van God in 'n mindere of meerdere mate ter sprake. Indien die aardse vader die molesteerder was, kompliseer dit net die situasie soveel meer.
- Kinders verstaan die liefde van God deur te sien hoe hul ouers mekaar liefhet en liefde betoon teenoor hul kinders.

2.5.1.3 Die manlikheid van God

- Slagoffers ervaar God as manlik, alhoewel die Bybel ook vroulike eienskappe aan God toesê (Jes. 49:15; Ps. 131:2).
- Wanneer 'n vrou egter voor die Woord van God te staan kom, kom sy individueel en moet God geëer en gerespekteer word – en in die proses word haar persepsie van mans herstel.
- Namate hierdie vrou dan ook leer om God lief te hê en te vertrou, word sy genees, ook in haar vermoë om haar eie man lief te hê en te vertrou. Hierdie standpunt moet erken en aanvaar word.
- Daar moet nie gepoog word om God te vervroulik nie. Dit is juis die Man wat God gestuur het, wat enorme heling bring by stukkende vroue.



2.5.1.4 Skuldgevoelens

- Slagoffers neem hulself dikwels kwalik vir iets waarvoor hulle nie verantwoordelik was nie.
- Die uitgangspunt is dan dikwels dat hulle God in die steek gelaat het en voor Hom gesondig het.
- Indien die slagoffer enigsins seksuele stimulasie ervaar het of gewilliglik deelgeneem het aan die misbruik (alhoewel hulle dit terselfdertyd verag het) is daar skuldgevoelens wat hanteer sal moet word.
- Dit is dikwels vir die slagoffers moeilik om die genadige vergiffenis van sonde deur Jesus Christus te ervaar. Dit belemmer dan gewoonlik ook normale geestelike groei by so 'n persoon.

2.5.1.5 Vertroue in God

- Seksuele molestering het 'n radikale impak op die persoon se totale wese.
- Dit skud hierdie persoon se geloof, hoe hy oor God dink en ook sy standpunt ten opsigte van God se opinie oor hom.

2.5.2 Opsomming van eksegetiese resultate

2.5.2.1 Johannes 8:31-32

- By 'n ware dissipel is daar 'n vasberadenheid om te lewe in en deur Jesus Christus se Woord.
- Hierdie persoon sal gedurig ook luister, dink en vashou aan hierdie Woord, terwyl daar by hom/haar ook 'n bereidwilligheid sal wees om te doen wat hierdie Woord vereis.



- Hierdie persoon sal ook begrip hê vir die leer rondom die waarheid van God se Woord en die redding wat dit inhou.
- Jesus Christus moet uiteindelik persoonlik geken word as die bron van alle waarheid.
- Die kennis van hierdie waarheid kan vir die gebonde mens vryheid, herskepping en restourasie impliseer.
- Die God van die Christen is 'n God van waarheid. Jesus Christus verklaar dat Hyself die waarheid is (Joh. 14:6). Die Heilige Gees word aan die kinders van God gegee sodat Hy vir hulle in die volle waarheid kan inlei (Joh. 16:13).

2.5.2.2 Romeine 8:28

- 'n Kind van God laat hom deur die Gees lei, aangesien dit juis die Gees is wat hom kind van God maak.
- Die Gees pleit vir gelowiges en staan hulle in hul swakheid en onvolmaaktheid by.
- Die Gees tree volgens God se wil op in gelowiges se lewens.
- God is dus deur die Gees besig om te werk in elke faset van die gelowige se lewe.
- God hou nie alle teenspoed (of dit wat gelowiges as teenspoed beskou) van gelowiges af weg nie.
- God kan ook die sonde en dom dinge wat gelowiges doen, tot hul beswil gebruik.
- Hierdie teksgedeelte hou die wonderlike belofte in dat God altyd in beheer is van die gelowige se lewe, in so 'n mate dat Hy die probleme wat deur die gelowige self veroorsaak is, gebruik om sy eie doel te bereik.



- Hierdie boodskap gee geweldig hoop en troos – en bied iets waaraan gelowiges kan vashou vir die res van hul lewens.
- Hoop verander lewens en laat mense weer kans sien vir die lewe.

2.5.2.3 Psalm 139

- God is intens betrokke by die skepping van elke mens.
- Lewe is nie 'n natuurlike, biologiese proses nie, maar die werk van 'n Skeppergod wat in beheer van die lewe is.
- God skep elke mens as unieke wese en is op verskillende maniere betrokke by elkeen.
- God ken die mens deur en deur.
- Die mens is kosbaar vir God.
- God se alomteenwoordigheid bring die mens onder die indruk van sy eie tekortkominge.
- God beplan en is betrokke by die mens van begin tot einde.
- God het die mens tot in die fynste detail aanmekaargeweef en daarom is elke mens uniek en baie spesiaal vir Hom. Dit geld ook vir gemolesteerdes.

2.5.2.4 Filippense 1:6

- Blydschap is anders as geluk. Dit is 'n basiese en konstante oriëntasie van die Christelike lewe – die vrug van 'n verhouding met God.
- Paulus se dank aan God word gevolg deur sy onwrikbare vertroue in Hom.
- Die basis van hierdie vertroue is 'n sekerheid oor die lewe wat slegs in die karakter en daade van God gevind kan word.
- Die kennis oor die karakter en daade van God word gevind in 'n persoonlike verhouding met Hom.



- Paulus, wat God se karakter ken, kan met die grootste vertroue bevestig dat God die goeie werk wat Hy begin het, sal voleindig. So moet die gelowige ook God se karakter leer ken.
- God het reeds met die “goeie werk” begin toe Christus vir gelowiges aan die kruis gesterf het en sodoende vir hul sondes betaal het.
- Die gelowige se sekerheid en vertroue moet nie in die Christelike van Christene wees nie, maar in die goddelike van God wat daartoe verbind is om die werk te voltooi waarmee Hy begin het.

2.5.2.5 Jesaja 49:15-16

- In hierdie deel kom bevestig God dat, hoewel die mens skuldig is en nie sy deel van die ooreenkoms nakom nie, Hy steeds aan die mens bly dink.
- God is nie soos mense nie – sy liefde is ewigdurend.
- Sion is verwoes en in haar ellende dink sy God het haar vergeet. Dit is egter vir God onmoontlik – net so onmoontlik as wat dit vir 'n ma is om haar kinders te vergeet.
- Dit is vir God belangrik dat sy kinders sal weet dat Hy tot in alle ewigheid aan hulle sal bly dink – hulle name is immers in sy handpalms gegraveer.

2.5.2.6 Deuteronomium 6:6-9

- Deuteronomium is geskryf om mense te herinner aan alles wat God vir hulle gedoen het en om hulle aan te moedig om hul lewens opnuut aan Hom te wy.
- Die boodskap van God se liefde is baie belangrik, so belangrik dat God wil hê dit moet konstant oordink word – sodat dit nie vergeet kan word nie.



- Ouers moet die gebooie by hul kinders inskerp, om te verhoed dat hulle hul naaste benadeel. Die gebooie moet die basis wees van gelowiges – groot en klein – se gesindheid ten opsigte van geregtigheid en die regte van ander.
- Die liefdesboodskap van God moet aan almal verkondig word. Ons mag nie hierdie kosbare boodskap vir onself hou nie.

Hierdie Skrifgedeeltes kan gebruik word om gemolesteerdes te help om God se liefde vir die feilbare mens te begryp.



HOOFSTUK 3

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE AARD, IMPLIKASIES EN SIMPTOME VAN SEKSUELE MOLESTERING

3.1 Inleiding

Om effektief hulp te kan verleen aan 'n seksueel gemolesteerde kind vanuit 'n pastorale oogpunt, vereis 'n ondersoek na die metateorie van ander hulpwetenskappe en -dissiplines. "Onder metateorie moet hier verstaan word 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek" (Venter, soos aangehaal in Heystek, 1999:56). Sonder die integrering van metateoretiese insigte sal die ontwerp van pastorale riglyne onvolledig wees.

Wanneer mense seksueel gemolesteer word, word hul lewens verander (Langberg, 1999:18). Seksuele molestering het veral groot impak op klein kinders, aangesien hulle geen manier het om te weet hoe hul lewens sou gewees het as hulle nie seksueel gemolesteer was nie. Volgens Langberg (1999:ix) beskadig seksuele molestering verskeie areas in die mens, naamlik: die liggaam, emosies, denke, verhoudings en die siel.

God het ons geskep as verhoudingswesens en juis daarom kan die mens nooit buite sy verhouding met God verstaan word nie (Louw, 1997:186). Ons as mense staan in 'n verhouding met God en hierdie verhouding bepaal alle ander verhoudings waarin die mens staan (Botha, 1993:167). Tweedens word ons geplaas in 'n verhouding tot ons naaste. Die tien gebooie is 'n sprekende voorbeeld hiervan: die eerste vier gebooie handel oor die



verhouding tussen die mens en God en die laaste ses gebooie oor die verhouding tussen die mens en sy naaste. Die eerste keer waar hulp vir mekaar of afhanklikheid van mekaar in die Bybel beskryf word, is waar God Adam en Eva as man en vrou skape. Die mens word ook herhaaldelik gemaan om verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar (Heyns, 1984:130). Jesus beveel ook dat mense mekaar moet liefhê in Johannes 13:35. Laastens staan die mens in verhouding tot homself. Die mens het 'n bewussyn van homself – selfkennis, selfkritiek, selfliefde, selfrespek en selfontplooiing (Heyns, 1984:134). Die Beeld van God word gereflekteer in die persoonlikheid van die mens, die vermoë om abstrak te dink en geestelik op te tree (Hammond, 1990:72). Seksuele misbruik van kinders is die ergste vorm van kindermishandeling, omdat dit al hierdie verhoudings versteur. Die fisiese en emosionele implikasies hiervan word breedvoerig in hierdie hoofstuk bespreek.

Volgens die statistiek wat in die vorige hoofstuk vermeld is, neem seksuele molestering epidemiese afmetings in Suid-Afrika aan. Na beraming is een uit elke vier dogters en een uit elke tien seuns slagoffers van seksuele misbruik. (Hofmeyer, 1999:3). Hierdie daad is 'n misdad wat die diepste wese van die kind raak en hou ernstige langtermyngevolge in.

'n Toenemende bewuswording van die voorkoms van seksuele molestering is 'n kenmerk van die 1990's. Die wye mediadekking rondom hierdie probleem, asook die verandering in wetgewing wat veral professionele persone soos mediese dokters, onderwysers en maatskaplike werkers verplig om vermoedelike gevalle van molestering aan te meld, het waarskynlik bygedra hiertoe (Loffel, 2000: 6). Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) lui as volg:

“Enige persone wat 'n kind ondersoek, behandel, aan hom aandag, advies of onderrig gee of versorg onder omstandighede wat die redelike vermoede behoort te laat ontstaan dat sodanige kind mishandel is of aan



enige besering ly waarvan die oorsaak waarskynlik opsetlik was, moet onmiddellik daardie omstandighede

- a) aan 'n polisiebeampte, of*
- b) aan 'n kommissaris van kindersorg of aan 'n maatskaplike werker soos bedoel in artikel 1 van die Wet op Kindersorg (Wet no. 74 van 1983) rapporteer”.*

Bogenoemde het waarskynlik gelei tot die toename in aanmeldings van seksueel gemolesteerde kinders en het meegebring dat al hoe meer maatskaplike werkers en terapeute by die behandeling van slagoffers betrek is. Ouers beveilig ook self hul kinders teen oortreders deur toegang tot die kind te weier. Hierdie toename het egter ook indringende vrae laat ontstaan rondom wat die “simptome” van seksuele molestering is, wat die manifestering en nagevolge van molestering is, en wat die korrekte behandeling vir hierdie kinders is. Nie alle professionele hulpverleners het in hierdie verband ooreenstemmende menings nie en dit lei dikwels tot oneffektiewe dienslewering. Dit kan selfs tot sekondêre molestering van kinders aanleiding gee (Loffel, 2000:6).

3.2 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is dus om te bepaal in watter mate die resultate van navorsing deur ander hulpwetenskappe en -dissiplines oor hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde kind, gebruik kan word. Vervolgens word daar gelet op die aard van seksuele molestering.

Hierdie hoofstuk word ingedeel in die volgende hoofpunte:

- Wat is seksuele molestering?
- Vorme van molestering



- Simptome van die daad
- Deur wie word die daad gepleeg?
- Impak van seksuele molestering
- Traumagenererende faktore
- Speltherapie
- Stadia van ontwikkeling

3.3 Wat is seksuele molestering?

Professionele persone verskil ten opsigte van die definiëring van seksuele molestering. Vervolgens word 'n vergelyking van verskeie skrywers se definisies aan die orde gestel:

Sgroi (1982:9) gee 'n volledige omskrywing:

“Child sexual abuse is a sexual act imposed on a child who lacks emotional, maturational and cognitive development. The ability to lure a child into a sexual relationship is based upon the all-powerful and dominant position of the adult or older adolescent perpetrator, which is in sharp contrast to the child's age, dependency, and subordinate position. Authority and power enable the perpetrator, implicitly or directly, to coerce the child into sexual compliance.”

Hall & Lloyd (1993:3) stem egter nie saam met Sgroi se definisie nie, veral nie wat betref die gebruikmaking van die konsep “seksuele daad” nie. Volgens Hall & Lloyd moet 'n definisie van seksuele molestering eerder al die volgende elemente insluit:

- die misbruik van mag;
- die skending van vertroue en verantwoordelikheid;



- 'n aanduiding van die wye verskeidenheid seksueel-verwante aktiwiteite wat by molestering betrokke kan wees;
- die gebruik van geweld of dreigemente van geweld; en
- die kind se belewenis van bedreiging al is die oortreder nie gewelddadig nie.

Dr. C. Everett Koop (soos aangehaal in Draper, 1996:28) se definisie sluit 'n beskrywing van al bogenoemde elemente in:

“Child sexual abuse occurs in a child – any person under the age of 18 – who is made to engage in, or to help someone else engage in, any sexually explicit conduct, such as intercourse, sodomy, the fondling of genitals, and oral copulation. It also occurs if the child is molested, raped, is involved in incest, or is sexually exploited, as in child prostitution or pornography. A child is abused if he or she is enticed, bribed, threatened or coerced in some way, particularly by force, to engage in any of these acts, or if the child is developmentally not old enough or mature enough to understand the consequences or implications of these acts.”

Langberg (1999:43) se definisie is as volg:

“Sexual abuse occurs whenever a person – child or adult – is sexually exploited by an older or more powerful person for the satisfaction of the abuser’s needs.”

3.4 Vorme van molestering

Seksuele molestering kan 'n verskeidenheid van vorme aanneem. Hierdie vorme kan in twee breë kategorieë verdeel word, te wete passiewe molestering en aktiewe molestering. Vervolgens word 'n beskrywing hiervan



gegee, veral aan die hand van die uiteensettings van Doyle (1994:20) en Faller (1990:40).

3.4.1 Seksuele misbruik sonder fisiese kontak (passiewe molestering)

3.4.1.1 Verbale molestering

Die oortreder kry satisfaksie uit suggestiewe kommunikasie met 'n kind oor seksuele temas. Hierdie kommunikasie kan op 'n interpersoonlike vlak plaasvind of deur middel van 'n telefoon of brief. Watter vorm dit ook al mag aanneem, beleef die kind dit as intimiderend, takel dit sy of haar selfbeeld af en gee dit maklik aanleiding tot self-etikettering (Doyle, 1994:20).

3.4.1.2 Ekshibisionisme

In die geval van ekshibisionisme sal die oortreder hom doelbewus aan die kind ontbloot sodat sy geslagsdele sigbaar is. In gebruikstaal word 'n oortreder wat hom hieraan skuldig maak, 'n "flasher" genoem. Die aggressiewe komponent in ekshibisionisme word gereflekteer in die oortreder se begeerte om die slagoffer te skok en daardeur die vlak van stimulasie te verhoog (Faller, 1990:20).

3.4.1.3 Pornografie

Kinders word misbruik deur foto's van hulle te neem of video's van hulle te maak vir kommersiële gebruik. Blootstelling van kinders aan pornografie word ook dikwels deur oortreders gebruik as deel van 'n "grooming process" of sagmaakproses.



Hierdie blootstelling is dikwels uiters verwarrend vir die kind (Faller, 1990:20).

3.4.1.4 Voyeurisme

Die oortreder kry seksuele satisfaksie wanneer die kind voor die oortreder uittrek of naak voor hom verskyn. Die oortreder kan ook doelgerigte pogings aanwend om die kind waar te neem terwyl hy of sy bad, urineer of verklee.

Dit kan ook die vorm van omgekeerde voyeurisme aanneem wanneer die kind gedwing word om die seksuele aktiwiteite van volwassenes te aanskou (Faller, 1990:40).

3.4.2 Seksuele misbruik met kontak (aktiewe molestering)

Hierdie kategorie sluit seksueel-verwante misbruik in wat enige kontak met intieme liggaamsdele van hetsy die oortreder of die kind meebring. Die oortreder se handelinge kan masturbasie, betasting, gesimuleerde omgang, seksuele penetrasie, sadisme/kastyding en seksuele eksploitasie insluit.

3.4.2.1 Masturbasie

Kinders word oorreed of gedwing om hulself of die oortreder te bevredig of om toe te kyk hoe die oortreder die kind of homself bevredig. Dit is meer spesifiek die betasting van die vaginale area, die penis of die borste ter bevrediging van die oortreder. Dit kan ook die boude en bobene insluit (SgROI, 1982:11).



3.4.2.2 Betasting

In die aanraking van die stimulerende areas word daar aan die omliggende areas ook geraak. Dit kan soms vir die kind aangenaam wees, maar is 'n aantasting van die kind se privaatheid en kan aanleiding gee tot skuldgevoelens en angstigheid. Dit sluit die aanraking van genitalieë, insluitend die vaginale area, die penis, boude en borste in (Doyle, 1994:28).

3.4.2.3 Gesimuleerde omgang

Penetrasie vind nie plaas nie, maar die oortreder kan byvoorbeeld sy geslagsorgaan teen die slagoffer s'n skuur. Dit word soms gebruik as die slagoffer nog jonk is en die vaginale opening te smal is. Die term wat hiervoor gebruik word is "frottage" (Olsson, 1984: 417). Gesimuleerde omgang kan vaginaal of anaal plaasvind.

3.4.2.4 Orale seks

Orale seks kan 'n verskeidenheid van handeling insluit. Dit strek vanaf 'n soen wat geseksualiseerd is tot 'n "French kiss", waar die oortreder sy tong in die kind se mond sit (Sgroi, 1982:11).

Met orale seks word normaalweg verwys na orale-genitale seks wat bestaan uit die lek, soen of byt van geslagsorgane. Onder orale-genitale seks kan die volgende soort kontak onderskei word (Sgroi, 1982:11 en Faller, 1990:11):



- Kunnilingus: Orale kontak met die vagina.
- Fellatio: Orale kontak met die penis.
- Anilingus: Orale kontak met die anus.

3.4.2.5 Seksuele penetrasie

Hier word vier maniere van penetrasie onderskei, soos uiteengesit deur Faller (1988:12-16) en Sgroi (1982:11 & 12):

- Digitale penetrasie:
Die oortreder gebruik sy vinger om die anus of vagina te penetreer.
- Penetrasie met voorwerpe:
Die oortreder plaas enige voorwerp of instrumente in die anus, vagina of mond.
- Vaginale penetrasie:
Die oortreder plaas sy penis in die kind se vagina.
Penetrasie kan algeheel of gedeeltelik plaasvind.
- Anale penetrasie:
Die oortreder plaas sy penis in die anus van 'n kind.

3.4.2.6 Sadisme/kastyding

Wanneer die oortreder seksuele stimulasie verkry deur die kind te slaan, te byt, te knyp en te krap of in ernstiger gevalle, die kind te skop of met 'n sweep te slaan (Olson, 1984:416).

3.4.2.7 Seksuele eksploitasie

Aktiewe molestering kom voor in twee vorme van seksuele eksploitasie: kinderprostitusie en kinderpornografie.



- In die geval van kinderprostitusie word kinders gebruik om vir die finansiële gewin van die ouer/voog as prostituut op te tree.
- In die geval van kinderpornografie word video's gemaak van kinders wat masturbeer of seksuele omgang met mekaar het. Foto's van 'n seksuele aard waarby kinders betrokke is, word ook as kinderpornografie geklassifiseer.

3.5 Simptome van die daad

Molestering het 'n invloed op die totale menswees van die kind. Die impak word weergegee deur middel van 'n wye reeks psigiese en fisiese response. Hierdie response kan saam met die fisiese simptome gebruik word as 'n indikatie van potensiële molestering. Finkelhor (1986:116) en Draper (1995:213) tref onderskeid tussen fisiese en psigiese simptome, terwyl Smith (1995:37) en Kinnear (1995:132) dit volgens ouderdom en van hoë na lae waarskynlikheid indeel.

Gerrilyn Smith gee in haar boek "The Protector's Handbook" (1995:10-13, 28-36) 'n uitstekende uiteensetting van simptome waarvoor daar uitgekyk kan word. Hierdie simptome dien as indikatore van molestering in die verskillende ouderdomsgroepe. Sy het dit gekodeer as rooi, wat dui op 'n hoë moontlikheid; groen wat op 'n gemiddelde moontlikheid dui en blou wat op 'n lae moontlikheid dui.

Marieta Oelofse (2000:32) het hierdie simptome in die vorm van 'n tabel uiteengesit, wat soos volg daar uitsien:



Indikatore van molestering volgens ouderdomsgroep

	ONDER 5 JAAR	5-12 JAAR	12 JAAR+
STERK INDIKATORE	• Openbaarmaking • Veneriese siektes • Besering van genitalieë • Bloed op onderklere • Slegte reuk aan geslagsorgane • Eksplisiete seksuele vertellings wat ontoepaslik is vir ouderdom (bv. van penetrasie & ejakulasie) • Kompulsiewe masturbasie • Seksuele tekeninge	• Openbaarmaking • Besering van genitalieë • Bloed op onderklere • Aantrek van lae klere • Seksuele stories/gedigte • Seksuele tekeninge • Kompulsiewe masturbasie • Promiskuïteit • Selfmoordpogings • Wegloop • Alkohol en drankmisbruik • Veneriese siektes	• Openbaarmaking deur die kind • Selfbesering van borste en genitalieë • Swangerskap onder 14 jaar • Veneriese siektes onder 14 jaar • Seer genitalieë • Prostitusie • Aantrek van lae klere
BEDUIDENDE INDIKATORE	• Vrees vir 'n spesifieke persoon • Ekstreme gedragsveranderinge • Slaapversteurings en nagmerries • Kroniese urienweg/vaginale infeksies • Seer genitalieë of boude • Situasionele vrese vir bv. bad, om te verkleed, om bed toe te gaan, om alleen gelaat te word • Klewende gedrag	• Seer genitalieë of vaginale infeksies • Obsessionele selfwas • Depressie • Histeriese simptome • Enurese * • Enkoprese * • Anorexia • Gomsnuif • Nagmerries • Stokkiesdraai • Besit van onverklaarbare groot somme geld en geskenke • Brandstigting	• Seksuele grootpraterij /stories/grappe • Veneriese siektes voor 14 jaar • Swangerskap voor 14 jaar • Opstandigheid teenoor mans • Substansiemisbruik • Selfmoordpogings • Selfbesering • Aanhoudende leuens • Stokkiesdraai • Wegloop • Histeriese simptome • Obsessionele selfwas • Psigotiese episodes



POTENSIEË – MAAR NIE NOODWENDIG BEDUI- DENDE –NDIKATORE	ontwikkeling, bv. nuwe probleme in toiletroetine • Aggressiewe en vyandige gedrag • Portuurgroepgerigte probleme • Psigosomatiese toestande	• Regressie in ontwikkeling • Rolverwarring • Wens vir 'n normale gesin • Portuurgroepgerigte probleme • Psigosomatiese toestande • Skoolprobleme	• Anorexia nervosa • Dros van skool • Portuurgroepgerigte probleme • Gesaasprobleme • Jeugoortredings • Psigosomatiese toestande
--	---	--	---

3.5.1 Fisiese simptome van molestering

Soos dit blyk uit die voorafgaande tabel, is daar 'n groot verskeidenheid fisiese simptome wat kan aandui dat 'n kind moontlik gemolesteer word. Fisieke tekens by 'n kind wat gemolesteer is, kan onder meer die volgende behels (Finkelhor, 1986:120 en Kinnear, 1995:132):

- Blou kolle, merke of skeure in die vel rondom die anus en vagina, asook 'n blou of geswolle penis wat gewoonlik nie ooreenstem met ongeluksbeserings nie.
- Pyn met urinering of stoelgang, tesame met herhaalde blaasinfeksies.
- Rektale of vaginale sere en jeukerigheid.
- Rooiheid of kneusing tussen die bene.
- Seksueel-oordraagbare siektes of swangerskappe.
- Semen in vagina, rektum of mond.

In die ondersoek moet daarteen gewaak word om die klem slegs te plaas op mediese bewyslewering. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die ondersoek van gedragsindikatore, asook die onderhoud met die kind, van kardinale belang is. So is daar in verskeie studies bevind dat kinders wel seksueel gemolesteer is sonder dat daar noodwendig enige fisieke aanduiding daarvoor teenwoordig was, veral omdat:



- verskeie tipes seksuele molestering nie fisieke letsels laat nie;
- beserings van die genitale area vinnig kan genees;
- vaginale penetrasie verskeie vorme kan aanneem, wat nie noodwendig letsels nalaat nie; en
- baie tyd kan verloop van die molestering tot wanneer die kind se fisieke toestand waargeneem kan word (Grabe, 2000:18).

3.5.2 Psigiese en gedragsindikatore van molestering

Die beste indikator dat molestering wel plaasgevind het, is deur openbaarmaking deur die kind self. Daar is egter 'n verskeidenheid van redes waarom kinders dit nie dikwels doen nie. Volgens Smith (1995:53) kan dit die volgende redes insluit:

- Vrees;
- vrees dat die oortreder sy dreigemente sal uitvoer en hulle leed sal berokken;
- die oortuiging dat dit hulle skuld is;
- die gevoel dat hulle vuil is;
- die vrees dat hulle nie geglo sal word nie en dat dit geen verskil sal maak indien hulle vertel nie;
- dat hulle die oortreder wil beskerm;
- dat daar niemand is vir wie hulle dit kan vertel nie en daar 'n onvermoë is om dit te verbaliseer;
- hulle te jonk is om te weet wat werklik gebeur het;
- die vrees dat hulle of hul broers/susters uit die ouers se sorg verwyder sal word;
- vrees oor wat van die gesin sal word indien pa byvoorbeeld tronkstraf sou kry;
- vrees vir polisiebetrokkenheid;



- daar niemand is wat hulle vertrou nie; en
- daar nog nie 'n geskikte geleentheid was om te vertel nie.

Wanneer daar gekyk word na die gedragsindikatore, moet die normale ontwikkeling en seksuele ontwikkeling van die kind in die betrokke stadium ook in ag geneem word. Enige veranderinge in die kind se gedrag of emosionele toestand moet ook in ag geneem word. 'n Groot verskeidenheid van gedragspatrone kan voorkom, wat sou kon aandui of die kind gemolesteer is al dan nie. Volgens Kinnear (1995:132), Finkelhor (1986:112, 199) en Hall & Lloyd (1993:89-90) is dit die volgende:

3.5.2.1 Ontoepaslike seksuele gedrag

- Kompulsiewe masturbasie kom voor by die kind.
- Openbaring van ontoepaslike seksuele gedrag teenoor volwassenes.
- Abnormale seksuele kennis, onder andere van seksuele bewegings, reuke en smake.
- Die kind is aggressief en wil seksuele aktiwiteite op jonger kinders forseer.
- Ongewone spel, seksuele temas in die kind se kuns en seksuele ondersoeke van diere of poppe.

3.5.2.2 Toiletroetine

- Enurese (broeknatmaak) is die algemeenste van alle simptome wat voorkom by voorskoolse kinders wat gemolesteer is.
- Regressiewe gedrag by kleuters, wat die heraanleer van 'n toiletroetine impliseer. Dit is 'n sterk indikator van molestering.



3.5.2.3 Vrese

- Vrees om alleen gelaat te word.
- Vrees om byvoorbeeld vir ouma en oupa te gaan kuier indien die molestering daar plaasgevind het.
- Vrees vir werklike of denkbeeldige persone of voorwerpe.
- 'n Abnormale vrees vir 'n spesifieke vertrek.
- Vrese kan aanleiding gee tot regressiewe gedrag, byvoorbeeld duimsuig, skeidingsangs en babataal. Hierdie is 'n oorlewingsmeganisme waarmee die kind 'terugtrek' na waar hy veilig voel.
- Nagmerries en nagvrese is deel van die normale ontwikkeling, maar kom in 'n groot mate by gemolesteerde kinders voor.
- Die kind openbaar "klewende" gedrag en sal 'n ouer nie buite sig laat gaan nie.

3.5.2.4 Ander indikatore

- Aggressiewe gedrag kom dikwels voor, aangesien dit die wyse is waarop die kind uiting kan gee aan die pyn wat hy/sy ervaar.
- Algehele wantroue in volwassenes.
- Die dra van verskeie lae klere bo-oor mekaar (om die liggaam te beskerm).
- Die weersin in klere van 'n sekere styl of stof.
- Onwilligheid om klere uit te trek vir byvoorbeeld swem of gimnastiek.
- Slaap met die lig aan en met die kamerdeur spesifiek oop of spesifiek toe – en op die rantjie van die bed.



- Die kind maak seker dat alle kinders in die huis veilig is tydens slaaptyd.
- Die toemaak van alle binnedeure in die huis voordat die voordeur oopgemaak word (sodat niemand kan sien wat binne-in die huis aangaan nie).
- Die kind word weggehou van ander volwassenes en verhoed om verhoudings met hulle op te bou.
- Die kind word geïsoleer van sy/haar eie portuurgroep.
- Die kind is baie afwesig by die skool, met verskoning van 'n ouer (gewoonlik die oortreder).
- Afname in skoolprestasie, met 'n onvermoë om te konsentreer by die skool.
- Die kind kan nie bad of stort terwyl iemand anders (gesinslede of buitestaanders) in die huis is nie.
- Die kind oorleef deur die herhaalde gebruik van dissosiasie.

3.6 Deur wie word die daad gepleeg?

Wanneer molestering van naderby ondersoek word, moet daar ook aandag gegee word aan die oortreder wat die daad pleeg. Kennis van wie die persoon is, of hy/sy 'n spesifieke tipe persoonlikheid het of hy/sy seksuele afwykings het al dan nie, wat die ouderdom van die molesteerder is, wat die motivering vir die molestering is – alles is faktore wat in ag geneem moet word wanneer die ondersoek na molestering gedoen word.

3.6.1 Persoonlikheidseienskappe van die molesteerder

Uiteraard verskil spesifieke persoonlikheidseienskappe van persoon tot persoon, maar daar bestaan tog kombinasies van eienskappe wat in die meeste gevalle by molesteerders voorkom. Navorsing toon dat 90% of meer



van alle molesteerders, mans blyk te wees (Finkelhor, 1986:126). Verder word aangetoon dat hierdie seksuele oortreding 'n hoogs kompulsiewe en herhalende gedragspatroon is. Molesteerders ontken gewoonlik dat hulle gemolesteer het: *"Frequently, the alleged child molesters distort information, falsely deny that the alleged offence occurred, and report difficulty in recalling events surrounding the offence"* (Salter, 1995:6). Draper (1995:221) beaam hierdie stelling: *"Sex offenders seldom are truthful about their behaviour. They will minimize, deny, and lie about what happened. If they say the abuse happened once or twice, you can be sure it happened many times"*.

Die volgende kenmerke blyk ook redelik algemeen van toepassing te wees (Pretorius, 2002:34 & 35, Draper, 1995:221-223 en Hesselink-Louw & Olivier, 2001:16 & 17):

- 'n Gebrek aan empatie met hul slagoffers.
- Antisosiale gedrag.
- Lae selfbeeld, min selfvertroue en 'n swak vermoë om kontak te maak en intimiteit met 'n volwasse persoon van sy of haar eie ouderdom te ontwikkel.
- Emosionele onvolwassenheid – hulle het min kontak met hul eie gevoelens en het swak beheer daaroor.
- Swak insig in die behoeftes en ontwikkeling van 'n kind.
- Misbruik van alkohol of dwelms.
- Behepthed met (kinder)pornografie – veral dié wat fantasieë uitleef en wat nie grense respekteer nie.
- Swak ontwikkelde morele waardes.
- Impulsiwiteit.
- Onvermoë om druk of spanning te hanteer.
- 'n Gebrek aan empatie of 'n onvermoë om die kind se ware gevoelens te verstaan.



- 'n Gebrek aan insig in die kind se emosionele of fisiese pyn – die molesteerder probeer homself oortuig dat die kind maar net voorgee dat hy/sy onwillig is om die speletjie te speel.

Molesteerders kom uit alle vorme van die samelewing en is dikwels “*well-educated, highly respected members of their communities*” (Salter, 1995:34). Seksuele molestering is nie beperk tot sekere gemeenskappe nie - in elke land waar daar studies van die bevolking gemaak is, is bevind dat seksuele molestering van kinders wydverspreid is (Berliner, 2003:14). Dit is bykans onmoontlik om 'n molesteer in 'n bepaalde kategorie van beroep, herkoms, ens. te plaas, soos wat blyk uit die volgende uittreksel deur 'n molesteerder:

“I want to describe a child molester I know very well. This man was raised by devout Christian parents. As a child he rarely missed church. Even after he became an adult he was faithful as a church member. He was a straight-A student in high school and college. He has been married and has a child of his own. He coached little league baseball. He was a Choir Director at his church. He never used any illegal drugs. He never had a drink of alcohol. He was considered a clean-cut all-American boy. Everyone seemed to like him. He was a volunteer in numerous community civic functions. He had a well-paying career job. He was considered ‘well-to-do’ in society. But from the age of thirteen-years old he sexually molested little boys. He never victimized a stranger. All of his victims were friends. He is now serving a five-years term in prison for sexual abuse. I know this child molester very well because he is me!!!” (Child molester of up to 100 children) (Salter, 1995:30).

3.6.2 Ouderdom van die molesteerder

Seksuele molestering word duidelik gedefinieer as 'n daad wat deur 'n volwassene op 'n kind uitgevoer word. 'n Volwassene word gewoonlik



gereken as iemand wat 18 jaar of ouer is. Volgens Hall & Lloyd (1994:4) is die meeste oortreders minstens tien jaar ouer as die betrokke kind. Seksueel afwykende gedrag begin dikwels reeds in puberteit. 42% van Abel *et al.* (1985 – soos aangehaal in Salter, 1995:25) se 411 proefpersone het afwykende gedrag begin toon vroeër as 15-jarige ouderdom en die meerderheid (57%) teen die ouderdom van 19. Daar word beraam dat ongeveer 71% van kindermolesteerders onder 35 jaar oud is en dat hulle die slagoffer ten minste oppervlakkig geken het (Burgess & Groth, 1984 – soos aangehaal in Salter, 1995:48). Berliner (2003:12) is van mening dat die molesteerder wat op 'n jonger ouderdom begin molesteer, moontlik 'n groter gevaar vir die gemeenskap kan inhou.

3.6.3 Identiteit van die molesteerder

Statistieke dui daarop dat die kind in die meeste van die gevalle die oortreder ken. Volgens MacFarlane & Waterman (1986:8) word 75% tot 85% van die dade gepleeg deur gesins- en familieleden, stieffamilie, vriende van die gesin of bure. Hulle het ook bevind dat slegs 6,7% van die oortreders vreemdelinge was. Berliner (2003:12) ondersteun hierdie bewering: *“Most sexually abused children are victimized by someone they are related to or someone they know.”*

3.6.4 Faktore wat aanleiding gee tot molestering

Volgens die webwerf *A Child's Eyes: The Baby Rapes of South Africa* (2004) is daar verskeie faktore wat moontlik aanleiding gee tot molestering in die Suid-Afrikaanse gemeenskap:



3.6.4.1 Vigs-mite

Een van die hoofredes waarom kinderverkragtings in Suid-Afrika voorkom, is die geloof dat seks met 'n maagd Vigs sal genees of voorkom. Uit 'n studie wat onder meer as 'n halfmiljoen leerlinge tussen tien en 19 jaar in ongeveer 5 100 skole landwyd gedoen is, het geblyk dat nie minder nie as 12% van die respondente geglo het dat seks met 'n maagd MIV/vigs kan genees (Rademeyer, 2004:4). Terwyl die verkragter dan vry rondloop, word daar in 'n groot aantal gevalle 'n doodsvonnis aan die betrokke kind gegee. Anthony C. LoBaido (2001:1) het in 'n artikel geskryf oor die epidemie van kinderverkragtings in Suid-Afrika:

“A bizarre belief among many African black men that sex with a virgin – even a child or a baby – can cure HIV/AIDS is fuelling what is already one of the highest child sexual exploitation rates in the world.”

3.6.4.2 Alkohol en dwelms

Verskeie agentskappe het data by tien polisiestasies in Kaapstad, Durban en Johannesburg versamel, gedurende drie aparte tydperke. Toe die drie studies gekombineer is, is bevind dat ongeveer 45% van oortreders wat gearresteer is vir verkragting, positief getoets het vir dwelms.

3.6.4.3 Armoede

Baie families woon ver van die werk af en ouers of voogde neem soms tot twee ure om by die werk te kom. As gevolg hiervan word kinders dikwels alleen by die huis gelaat vir lang



tye. Aangesien daar dikwels nie dagsorg in hierdie areas is nie, is die kinders dan 'n teiken vir molesteerders.

As gevolg van armoede woon families saam in een-vertrekhuises. Kinders slaap dikwels in dieselfde kamer as volwassenes en sien dan wat tussen volwassenes gebeur. Die gevolg hiervan is dat ouer kinders jongeres verkrag – hulle mimiek wat hulle die volwassenes sien doen het.

3.6.4.4 Pornografie

Die beskikbaarheid van pornografie op internet, in tydskrifte, sekswinkels, en so meer, is ook 'n bydraende faktor. Namate meer en meer kinderpornografie op die internet beskikbaar word, word die standpunt versterk dat kinders waardeloos is en vryelik gemolesteer kan word.

3.6.4.5 Mans se siening van vrouens

Professor Neil Anderson van die organisasie *Community Information Empowerment and Transparency* het 'n studie gedoen oor seksuele geweld in Johannesburg. Uit die studie blyk dit dat agt uit elke tien seuns met wie daar 'n onderhoud gevoer is, gesê het dat vrouens wat verkrag is “daarvoor gevra het”. Twee uit elke tien het gesê dat hulle dink vrouens geniet dit om verkrag te word. 12% van alle skoolgaande dogters wat in dieselfde studie genader is, glo dat hulle nie die reg het om seksuele mishandeling te vermy nie. Luidens 'n studie gedoen deur die nieregeringsorganisasie *Cietafrica*, het “11% van die seuns en 14% van die meisies gesê dat hulle al iemand gedwing het om seks te hê. Die meeste van die jonges (sowat



65,8%) het erken dat hulle self vroeër gedwing is om seks te hê" (Rademeyer, 2004:4). LoBaido (2001:2) haal vir Debbie Coetzee, 'n speurder in die Suid-Afrikaanse polisie soos volg aan:

"Well, we are way beyond that point and well on our way towards barbarism. Abortion, pornography, filthy TV shows and movies, lack of respect for women and children, coddling criminals and rapists, these have all contributed to this crisis."

3.6.4.6 Morele verval

In die Afrika-kultuur word kinders geleer om volwassenes te respekteer. Wanneer 'n volwassene wat hulle as 'n outoritêre figuur beskou hulle nader, sal hulle dus baie huiwerig wees om seks van die hand te wys, aangesien dit as disrespekvol beskou sou kon word.

3.7 Impak van seksuele molestering

Seksuele molestering het kort- en langtermyngevolge vir die slagoffer en dit moet in berekening gebring word wanneer daar aandag gegee word aan hierdie probleem. Smith (1995:77-97), Meyer & Kotze (1992:165-190) en Finkelhor (1986:144-164) is van mening dat die mees algemene nagevolge van seksuele molestering in die korttermyn die volgende is: skuldgevoelens, woede, aggressie, hartseer, rou, depressie en ambivalensie is. Daar word vervolgens aan hierdie aspekte aandag gegee.



3.7.1 Korttermynnagevolge

3.7.1.1 Skuldgevoelens

Skuldgevoelens is sekerlik een van die moeilikste nagevolge van molestering wat hanteer moet word. Skuldgevoelens ontstaan weens die volgende redes:

- stilbly oor die molestering: die slagoffer voel dit is iets slegs wat met haar gebeur en ander mag nie daarvan weet nie, aangesien hulle sal dink sy is sleg;
- die oortuiging by die slagoffer dat sy iets verkeerd gedoen het en dit verdien om gemolesteer te word (dikwels sê die molesteerder ook dat sy daarvoor gesoek het) (Draper, 1996:55);
- hulpeloosheid om die molestering te stop en die gevoel by die gemolesteerde dat sy toegelaat het dat dit gebeur; en
- die ervaring van seksuele opwekking deur die gemolesteerde: indien die kind enigsins opwekking of genot ervaar het, sal dit die skuldgevoelens verhoog (Hall & Lloyd, 1993:68 en Draper, 1996:58).

3.7.1.2 Woede en aggressie

Weens die gevoel van hulpeloosheid wat die slagoffer ervaar, word gevoelens van woede en aggressie – soms ook haat – onderdruk. Woede word enersyds geïnternaliseer, maar andersyds dikwels uitgedruk as:

- “*acting out*”-gedrag;
- woede-uitbarstings (*tantrums*) (Draper, 1996:53);
- aggressie teenoor enige persoon in ’n outoritêre posisie; of



- selfbeseerende gedrag, bv. selfmutilasie, anorexia, alkohol- en dwelmafhanklikheid (Smith, 1995:77).

3.7.1.3 Hartseer en rou

'n Kind wat gemolesteer word lei 'n geweldige verlies. Hierdie verliese sluit dikwels die verlies van 'n huis, gesin, troeteldier of vriende in. Die kind ervaar dikwels gevoelens van intense hartseer, maar kan dit nie verklaar nie. Die kind kan moontlik ook aan depressie lei, wat die volgende simptome insluit:

- versteurde slaappatrone (Hall & Lloyd, 1993:69);
- merkbare verandering in gewig (onder- of oorgewig);
- kroniese moegheid;
- konsentrasieprobleme;
- geen of min belangstelling in of genieting van aktiwiteite waarin daar wel vantevore belangstelling of genot was;
- depressiewe gemoedstoestande: die kind sal byvoorbeeld aanmekeer hui of baie geïrriteerd wees; en/of
- herhaalde selfmoordpogings (Meyer & Kotze, 1992:180).

3.7.1.4 Ambivalensie

Volgens Hall & Lloyd (1993:7) is ambivalensie 'n emosionele gevolg van seksuele molestering, aangesien die oortreder dikwels die enigste persoon is wat liefde of aandag aan die kind gegee het. Die kind is gevolglik verskeur tussen die gevoel van liefde en 'n gevoel van haat. Hierdie ambivalente gevoelens is dikwels vir die kind 'n emosionele krisis.



3.7.1.5 Selfbeeld

Molestering gee aanleiding tot 'n swak selfbeeld.

Gemolesteerde kinders het dikwels 'n gevoel van "beskadigde goedere". Hierdie gevoel van beskadiging word nie noodwendig gebaseer op fisiese skade nie, maar is meer 'n emosionele respons op die trauma wat plaasgevind het (Draper, 1996:68).

Kinders wat seksueel gemolesteer is, voel – en is – op baie terreine anders as hul tydgenote. Een van die redes hiervoor is dat hul normale ontwikkeling ernstig versteur is en kenmerkende gedrag wat op elke stadium van ontwikkeling verwag word, word geaffekteer (Smith, 1995:74). Dit veroorsaak probleme in interaksies met ander kinders van hul ouderdom en affekteer gevolglik die gemolesteerde kind se verhoudings in die algemeen.

3.7.1.6 Liggaamsbeeld

Ooreet, anorexia nervosa en bulimie word dikwels verbind met seksuele molestering in die sin dat al hierdie versteurings op die een of ander manier funksioneer om die persoon se seksualiteit weg te steek. Dit dien as beskerming teen moontlike hermolestering:

- ooreet maak jou vet en onaantreklik;
- anorexia laat jou lyk soos 'n kind in die voor-puberteitsfase; en
- bulimie dui op selfwalging, wat dikwels ervaar word deur mense wat seksueel gemolesteer is. Dit het uiteindelik ook



'n aftakelende effek op die liggaam, sowel as die uiterlike voorkoms.

Al dié eetversteurings het onbewustelik ten doel om die betrokke onaan treklik te laat lyk en te laat voel – en is 'n onderdrukking van seksualiteit wat dikwels vreesaanjaend is vir diegene wat gemolesteer is (Smith, 1995:28).

3.7.1.7 Selfhandhawing en grense

Seksuele molestering is 'n magsversteuring. Die oortreder het geweldige mag oor die kind en dit laat die kind magteloos. Die essensiële kenmerk van behandeling van seksuele molestering is gevolglik die ontmagting van die oortreder en die bemagtiging van die kind.

Die meeste seksueel gemolesteerde kinders het geen grense nie en respekteer nie ander se privaatheid nie. Hulle betree maklik ander se persoonlike ruimte, gaan deur ander se persoonlike besittings, stap by toe deure in sonder om te klop en lees ander se pos. Hierdie gedrag is onbewustelik en skyn te wees as gevolg van die inbreuk op die grense van die liggaam. Grense moet heringestel word, sodat die kind leer sy het die reg op privaatheid en moet ook ander se privaatheid respekteer (Sgroi, 1982:34).

3.7.1.8 Seksualiteit

'n Gemolesteerde kind se normale seksuele ontwikkeling word versteur. Die kind openbaar taal en gedrag wat onvanpas is vir 'n kind van daardie bepaalde ouderdom. Die kind ontwikkel



dikwels die idee dat die liggaam 'n instrument is wat gebruik moet word om liefde en aandag te kry (Draper, 1996:69).

3.7.1.9 Gevoelens

Die gemolesteerde kind steek emosioneel vas en kan nie normaal ontwikkel nie. Hulle is dikwels passiewe kinders wat gedurig vrede probeer handhaaf en verskonend is, maar terselfdertyd baie veeleisend is – hulle draai byvoorbeeld gedurig om volwassenes. Hierdie kinders word dikwels geboelie en geviktimiseer deur ander. Hierdie slagoffergedrag is aangeleerde gedrag om te kan oorleef tydens die molestering. Hoe meer emosioneel verarm hierdie kinders is, hoe meer is daar vir hulle om te verloor deur 'n woede-uitbarsting, dus vermy hulle konflik.

3.7.2 Langtermyn nagevolge

Volgens Hall & Lloyd (1993:67) en Draper (1996:125) sluit langtermynnagevolge die volgende in:

- depressie en chroniese angstigheid;
- lae selfbeeld en gebrekkige sosiale vaardighede;
- negatiewe reaksies tot mediese prosedures;
- psigosomatiese klagtes;
- slaapversteurings;
- eetversteurings;
- onvermoë om te vertrou;
- swak roidentifisering en rolverwarring;
- gebrekkige selfbeheersing en aggressie;



- seksuele probleme soos promiskuititeit, impotensie, aversie, pedofilie, lesbianisme en homoseksualiteit; en/of
- substansmisbruik.
- Dissosiasie en psigoses

3.8 Traumagenererende faktore

Voordat daar aandag gegee word aan die traumadinamika van molestering, is dit belangrik om te kyk na wat trauma is en waarom dit soveel skade veroorsaak. Volgens Berliner (2003:13) sal tot die helfte van seksueel gemolesteerde kinders posttraumatische stresversteuring (PTSV) ontwikkel. Siegel (1999:24) noem dat vroeë blootstelling aan traumatiese gebeure in die kind se lewe 'n effek sal hê op die ontwikkeling van die kind se brein en dat dit ook sy/haar toekomstige gedrag sal beïnvloed. Dit is daarom uiters belangrik om te kyk na wat trauma en PTSV is.

Verskillende definisies rondom trauma kan in die literatuur gevind word. Die woord “trauma” is afgelei van die Griekse term *trauma* wat beteken “wond” (Retief, 2004:13). Frederickson (1992:22) beskryf trauma soos volg:

“Trauma is any shock, wound, or bodily injury that may be either remembered or repressed, depending on your needs, your age, and the nature of the trauma. Some of your childhood traumas may be remembered with incredible clarity, while others are so frightening or incomprehensible that your conscious mind buries the memory in your unconscious.”

Robert Hicks (soos aangehaal deur Coetzer, 2003:12) stel dit as volg:

“ ’n Emosionele staat van ongemak en stres wat voortspruit uit herinneringe aan ’n buitengewone, katastrofiese ervaring. Moontlike vroeë gedagtes by hierdie individu dat hy/sy pyn en leed sal vryspring is deur hierdie ervaring verpletter.”



Die breë definisie van die Instituut van Traumatologie (Retief, 2004:17-18) is in die praktyk meer in die kol. Dit lui as volg:

“ ’n Persoon het ’n trauma beleef indien hy/sy blootgestel was aan gebeure wat te make het óf met sy/haar lewensomstandighede, óf met sy/haar lewensfase (byvoorbeeld die oorgaan van een lewensfase na ’n ander of omstandighede as gevolg van ’n nuwe lewensfase wat die persoon onhanterbaar vind) en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringsmeganismes lamgelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word:

- daar is ’n element van gelatenheid;
- daar is ’n diep, amper onomkeerbare verandering in ’n basiese lewensiening of oortuiging; en/of
- daar is ’n ernstige oorbelading van die mens se normale hanteringsmeganismes.”

3.8.1 Die verskillende fases van ’n traumatiese ervaring

Dit is belangrik om kennis te neem van die verskillende fases van ’n traumatiese ervaring, sodat hulp effektief verleen kan word. Die fases is as volg (Coetzer, 2003:15 en Retief, 2004:31):

- **Pre-impak fase**

Wanneer iemand ’n krisis verwag, kan hulle hulself daarop voorberei. Tog lê die probleem rondom trauma juis in die onverwagsheid daarvan.

- **Impakfase**

Wat beleef die persoon tydens die krisis?

- Psigiese verlamming. Jy kan nie glo wat jy sien of hoor nie en dit is asof jy die situasie vanaf ’n afstand waarneem.



- Angsvlakke kan styg. Biologies word jy koud; jou gesig word wit soos die bloed na jou spiere beweeg.
- Hulpeloosheid.
- Disoriëntasie. Dit wil voorkom asof die waargenome situasie teen 'n baie stadiger spoed plaasvind. Die vermoë van die brein om ervarings en waarnemings logies te kategoriseer word beïnvloed (Retief, 2004:31).
- Min emosionele betrokkenheid. Jy voel verlam deur die gebeure – *numbness* beskryf dié situasie goed.

- **Terugslagreaksie**

Die persoon wat die krisis oorleef het, beweeg uit die skoktoestand. 'n Verskeidenheid reaksies kom voor, byvoorbeeld:

- Snikke/giggelbuie.
- Irritasie.
- Woede/vyandigheid.
- Passiwiteit (aanvaar opdragte van feitlik enigiemand) (Coetzer, 2003:16).

Alhoewel heelparty mense geleidelik na normaliteit terugkeer sonder om intens deur die tipiese PTSV simptome geraak te wees, is daar wel talle persone wat worstel met hierdie simptome. Mense (ook kinders) se reaksies word normaalweg deur die volgende faktore beïnvloed:

- Die persoon se vorige ervarings van trauma.
- Hoe intens die ervaring was.
- Hoe lank dit geduur het.
- Wie almal betrokke was.
- Of daar mense dood is.
- Watter fisiese, emosionele en materiële skade deur hom of ander ná aan hom gely is.



- Tot watter mate hy aan (moontlik misplaaste of soms gegronde) skuldgevoelens ly.
- Hoe die samelewing op sy ervarings reageer (Retief, 2004:39).

- **Posttraumatiese fase (post-impakfase)**

Hoe langer die simptome duur, hoe moeiliker word die genesingsproses (Coetzer, 2003:16). Dit is belangrik om dadelik te reageer om die slagoffer by te staan. Indien die getraumatiseerde persoon nie deur al die fases gewerk het nie, sal die pyn op ander maniere na vore tree.

- **Herstelfase**

Rasionaliteit begin terugkeer in hierdie fase – die persoon word weer sy ou self. Die ooraktiewe reaksies en intense betrokkenheid by die traumatiese insident vervaag. Die streshormoonvlakke, liggaams- en breinfunksies keer ook terug na normaal. Die ervaring vervaag en word deel van sy lewensverhaal: een van die baie dinge wat in sy lewe al met hom gebeur het (Retief, 2004:40).

Herman (1997:155) beskryf die herstelfase soos volg:

“Recovery unfolds in three stages: The central task of the first stage is the establishment of safety. The central task of the second stage is remembrance and mourning. The central task of the third stage is reconnection with ordinary life.”

Hierdie informasie is 'n refrein van die nuutste navorsing in die hantering van trauma: 'n kind moet onthou en deur die trauma werk sodat hy/sy gesond kan word. Herman (1997:176) noem dit *“the restorative power of truth-telling”*. Hierdie opmerking sluit ook aan by die Bybelse waarheid van Johannes 8:32: *“en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”*



Navorsing deur Brown en Finkelhor (1986:180) beskryf die traumadinamika wat in die langtermyn by die seksueel misbruikte kind voorkom, aan die hand van vier emosionele ervarings:

- Traumatiese seksualisering
 - Verraad
 - Hulpeloosheid
 - Stigmatisering
- **Traumatiese seksualisering**

Dit ontstaan vanweë die ontoepaslike seksuele gedrag waarmee die kind gekonfronteer word en waarvoor hy dan dikwels 'n beloning ontvang. Hierdie proses vind verder plaas deur die uitruil van affeksie, aandag en voorregte. Hierdie kind leer gevolglik om seksuele gedrag te gebruik om te manipuleer ten einde ander noodsaaklike behoeftes te bevredig (Finkelhor, 1986:181). Volgens Burgess (1992:63) bevorder hierdie traumatiese seksualisering dan ook 'n verwronge beeld van die seksuele. Dit word veral vasgelê wanneer skrikwekkende gebeurtenisse in die kind se geheue geassosieer word met seksuele aktiwiteite. Die gevolg van kinders wat op hierdie wyse seksueel getraumatiseer is, is onaanvaarbare seksuele gedrag, verwarring rondom seksuele selfkonsep en buitengewone emosionele assosiasies met betrekking tot seksuele aktiwiteite (Finkelhor, 1986:182).

• **Verraad**

Die dinamika van verraad is waar 'n kind ontdek dat iemand op wie hy/sy staatmaak vir beskerming, hom/haar skade berokken het (Burgess, 1992:63). Die kind verloor dan vertroue in die persoon wat in 'n versorgingsposisie teenoor hom gestaan het en sy teleurstelling ontaard



dikwels in gevoelens van depressie, wantroue en vyandigheid. Kinders kan ook verraai voel deur die familieleden wat nie noodwendig by die misbruik betrokke was nie maar nogtans onwillig of nie in staat was om hom/haar te beskerm nie (Finkelhor, 1986:182). Die graad van verraad is ook gekoppel aan die familie se respons tot openbaarmaking van die molestering. Kinders wat nie geglo word nie of selfs geblameer word, ervaar definitief 'n groter sin van verraad as dié wat ondersteuning ontvang het.

- **Hulpeloosheid**

Vanweë die weerloosheid van die kind teenoor die herhaaldelike indringing van sy liggaamlike privaatheid, asook sy onvermoë om die gebeure te keer, beleef hy algehele gevoelens van hulpeloosheid. Die kind se wil en wense word voortdurend verontagsaam. Die herhaaldelike binnedringing van die kind se liggaamsruimte gee aanleiding tot angs, verlaagde selfbeeld, eet- en slaapversteurings, asook nagmerries (Burgess, 1992:63). 'n Situasie waar die kind vertel en hy word nie geglo nie, sal aanleiding gee tot 'n groter gevoel van hulpeloosheid. Daarteenoor sal die kind wat geglo word, gevoelens van bemagtiging ervaar (Finkelhor, 1986:183).

- **Stigmatisering**

Die negatiewe konnotasies wat aan die kind gekommunikeer word met betrekking tot ervarings soos skuldgevoelens, skaamte en slegtheid, word ten nouste deur die kind gekoppel aan die eie selfbeeld. Kinders word verwar deur die gedrag van die oortreder asook deur hul eie respons. Sommige kinders word ná seksuele molestering herhaaldelik verseker dat dit nie hulle skuld is nie, terwyl ander weer beskuldig word dat hulle die molesteerder verlei het (Burgess, 1992:63). Dikwels blameer die



oortreder ook die kind en probeer die moontlike onthulling verhoed deur te dreig dat die kind uit die gesin verwyder sal word of dat die ander lede van die gesin vir die kind kwaad sal wees as hy/sy vertel.

'n Opsomming van die psigologiese impak van die traumagenererende faktore word in Finkelhor (1986:186-187) soos volg uiteengesit:

1. Traumatiese seksualisering	Lei tot verwarring rondom seksuele identiteit en norme, verwarring van seks met liefde, negatiewe assosiasies rondom die seksuele.
2. Verraad	Depressie, hartseer, verhoogde afhanklikheid, onvermoë om die betroubaarheid van ander te beoordeel, wantroue (veral teenoor mans indien 'n man die oortreder was), woede en vyandigheid.
3. Hulpeloosheid	Angs, vrees, persepsie van self as slagoffer, behoefte aan beheer, identifikasie met aggressor.
4. Stigmatisering	Skaamte, skuldgevoelens, swak selfbeeld, sin van "anders" wees.

3.8.2 Posttraumatiese stresversteuring

In die voorafgaande gedeelte is daar aandag gegee aan die verskillende fases waardeur persone oor die algemeen gaan na 'n traumatiese ervaring. Daar is in hierdie verband dan ook reeds kortliks verwys na die fase van posttraumatiese stres. Aangesien dit in baie gevalle egter juis die fase is



waar meeste persone bly vassteek, is dit vervolgens belangrik om meer in detail hieraan aandag te gee.

3.8.2.1 Wat is posttraumatiese stres?

Volgens Coetzer (2003:23) is die definisie van PTSV die volgende:

“PTSV is die gevolg van die oorweldigende blootstelling aan ’n stresvolle insident of ’n reeks van gebeure, soos bv. oorlog, verkragting of molestering. Dit is die normale reaksie van normale mense op ’n abnormale situasie.”

Ons het aparte woorde vir die brein, emosies en liggaam. Alhoewel hulle apart is, is hulle tog één – en saam vorm hulle die mens. Wanneer trauma toeslaan, affekteer dit die hele menswees – dit het ’n impak op die emosies, die denke en die liggaam. Toenemende bewyse dui daarop dat baie van die fisiese simptome die gevolg is van emosionele probleme (soos bv. onverwerkte trauma of verlies) (Van der Kolk, 1998b – soos aangehaal deur Matsakis, 1996:2). Dr. David Muss (soos aangehaal deur Retief, 2004:39) sê:

“PTSD (Posttraumatic Stress Disorder – L.G.) sets in when a process of healing, adjustment and acceptance fails to happen. Time is a healer for some, but not for all.”

Studies wat in die VSA gedoen is (Green 1994 en Figley 1995 – soos aangehaal deur Matsakis, 1996:13), toon aan dat PTSV by gemiddeld 25% van persone ontwikkel wat blootgestel was aan ’n traumatiese stressor:

- By 2% van persone blootgestel aan ’n ongeluk van enige soort.



- By 25-33% van persone wat aan 'n gemeenskapsongeluk blootgestel is.
- By 25% van persone wat iemand aan die dood afgestaan het.
- By 65% van persone wat nie-seksuele aanranding beleef het.
- By 84% van fisiese mishandelde vroue in plekke van veiligheid.
- By 35-92% van persone wat verkrag is.

Daar is redelike sterk aanduidings dat die impak van posttraumatiese stres meer te doen het met die intensiteit en tydperk van die stresvolle insident as met enige vorige persoonlikheidspatroon (Matsakis, 1996:15).

By die persoon wat aan PTSV ly, word herinneringe onderdruk in 'n poging om "normaliteit" te verkry. Die persoon poog om enige herinnering aan die insident te vermy; maar die herinnering bly weer, amper asof dit 'n wil van sy eie het, sy bewussyn indring. Hy bly bedag op die moontlike herhaling van die gebeurtenis en dit veroorsaak 'n voortdurende afskeiding van streshormone in die liggaam (Retief, 2004:42). Hierdie tema, naamlik "herbelewenis" van die oorspronklike trauma in die bewussyn asook in die onderbewussyn, is 'n baie pertinente komponent van die posttraumatiese fase (Hartman & Burgess, soos aangehaal in Burgess, 1992:65). Wieland (1998:30) bevestig ook hierdie stelling deur te sê dat traumatiese herinneringe wat nie deurgewerk is nie, aanleiding gee tot ontwigte funksionering as gevolg van die aanwesigheid van gedagtes wat indring, nagmerries, angsaanvalle en herhaaldelike terugflitse. Daar is 'n verskeidenheid van snellers



wat terugflitse kan oproep en vervolgens word enkele van die belangrikstes genoem:

- Die visuele
- Klank
- Reuk
- Smaak
- Die fisieke (liggaamlike)
- Belangrike datums en seisoene
- Stresvolle gebeure
- Sterk emosies
- Gedagtes
- Gedrag
- Drome

Nog 'n nagevolg van PTSV is emosionele afstomping.

Slagoffers verloor die vermoë om te lag, te huil en liefde te betoon (Coetzer, 2003:25). Lisa, 'n bloedskandeslagoffer sê:

"You know you have PTSD when it's a gorgeous day outside and you feel nothing but anger and more anger, pain and despair. You know there are tears behind the anger, but you just can't get down to them. Like there's this rock in your heart weighing you down, killing you, but you can't move it. It takes everything you've got to act civilized and not 'go off' on people. So you hide a lot, pretend a lot. Even if you use drugs or alcohol or food to cool out, you still hide a lot, and you still hurt."

Die tipiese simptome van PTSV moet vir ten minste 'n maand voortduur voordat dit as sodanig gediagnoseer kan word. Na drie maande word dit as akuut beskryf (Coetzer, 2003:25).



Berliner (2003:13) voer aan dat tot die helfte van seksueel misbruike kinders PTSV sal ontwikkel. Daar bestaan ook uitgebreide literatuur en gevallestudies wat daarop dui dat die kind wat seksueel misbruik is uiteindelik veelvuldige emosionele, persoonlikheids- en gedragsprobleme kan ervaar. Hierdie probleme hou gewoonlik dan ook verband met posttraumatiese stres (Verduyn en Calam, 1999:198). Dit is dus uiters belangrik dat die slagoffer so gou moontlik hulp moet kry om te verhoed dat daar in die langtermyn probleme opduik.

Een van die metodes om hulp te verleen, is deur middel van **spelterapie**. Die unieke eienskappe van 'n kind gee 'n spesiale karakter aan terapie. Greenspan (soos aangehaal in Schoeman, 1996:6) beklemtoon die feit dat terapeute wat die spesiale taal van kinders verstaan, in staat is om gekompliseerde kinders te hanteer en "ongekompliseerd" te laat saamwerk. Volgens Porter (1983:114-120) is daar drie hoof faktore wat die verskil beklemtoon tussen 'n kind en 'n volwassene as kliënt:

- die groot verskil in ouderdom;
- die manier waarop die kind die rol van kliënt vervul; en
- die kind se unieke ervaring van die terapeutiese verhouding.

Kinders se styl van kommunikasie verskil ook van dié van volwassenes. Nieverbale kommunikasie is veral baie prominent by die kind en kom na vore deur spel. Speel is vir 'n kind wat verbalisasie vir 'n volwassene is: die mees natuurlike medium vir die uitdrukking van die self (Schaefer, 1993:6). Dit is daarom baie belangrik dat daar met die kind op sy vlak gewerk word.



3.9 Spelterapie

3.9.1 Wat is spelterapie?

Wat is dit? Waar kom dit vandaan? Hoe word dit gebruik? Waarom is dit 'n belangrike hulpmiddel wanneer daar met kinders gewerk word? Hierdie vrae is seker van die vrae wat die algemeenste voorkom. Daar gaan vervolgens gepoog word om antwoorde hierop te bied.

Daar is meer as 4 000 tale wat gebruik word om te kommunikeer in die wêreld en alhoewel speel nie as een van hulle gelys is nie, behoort dit eintlik die geval te wees (Comrie – soos aangehaal in Landreth, 2001:3). Spel is 'n uiters belangrike medium waardeur kinders in die algemeen uitdrukking gee aan innerlike gevoelens. Die Bybel erken ook die belangrikheid van speel as 'n aktiwiteit van kinders in Sagaria 8:5: *“Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel.”* (Bybel, 1983.)

Deur speel vind kinders uit hoe die wêreld werk, probeer hulle verskillende rolle vertolk en hanteer hulle verskillende emosies (Papalia & Olds, 1986 – soos aangehaal deur Landreth 2001:4). Deur spel kan daar genesing vir wonde en hartseer plaasvind, verbreking van spanning en ook 'n meer gemaklike uitdrukking van die self. Deur die aktiwiteit van speel kan kinders veilig hul emosies uitdruk sonder verwerping deur ander. Volgens Schaefer (1993:1) is dit nodig om na verskeie aspekte van speel te kyk ten einde volledige begrip daarvoor te verkry:

1. Spel word gekarakteriseer deur innerlike versus uiterlike motivering.
2. Die kind stel meer belang in die spel self as in die suksesvolle voltooiing van die aktiwiteit.
3. Spel word deur positiewe gevoelens vergesel.



4. Die kind is aktief betrokke en verloor dikwels tred met tyd of omgewing.
5. Speel het 'n "wat as"-kwaliteit, wat beteken dat dit gebruik kan word asof dit in die regte lewe gebeur.
6. Speel verleen die vryheid om 'n eie mening aan objekte of gebeurtenisse te koppel.
7. Speel is anders as ander eksplorerende gedrag wat probeer om uit te vind wat die voorwerp is en wat dit kan doen. Speel beantwoord eerder die vraag "wat kan ek hiermee doen?".

3.9.2 Eienskappe van 'n terapeut

Die vraag ontstaan of sekere mense oorerflike karakteristieke besit wat hulle in staat stel om 'n natuurlike aanvoeling vir kinders te hê. Andersyds kan gevra word of dit dan moontlik is vir iemand wat nie oor sulke aangebore vaardighede beskik nie, om te leer hoe om met kinders te werk. As antwoord hierop sou gekonstateer kan word dat in alle gevalle, 'n positiewe gevoel oor kinders gewoonlik dien as 'n goeie beginpunt – met ander woorde, die terapeut moet in staat wees om op die kind se vlak van funksionering te kan werk (Schoeman, 1996:9). Die ideaal is dat die terapeut sy/haar eie kinderdae as nie te ver weg en onwerklik beleef nie en dat hulle steeds in staat sal wees om hul eie gevoelens, vrese en vrae onthou. Hierdie persoon moet in kontak wees met hul eie 'innerlike kind' en moet gevolglik maklik weer die rol van kind kan aanneem. Die eienskappe van 'n effektiewe terapeut kan soos volg opgesom word (Schoeman, 1996:10-11; Harris & Landreth, 1991:23):

- Die terapeut moet emosioneel volwasse en gebalanseerd wees en oor goeie sosiale vaardighede beskik. Hierdie volwassenheid sal die terapeut in staat stel om met die kind empatie te hê, sonder om te ooridentifiseer.
- 'n Terapeut moet dikwels vir lang tye onder moeilike omstandighede werk en daarom is deursettingsvermoë 'n belangrike eienskap.



- 'n Terapeut moet hoogs verantwoordelik wees. Dit is 'n groot verantwoordelikheid om 'n kind te help om deur sy gevoelens te werk en hom op die pad van genesing te help. Deel van die verantwoordelikheid is ook om te sorg dat daar oor goeie opleiding beskik word. Die gereelde bywoning van kursusse is onlosmaaklik deel van die verantwoordelikheid van die terapeut.
- Vriendelikheid en spontaniteit, met 'n goeie sin vir humor, is noodsaaklik vir die opbou van 'n vertrouensverhouding.
- Kalmte, eerlikheid en vertroue moet altyd in alle verhoudings gereflekteer word.
- Die terapeut moet opregte belangstelling, liefde en 'n positiewe gevoel vir kinders toon.
- Warmte, respek en onvoorwaardelike aanvaarding moet 'n inherente deel van 'n terapeut se persoonlikheid uitmaak.
- Goeie interpersoonlike verhoudings – asook kommunikasievaardighede – is noodsaaklik.
- Bogemiddelde luistervaardighede is baie belangrik. Die terapeut moet ook in staat wees om empatie met die kind te hê.
- Die terapeut moet altyd sensitief wees teenoor die kind se gevoelens.
- 'n Terapeut moet onvoorwaardelik glo in 'n kind se vermoë om verantwoordelik te kan optree, asook respek betoon vir die kind se vermoë om probleme op te los.
- Die terapeut moet in gedagte hou dat die terapeutiese proses 'n lang proses is en nie ongeduldig of haastig word nie.
- Terapeute moet terapeutiese riglyne implementeer wat die kind sal help om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy/haar eie persoonlike- en verhoudingsprobleme.



3.9.3 Terapeutiese omgewing

Daar is 'n groot variasie van moontlikhede rondom die inrig van die spesifieke vertrek waar terapie moet plaasvind met kinders. In die breë kan dit egter gestel word dat die terapeutiese omgewing moet bydra om die kind gemaklik en veilig te laat voel. 'n Paar baie eenvoudige riglyne is die volgende (Schoeman, 1996:14):

- Die kamer moet, indien moontlik, klankdig wees met wasbare mure en vloere.
- Elektriese proppe moet verwyder of bedek wees.
- Meeste terapeute sou van nature die kamer wil ophelder en vrolik maak. Daar moet egter gewaak word teen die gebruik van te helder kleure en oordadige vrolike materiaal, aangesien dit moontlik die kind se aandag kan aftrek.
- Lae kassies met laaie is handig om materiaal vir speel in te stoor.
- Kinders voel meer gemaklik wanneer hulle voete die vloer kan raak, en daarom is dit belangrik om lae tafeltjies en stoele te hê.
- 'n Groot mat en groot kussings sou ook kon dien as sitplek en dit sal ook kan bydra tot 'n gemaklike en ontspanne atmosfeer.

3.9.4 Materiaal benodig vir spel*

Duur en moeilik bekombare speelgoed is nie 'n noodsaaklikheid vir speltherapie nie. Tog is daar 'n paar riglyne wat ingedagte gehou moet word by die aankoop van materiaal (Schoeman, 1996:13; Landreth, 1993:13):

- Die materiaal moet meer as een doel hê.
- Dit moet die uitdrukking van gevoelens kan stimuleer en in 'n sekere sin as emosionele uitlaatklep figureer. Sand en water is die mees populêre mediums om te gebruik vir ongestruktureerde spel. Kinders kan sand

* Verwys na die illustrasiebylae (bl.183-185) vir fotografiese illustrasies van enkele voorbeelde.



gebruik om van hul aggressie ontslae te raak – hulle kan ook poppe of ander items daarin begawe. Sand, water en klei is spelitems wat maklik deur die kind verander kan word wanneer die toneel wat uitgespeel word te intens of vreesaanjaend word.

- Speelgoed wat die werklike lewe kan uitbeeld is ook baie bruikbaar, byvoorbeeld 'n popfamilie, 'n pophuis met meubels, 'n motortjie, boot, vliegtuig of trein. Blokkies wat gebruik word om hierdie voorwerpe te simboliseer kan gebruik word om spesifieke emosies uit te druk. Handpoppe en popfigure laat kinders ook toe om hul te distansieer van dit wat hulle uitgebeeld het.
- Dit moet moontlik wees vir meer as een persoon om met die materiaal te speel, sodat die kind ook die terapeut betrokke kan maak.
- Daar moet speelgoed wees sodat “acting-out” (die uitspeel van aggressie en ander onderdrukte emosies) kan plaasvind. Voorwerpe soos 'n slaansak, soldaatjies, 'n krokodilhandpop, gewere en messe kan gebruik word om aggressie, frustrasie en vyandigheid na die oppervlak te bring. Aggressiewe kinders ondervind dikwels tevredenheid ná die vrylating van opgekropte emosies in die terapiekamer, nadat toestemming hiervoor verleen is. Klei is 'n medium wat ook baie goed vir aggressie-ontlading gebruik kan word, deurdat klei gedruk, geknie en geslaan kan word.
- Dit is belangrik om 'n diverse klomp speelgoed te hê om by die verskillende karaktereienskappe en emosies van kinders aan te pas.
- Die Bybel herinner die mens in Jakobus 1:19 om sy woorde versigtig te kies. Dit is daarom net so belangrik dat speelgoed selfuitdrukking moet aanmoedig en ruimte moet laat vir 'n wye verskeidenheid van spelaktiwiteite.
- Metafore verdien spesiale vermelding wanneer daar aandag gegee word aan praktiese speelgoed. Volgens Jennings (1993:20) word elke baba gebore met kreatiewe potensiaal en die kapasiteit om te simboliseer. Dit is inderdaad hierdie kapasiteit van die mens om te kan voorgee, wat hom in staat stel om te oorleef. Kreatiewe verbeelding is die mees belangrike



sy van 'n kind wat ons moet ontwikkel, want dit is die basis van kreatiewe spel.

Fantasie vorm 'n sentrale deel van 'n kind se ontwikkeling. Die woord *fantasie* is ontleen aan die Latynse woord phantasticus, wat afstam van 'n Griekse woord wat die betekenis het van "om iets sigbaar te maak" (Schoeman, 1996:85). Die konsep van fantasie inkorporeer verskillende soorte geestelike beelde, insluitend feëverhale, fabels, metafore, simboliese en kreatiewe spel en produkte van die kind se eie verbeelding. 'n Baie belangrike faset van fantasie is dat dit die kind in staat stel om empaties verplaas te word. Op hierdie wyse word die kind dan bewus van die gevoelens, houdings en opinies van ander (Schoeman, 1996:86). Aangesien die kind op onbewuste vlak met hierdie karakters identifiseer en die situasies op sy eie lewe van toepassing maak, word sy gevoel van isolasie wat beleef is tydens krisis, verander na 'n gevoel van gedeelde ervaring (Sweeney, 1997:211).

Volgens Fainsilber & Ortony (1987:240-241) vervul metafore minstens drie funksies in terapie:

- geleentheid word gebied om uitdrukking te gee aan dinge wat in werklikheid moeilik of selfs onmoontlik is om in gewone taal te sê;
- die metafoor mag moontlik 'n kompakte vorm van kommunikasie daarstel;
- die metafoor mag bydra om die helderheid van 'n gebeurtenis vas te vang.

3.9.4.1 Terapeutiese waarde van Bybelverhale

Baie lede van die Christelike gemeenskap het al die genesende waarde van Bybelverhale en godsdienstige taal vir beide kinders én volwassenes erken (Stewart & Berryman – soos aangehaal in Stover & Stover, 1999:28). Die Skrif word anders



as ander boeke gelees en die nodige inligting word aan die leser verskaf terwyl dit ook aan die bewussyn skaaf: op hierdie wyse word geloof, waardes en gedrag van die leser gevorm (Moberley, 1992:13). *Hoe* die Skrif gelees word, sal beïnvloed word deur die rede *waarom* die Skrif gelees word. Dit is belangrik om getrou te bly aan die teks en daardeur toe te laat dat dit self spreek. Die geïnspireerde Woord van God is baie meer treffend as die kommentaar van 'n storieverteller (Stover & Stover, 1994:32).

Deur die vertel van Bybelverhale word geloof oorgedra deurdat aan kinders die geleentheid gebied word om :

- die Christelike erfenis as konteks te gebruik om hul reaksie tot 'n krisis te verwerk;
- gehelp te word om geestelike interpretasies te maak en geestelike insig uit hierdie tradisie te kry (Lester, 1984:117).

Lester (1984:114) haal 'n skrywer aan wat die belangrikheid van stories in 'n kind se geloof aandui:

In elke stadium van ons lewens het ons 'n behoefte om die betekenis van die lewe te ontdek. Hierdie hele proses begin in die kinderjare wanneer ons deur middel van storie léér. Dit is belangrik om te onthou dat kinders en volwassenes die behoefte het om stories te hoor. Dit is menslike natuur om ons lewens te orden volgens 'n storie, aangesien stories aan ons verbeeldings die manier verskaf om ons ervarings te orden. Stories preserveer die herinnering aan gebeure van die mensdom op so 'n manier dat daardie gebeure en ervarings ons lewens help vorm. Die godsdienstige taal van Bybelverhale maak vir die kind 'n wêreld oop waar God teenwoordig is om te help en waar God die eksistensiële kwessies oortref (Stewart & Berryman, soos aangehaal in Stover & Stover, 1994:34).



3.9.5 Waarom is die gebruik van speltherapie so suksesvol?

Laerskoolkinders ondervind soms dat dit moeilik is om hul gevoelens, behoeftes en gedagtes verbaal uit te druk. Speelgoed is 'n jong kind se woorde en spel is sy natuurlike taal (Schaefer, 1993:6). In hierdie verband stel Piaget (soos aangehaal in Schaefer, 1993:6) dit treffend:

"Fantasy play provides the child with the live, dynamic, individual language indispensable for the expression of his subjective feelings for which collective language alone is inadequate."

'n Goeie voorbeeld hiervan is 'n vier jaar oue kind wie se ouers geskei is. Hy het die twee volwasse poppe (wat die ouers verteenwoordig) in die sand begrawe. Die twee kindpoppe seil weg in 'n bootjie, terwyl hulle roep om hulp en daar niemand is wat reageer nie.

Die kommunikasieproses werk op twee vlakke. Op die bewustelike vlak laat spel kinders toe om gevoelens en gedagtes uit te speel waarvan hulle bewus is, maar nie in woorde kan uitdruk nie. Seksueel gemolesteerde kinders kan hulself beter uitdruk deur handpoppe of anatomies korrekte poppe te gebruik, as deur woorde.

Deur spel kom dít wat in die onderbewussyn is na vore en gedagtes, gevoelens en konflikte waarvan hulle totaal onbewus is, word op hierdie wyse "geverbaliseer".

Volgens Piaget (soos aangehaal in Schaefer, 1993:9) verkry kinders 'n gevoel van bemeestering oor 'n wêreld wat hulle in die werklike lewe passief ervaar, wanneer hulle die poppe hul eie slegte ondervindings laat uitleef. Deur "voorgee"-spel (pretend play) kan 'n kind alternatiewe gedragstyle oefen en kan hulle verskillende rolle vertolk, uitvind hoe die wêreld werk en



konflikterende emosies hanteer (Papalia & Olds – soos aangehaal in Landreth, 2001:5).

Spelterapie skep 'n omgewing waar genesing kan plaasvind. Die vryheid wat 'n kind geniet tydens spel bied ook vryheid aan die Heilige Gees om in te werk (Sweeney & Landreth, 1993:356).

3.10 Die laerskoolkind (kind in sy middelkindjare)

Enige persoon wat met kinders werk of wil werk, moet kennis dra van die normale ontwikkeling van kinders en watter gesins- en ontwikkelingstake bemeester moet word. In die hantering en assessering van seksuele misbruik, moet die terapeut die kind se ontwikkelingsvlak in ag neem.

Die laerskoolfase strek vanaf ongeveer ses of sewe jaar tot twaalf of dertien jaar. Hierdie tydperk word in die literatuur beskryf as die latente fase en die leefwêreld van die kind word in hierdie tydperk baie vergroot. Hierdie kind raak toenemend selfstandig en volwassenes verskuif nou ietwat na die agtergrond.

Die belangrikste ontwikkelingstake van 'n kind gedurende hierdie lewensfase is die volgende (Kitching & Botha, 1994:42):

- bemeester liggaamlike vaardighede wat in meer komplekse spel soos byvoorbeeld skoolsporte, vereis word;
- vorm 'n gesonde lewenshouding met betrekking tot homself;
- leer om met maats oor die weg te kom;
- leer die paslike geslagsrol aan;
- bemeester basiese skolastiese vaardighede;



- leer alledaagse begrippe vir kommunikasie aan; en
- vorm 'n gewete en leer waardes en norme aan.

Die kind tree in verhouding met sy wêreld, homself, andere en God. Elke persoon in die kind se lewe kan tot die kind se ontwikkeling bydra om hom te help om 'n gelukkige en gebalanseerde volwassene te word.

3.10.1 Liggaamlike ontwikkeling

Liggaamlike groei en ontwikkeling vind in hierdie fase meer geleidelik plaas as gedurende die kleuterjare. Die gemiddelde kind groei ongeveer die helfte in lengte, verdubbel in gewig en ontwikkel heelwat meer spierkrag (dogters minder as seuns). Teen die elfde of twaalfde jaar het die kind al sy permanente tande (Van der Westhuizen & Schoeman, soos aangehaal in Fouche, 2000:46). Die middelkindjare is 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die kind. Hierdie ontwikkeling bring ook mee dat sy selfkonsep en liggaamsbeeld verander. Seksuele molestering gedurende hierdie tyd beïnvloed die kind se liggaamsbeeld geweldig negatief (Fouche, 2000:47).

3.10.2 Kognitiewe ontwikkeling

Volgens Piaget (soos aangehaal in Kitching & Botha, 1994:43-44) is die laerskoolkind in staat om operasionele denkhandelinge uit te voer. Sy denkproses is egter nog konkreet-gebonde. Dit impliseer dat 'n kind logies en objektief kan dink om verhoudinge tussen kennisinhoude te kan sien. Denke word gekenmerk deur die vermoë om byvoorbeeld:

- te desentreer: hy kan verskeie aspekte van 'n saak gelyktydig in aanmerking neem, byvoorbeeld grootte en vorm;
- hom te distansieer van sake: hy kan op objektiewe, feitelike wyse oor gebeurtenisse praat en beskouings daaroor opbou;



- oorsaak en gevolg te verstaan: die kind is toenemend in staat om wat nou gebeur aan die hand van voorafgaande gebeurtenisse te verklaar;
- te analiseer en krities te wees: die kind begin belangstel in beredeneerde verduidelikings wat vir hom sin maak en aanvaar dus nie meer die uitsprake van volwassenes bloot vanweë hul gesagsposisie nie. Dis egter belangrik om te aanvaar dat die kind nog nie altyd self daarin slaag om logiese uiteensettings te gee nie; en
- homself tydruimtelik toereikend te oriënteer: die kind begryp afstand en ruimtelike verhoudings en hy het 'n goeie tydsbesef (Kitching & Botha, 1994:43).

3.10.3 Emosionele ontwikkeling

Die emosionele ontwikkeling van die kind in die middelkindjare word gekenmerk deur groter emosionele volwassenheid. Dit bring mee dat die kind:

- emosioneel meer buigbaar is;
- tussen verskillende emosies kan onderskei en daaraan uitdrukking kan gee;
- sy emosies beter kan beheer; en
- verstaan dat emosies verander kan word.

In hul boek *Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners* (De Klerk & Le Roux, 2004:23) gee die skrywers die emosionele ontwikkeling van 'n kind van babastadium tot laat adolessensie weer in tabelvorm. Die toepaslike deel van die tabel word hier aangehaal:



Laat kinderjare (6-11 jaar)

Groepsbetrokkenheid en reëlgebonde spel. Die kind wil "in" wees. Hy moet gehelp word om by die groep in te pas.

Vroeë adolessensie (11-15 jaar)

Strewe na identiteit en onafhanklikheid. Verhoogde emosionaliteit; oordrewe reaksie op gebeure; en verwarring oor gevoelens. In staat om empatie te toon. Die kind begin uit eie foute leer.

Beleef tydperke van verhoogde emosionaliteit. Sal gevoelens lug eerder as beheer. Kan gevoelens meer geredelik benoem.

Redeneer graag, is strygerig, krities en beleef intense emosies. Balans tussen gevoelens en rede/logika is uiters belangrik.

Floreer op erkenning en aanvaarding.

Wil dolgraag deelneem aan besluitnemingsproses. Moenie kind terg, kritiseer, etiketteer en verneder nie.

Moet harder werk om gevoelens te verstaan en te beheer.

Ouers speel merendeels die rol van konsultant. Vriendskappe moet aangemoedig word.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat molestering dikwels veroorsaak dat die slagoffer nooit werklik emosionele volwassenheid bereik nie en/of sy "kindwees" verloor (Oelofse, 2000:71). Die molestering verbreek as't ware die verhouding tussen die kindfase en volwasse fase en hierdeur gaan 'n belangrike skakel in die kind se ontwikkeling tot volwassenheid verlore. Dit kan so erg wees dat die kind se emosionele ontwikkeling stop – asof die trauma tyd laat stilstaan het (Parks, 1992:25). Parks (1992:25) noem ook hoe volwasse informasie en kennis verkry word soos hulle opgroei, maar dat



die onderliggende skuldgevoelens, vrees en gevoelens van ontoereikendheid bly en die meeste van hul besluitneming beïnvloed.

Kinders wat gemolesteer is, kan ongelukkig ook dikwels “groot voor hul tyd” wees. Hulle het moontlik nooit deur die normale ontwikkelingsfases gegaan nie en Karp & Butler (1996:183) noem dat hulle selfs kon vergeet het hoe om te speel – of dalk selfs nooit die geleentheid gehad het om hierdie belangrike ontwikkelingstaak te bemeester nie.

3.10.4 Moreel-godsdienstige ontwikkeling

Die morele en godsdienstige aspekte van die kind se ontwikkeling hou verband met mekaar, veral omdat godsdiens sinvolle inhoud gee aan die mens se sedelike norme. Faktore wat in hierdie opsig belangrik is, is die volgende:

- Middelkindjare word gekenmerk deur 'n soeke na vaste reëls. Hierdie reëls word aanvanklik aanvaar op grond van die ouers se gesag.
- Die kind begin as gevolg van sy ontwikkelende gewete skuldgevoelens ervaar indien hy nie aan die eise van sy omgewing beantwoord nie. Dit is dus belangrik om konsekwente optrede en behoudende Christelike waardes by die kind in te skerp (Kitching & Botha, 1994:45).
- Dissipline word deur die kind in die middelkindjare aanvaar as 'n manier waarop hy gelei word om aanvaarde norme en waardes te handhaaf. Dit laat hom veilig voel.

3.10.4.1 Die kind se siening van God

Tydens die vroeë middelkindjare het God steeds sterk menslike eienskappe vir die kind. Dit gaan egter mettertyd oor na 'n meer bonatuurlike siening van God as iemand wat almagtig en



verhewe bo die menslike is (Kitching & Botha, 1994:45). Die volgende sienings van God word volgens ouderdom deurgegee (Anon., 1998:31):

- Op sesjarige ouderdom: God het die aarde gemaak.
- Op sewejarige ouderdom: God weet en sien alles.
- Op agtjarige ouderdom: God kan alles doen (Hy is almagtig).
- Elf- tot twaalfjarige ouderdom: God is oral (alomteenwoordig).

3.10.4.2 Die Bybel

Die Bybel is vir die kind 'n boek van gesag. Hy aanvaar alles wat daar staan as waar. Veral die stories, kan goed begryp en gememoriseer word (Kitching & Botha, 1994:45). Op sesjarige ouderdom glo hulle dat God self die Bybel geskryf het en uit die lug laat val het. Hulle lees alles letterlik, byvoorbeeld "... as jou regteroog jou pla ..." (Anon., 1999:31).

3.10.4.3 Gebed

Tydens die fase van die middelkindjare raak die kind se godsdiensbeleving mettertyd al minder egosentries. Op sesjarige ouderdom glo hulle dat God aan hulle gee wat hulle wil hê. Wonderwerke is 'n werklikheid, bloot omdat hulle gebed het. As tienjariges en ouer verstaan hulle gebed al beter en begin hulle ook vir ander bid.



3.11 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die aard, kenmerke en implikasies van seksuele molestering. Gedurende die afgelope dekade het wetgewing in Suid-Afrika tot gevolg gehad dat meer en meer gevalle van molestering aangemeld is. Die huidige statistieke is skokkend: een uit elke vier dogters en een uit elke ses seuns word seksueel gemolesteer. Daar is onderskei tussen enersyds aktiewe en andersyds passiewe molestering. Gedragsindikatore volgens ouderdomsgroep is ook hanteer. Daar is ook al meer aandag gegee aan die presiese identifisering en beskrywing van seksuele molestering, asook die uitwerking daarvan op die kind.
- Dit het verder geblyk dat die verskynsel van seksuele molestering nie beperk is tot die aanranding of verleiding deur vreemdelinge nie, aangesien die molesteerder in 90% van die gevalle bekend is aan die kind. Alle molestering het die misbruik van mag as die kern daarvan. Kinders is gewoonlik die slagoffers van die molesteerder en is as gevolg van hul ouderdom nie toerekeningsvatbaar nie. Weens hul onskuld en naïwiteit word hulle maklik 'n teiken. Hulle word in baie gevalle geleidelik ingetrek in die daad van molestering en uiteindelik ontwikkel dit in 'n situasie waaroor hulle geen beheer het nie.
- In Suid-Afrika is daar ook 'n aantal faktore wat eie aan Afrika is, wat aanleiding tot molestering gee:
 - die Vigs-mite;
 - alkohol & dwelms;
 - armoede;
 - pornografie;
 - mans se siening van vrouens; en
 - morele verval.



- Die definisie van trauma en die verskillende fases van 'n traumatiese ervaring het aandag geniet. Dit het geblyk dat die trauma verbonde aan molestering veral die volgende vier emosionele ervarings insluit:
 - traumatiese seksualisering;
 - verraad;
 - hulpeloosheid; en
 - stigmatisering
- Posttraumatiese stres is vervolgens bespreek: wat dit is, hoe dikwels dit voorkom, by wie dit ontwikkel en wat die emosionele gevolge daarvan is.
- Wat speltherapie behels en wat die nut daarvan is, is volgende bespreek. Daar is meer as 4 000 tale wat gebruik word om te kommunikeer en alhoewel spel nie as een van hulle gelys is nie, behoort dit eintlik die geval te wees. Spel is 'n uiters belangrike medium waardeur kinders oor die algemeen uitdrukking gee aan innerlike gevoelens. Speelgoed is 'n jong kind se woord en spel is sy natuurlike taal. Deur spel vind kinders uit hoe die wêreld werk, probeer hulle verskillende rolle vertolk en hanteer hulle verskillende emosies. Deur spel kan daar genesing vir wonde en hartseer plaasvind, is daar verbreking van spanning en ook 'n meer gemaklike uitdrukking van die self. Deur die aktiwiteit van spel kan kinders hul emosies veilig uitdruk – sonder verwerping deur ander.
- 'n Positiewe gevoel vir kinders dien oor die algemeen as 'n goeie beginpunt vir terapeute wat met speltherapie wil begin – met ander woorde, die terapeut moet in staat wees om op die kind se vlak van funksionering te kan werk. Terapeute moet oor 'n verskeidenheid van eienskappe beskik, wat indringend in hierdie hoofstuk bespreek is. Een van die belangrikste eienskappe is dat die terapeut emosioneel volwasse en gebalanseer moet wees en oor goeie sosiale vaardighede moet beskik.



Hierdie volwassenheid sal die terapeut in staat stel om met die kind empatie te hê, sonder om te ooridentifiseer met die kind se probleme.

- Dit is belangrik dat 'n vertrek wat gebruik gaan word vir terapie met kinders, 'n gemaklike en veilige omgewing vir die kind sal skep.
- Materiale wat nodig is vir speel hoef nie noodwendig duur en moeilik bekombare speelgoed te wees nie. Dit is belangrik dat die materiaal meer as een doel moet hê. Sand, water, klei en vetkryte is populêre mediums om te gebruik vir ongestruktureerde spel. Speelgoed wat die werklike lewe kan uitbeeld, is ook baie bruikbaar. Besondere klem is gelê op die rol van metafore – ook Bybelse metafore. Fantasie vorm 'n sentrale deel van 'n kind se ontwikkeling. 'n Baie belangrike faset van fantasie is dat dit die kind in staat stel om empaties verplaas te word. Die kind word dan bewus van die gevoelens, houdings en opinies van ander en identifiseer sodoende op onbewuste vlak met hierdie karakters. So maak hy die situasies van toepassing op sy eie lewe.
- Daar is ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die laerskoolkind of die kind in sy middelkindjare. Daar is klem gelê op liggaamlike, kognitiewe, emosionele en moreel-godsdienslike vlakke.
- Daar is bevind dat die daad van seksuele molestering onberekenbare skade op alle vlakke in die gemolesteerde se lewe aanrig: emosioneel, geestelik en liggaamlik. As daar in ag geneem word dat tot 43 kinders per dag in Suid-Afrika verkrag word, dan neem seksuele molestering in Suid-Afrika epidemiese afmetings aan. Daadwerklike optrede is nodig om hierdie gety van molestings in Suid-Afrika hok te slaan – anders staan ons na alle waarskynlikheid oor 'n paar jaar 'n siek samelewing in die gesig.



HOOFSTUK 4

EVALUERING VAN DIE BYDRAES DEUR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS EN PREDIKANTE

4.1 Inleiding

Wanneer 'n evaluering van die hulpdissiplines gemaak word, is dit belangrik om te weet presies watter dissiplines tot dusver 'n rol gespeek het in die navorsing en hulpverlening rondom seksuele molestering. Hierdie metateoretiese insigte sal dan die teologiese basisteorie verhelder. Volgens Britz & Joubert (2003:27) bestaan daar vir kinders wat seksueel misbruik is 'n dringende behoefte aan effektiewe, gestruktureerde, terapeutiese hulpverlening oor die kort termyn. In die voorafgaande gedeelte is daar intensief aandag gegee aan wat seksuele molestering is, wie die oortreder is en wat die gevolge daarvan is. Die twee dissiplines wat hier die grootste bydrae gelewer het, is baie beslis dié van die sielkunde en die sosiale wetenskappe (maatskaplike werk). Byna al die data wat in die voorafgaande gedeelte opgeneem is, is afkomstig uit navorsing vanuit hierdie twee dissiplines.

4.2 Doelstelling

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om te bepaal in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines – betreffende hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind – gebruik kan word.

Vervolgens word verder gefokus op die twee dissiplines (sielkunde en maatskaplike werk), asook op die rol wat die kerk oor die algemeen in hierdie verband speel.



4.3 Sielkunde

In haar boek, *Trauma and recovery* (1997), gee Judith Herman 'n goeie oorsig van die jarelange stryd om uiteindelik volle openbare erkenning te kan ontvang vir die implikasies wat verkragting en molestering op die vrou/dogter het. Die Franse sielkundige Pierre Janet, sowel as Sigmund Freud en sy kollega, Joseph Bauer, het in 1890 byna gelyktydig tot die gevolgtrekking gekom dat die toestand van "histerie" onder vroue wat hulle intensief nagevors het, deur sielkundige trauma veroorsaak word (Herman, 1997:12 en Matsakis, 1996:14). Freud het hierdie navorsing verder gevoer en dit het gelei tot die eksplorering van die seksuele lewens van vroue. Freud se mentors, Charcot en Breuer, was albei baie skepties oor die rol van seksualiteit rondom die oorsprong van "histerie". In 1896 het Freud *The Aetiology of Hysteria* gepubliseer, waarin hy die resultate van 18 gevallestudies bekend gemaak het. Hy het onder andere die volgende gesê:

"I therefore put forward the thesis that at the bottom of every case of hysteria there are one or more occurrences of premature sexual experience, occurrences which belong to the earliest years of childhood, but which can be reproduced through the work of psycho-analysis in spite of the intervening decades."

Volgens Freud se korrespondensie het hy toenemend bekommerd geraak oor die radikale sosiale implikasies van sy hipotese. "Histerie" was so algemeen onder vroue dat as sy pasiënte se stories waar was en sy teorie korrek, hy moes erken dat wat hy "*perverted acts against children*" genoem het, endemies was in alle vorme van die samelewing. Die gedagte hieraan was destyds ondenkbaar. Met hierdie dilemma wat hom in die gesig gestaar het, het Freud opgehou om na sy vroulike pasiënte te luister. Hy het homself selfs op 'n tydstip gedistansieer van sy vroeëre standpunte:

"I was at last obliged to recognize that these scenes of seduction had never taken place, and that they were only fantasies which my patients had made up" (Herman, 1997:14).



Dit was gevolglik eers gedurende die sewentigerjare na aanleiding van pogings deur die “women’s liberation movement” dat daar ’n al groter bewuswording plaasgevind het van die impak wat seksuele eksploitasie op vroue gehad het.

“The first public speakout on rape was organized by the New York Radical Feminists in 1971. The first International Tribunal on Crimes Against Women was held in Brussels in 1976” (Herman, 1997:29).

Binne ’n dekade is hervormings rondom seksuele misdade in al vyftig Amerikaanse state deurgevoer (Herman, 1997:29).

Die afgelope 20 tot 30 jaar is geweldig baie navorsing gedoen oor hierdie onderwerp en besondere bydraes is gemaak, veral in die sewentigerjare deur persone soos Burgess en Holmstrom (soos aangehaal in Herman, 1997:31) en Finkelhor (1986) en Sgroi (1982) in die tagtigerjare. Die simptome en impak van molestering, asook wie die tipiese molesteerder is, wat die fisiese en emosionele gevolge van molestering is en wat die kort- en langtermyngevolge van navorsing is, is deeglik gedokumenteer. Hier is dus goed nagevorsde en waardevolle bydraes gemaak. Die vraag is egter of daar genoeg gedoen is met betrekking tot hulpverlening aan gemolesteerdes. Verder sou ook gevra kan word na die tipe opleiding wat sielkundiges ontvang ten einde in staat te wees om hierdie stukkende kinders met hul eiesoortige probleme te help.

Navorser het met sielkundiges in haar omgewing gaan praat om die inligting in te win wat nodig is om hierdie vrae te probeer beantwoord. Daar word in die algemeen aanvaar dat sielkundiges die beste toegerus behoort te wees in hierdie verband, aangesien medici asook kerkleiers heel dikwels hulpbehoewendes na hulle verwys. Drie sielkundiges wat die meeste met gemolesteerde kinders werk en waarvan twee – as kenners op die gebied – ook gereeld in die hof verskyn, is genader. Dieselfde vrae is aan al drie gestel. Vervolgens word die belangrikste momente uit hierdie vraelyste aan die orde gestel:



4.3.1 Vraelys aan sielkundiges

- Waar het jy studeer?
- Watter jaar het jy jou studies voltooi?
- In watter rigting het jy gespesialiseer?
- Hoeveel kennis oor seksuele molestering is opgedoen tydens studies?
- Dink jy dit was voldoende?
- Hoe/waar het jy kennis ten opsigte van hierdie aangeleentheid opgedoen?
- Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope ses maande hanteer?
- Van watter soort terapie maak jy gebruik vir hulpverlening?
- Het jy opleiding ontvang in speltherapie?
- Maak jy gebruik van speltherapie tydens hulpverlening?

Waar het jy studeer?

Respondent 1: Universiteit van die Oranje Vrystaat en *University of East London (United Kingdom)*

Respondent 2: Universiteit van Pretoria

Respondent 3: Universiteit van Pretoria

Watter jaar het jy jou studies voltooi?

Respondent 1: 1993 en 2000

Respondent 2: 1991

Respondent 3: 1990



In watter rigting het jy gespesialiseer?

- Respondent 1: Opvoedkundig
- Respondent 2: Opvoedkundig – het ook kliniese kwalifikasies verwerf
- Respondent 3: Opvoedkundig

Hoeveel kennis van seksuele molestering is opgedoen tydens studies?

- Respondent 1: Bitter min. (Haar uitgangspunt vir hierdie tekortkoming is dat daar hopeloos te veel inligting aangebied word en 'n te groot uiteenlopendheid van soorte terapieë, teorieë en so meer bestaan om werklik in diepte daaraan aandag te kan gee. Daarom word daar net [redelik oppervlakkig] kennis geneem van alles.) Daar word van die sielkundige verwag om hom/haarself verder op te lei nadat die graad voltooi is. Daar kan dan gespesialiseer word in 'n spesifieke veld. Die verpligte verdere opleiding vir sielkundiges is dan ook volgens haar 'n baie belangrike element van selfstudie.
- Respondent 2: Sy kan nie onthou dat daar veel meer inligting rondom seksuele molestering as net die inhoud van 'n enkele hoofstuk in 'n handboek aan haar deurgegee is nie – die hoofstuk was dan ook nie eens baie lank nie. Haar uitgangspunt vir hierdie tekortkoming is dieselfde as Respondent 1 s'n. Tydens honneursopleiding was daar meer spesifieke kennis, maar dit was steeds nie voldoende nie.
- Respondent 3: Sy kan nie werklik meer onthou nie, maar weet dat toe sy in die praktyk begin het, sy byna geen kennis rondom seksuele molestering gehad het nie.



Dink jy dit was voldoende?

Respondent 1: Glad nie.

Respondent 2: Nee.

Respondent 3: Nee.

Hoe/waar het jy kennis ten opsigte van hierdie aangeleentheid opgedoen?

Respondent 1: Gedurende die meestersjaar is daar vir twee weke op kinderdiagnostiek en -terapie gekonsentreer. Respondent het haarself verder opgelei deur kursusse by te woon. Baie kennis is opgedoen toe respondent vir vyf jaar betrokke was by 'n kinderleidingskliniek in Welkom, as deel van 'n multidissiplinêre span, waar daar baie met gemolesteerde kinders gewerk is. Kort kursusse is bygewoon wat aangebied is deur verskillende instansies.

Respondent 2: Kursusse, literatuurstudie en die praktyk het verdere opleiding in hierdie area verskaf.

Respondent 3: Respondent het self praktiese ondervinding en verdere kennis opgedoen deur literatuurstudie.

Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope ses maande hanteer?

Respondent 1: 22 kinders.

Respondent 2: Ongeveer twee per week.

Respondent 3: 18 kinders.



Watter soort terapie word gebruik vir hulpverlening?

- Respondent 1: Nondirektiewe terapie. Verkies om psigoanalise te gebruik, veral na aanleiding van Melanie Kleyn van Brittanje, se werk. Psigoanalise plaas geen perk op ouderdom, verstandsvermoë, ens. nie. Gebruik dikwels sandspel.
- Respondent 2: Direktiewe terapie.
- Respondent 3: Nondirektiewe terapie. Gebruik meestal Von Staabs-apparaat, waarvoor sy dan ook spesiale opleiding ontvang het.

Het jy opleiding ontvang in speltherapie?

- Respondent 1: Ja, veral nadat sy gekwalifiseer het.
- Respondent 2: Ja, prakties gedurende M. Ed (Psigologie)-jaar.
- Respondent 3: Die Von Staabs-apparaat word gebruik. Intensiewe opleiding in die gebruik hiervan is ontvang.

Maak jy gebruik van speltherapie tydens hulpverlening?

- Respondent 1: Maak baie gebruik van speltherapie gebaseer op Gestalt-beginsels, sandbaktegniek, *theraplay* en ook die Von Staabs-apparaat vir assessering.
- Respondent 2: Maak oor die algemeen die meeste gebruik van tekeninge en klei. Respondent interpreteer self die tekening met die aanvanklike evaluasie. Tekeninge word altyd saam met 'n ander tegniek gebruik.
- Respondent 3: Maak baie gebruik van tekeninge en die Von Staabs-apparaat.



4.3.2 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar in die opleiding van sielkundiges 'n groot tekortkoming bestaan met betrekking tot die veld van seksuele molestering. Sielkundiges is self verantwoordelik vir eie opleiding in hierdie veld. Uit die literatuur is dit ook duidelik dat die tekort aan ervaring en kennis in die assessering en hantering van kinders wat seksueel gemolesteer is, nie beperk is tot die maatskaplike werkers en sielkundiges in Suid-Afrika nie (Potgieter, 2002:9). Meyers (1997:77, 78) waarsku ouers in sy boek oor die volgende:

"It comes as a surprise to some parents that most mental health professionals know very little about child sexual abuse. Only a small fraction of social workers, psychiatrists, psychologists and counsellors possess the knowledge and experience required to conduct a competent psychosocial assessment of sexual abuse."

4.4 Maatskaplike werkers

Jackie Loffel, 'n maatskaplike werker verbonde aan die Johannesburg Kinder- en Gesinsorgvereniging, het in 2000 'n studie onderneem om vas te stel hoe effektief die huidige hantering van seksueel gemolesteerde kinders deur maatskaplike werkers in vergelyking met dié van 'n sogenaamde spesialis-eenheid is.

Sy beskryf die programkomponente wat kenmerkend is van die hantering van seksuele molestering by kinders, as volg (Loffel, 2000:7):



Effektiewe programme

Gespesialiseerde, deurlopende personeelopleiding in die hantering van seksuele molestering by kinders.

Die span word beskou as die basis vir alle intervensie; gedeelde verantwoordelikheid in elke geval en klem op sterk onderlinge ondersteuning.

'n Multidimensionele aanslag wat die werk van individue, die familiesisteem en subsisteme, portuurgroepe, die diensnetwerk en die breë gemeenskap insluit.

Beplande, gestruktureerde en doelgerigte intervensie waarby gevalleladingbestuur en permanente beplanningsmetodes ingesluit is.

Gewone, gereelde en intensiewe kontak tussen dié wat die program implementeer en dié wat gehelp word.

Aktiewe koördinasie en ontwikkeling van die plaaslike hulpbronnenetwerk.

Beheerbare werkladings.

Algemene plaaslike praktyk

Geen gespesialiseerde opleiding, of beperkte aan-en-af- (onderbroke) opleiding.

'n Individuele maatskaplike werker met 'n toesighouer as rugsteun en beperkte spanondersteuning.

'n Tradisionele gevalleladingbenadering, waarin die intervensie hoofsaaklik gemik is op die slagoffer.

Krisisbestuur en 'n deurmekaar aanslag, afhange van huidige druk en personeelfluktuasies.

Beperkte kontak wat kort, oppervlakkig en/of ongereguleerd mag wees.

Van tyd tot tyd beperkte skakeling met elemente van die hulpbronnenetwerk.

Abnormale en dikwels onbeperkte werkladings.

Potgieter (2002:9) noem dat, in die verloop van hul werk, maatskaplike werkers dikwels gekonfronteer word met gevalle waar beweringe rondom die seksuele molestering van kinders, gemaak word. 'n Gebrek aan opleiding in die hantering van sulke gevalle lei dikwels daartoe dat hulle frustrasie en intense hulpeloosheid



ervaar omdat hulle nie 'n openbaarmaking van die kind kan kry nie. Hulle is gevolglik deeglik bewus daarvan dat hulle dan nie in staat is om die kind teen verdere molestering te beskerm nie.

Die hoë omset van maatskaplike werkers by organisasies wat met gemolesteerde kinders werk, veranderinge in die hantering van gevalleladings en veranderinge in sorgreëlings vir kinders, lei tot 'n gebrek aan kontinuïteit in die assessering van en terapie vir hierdie kinders. Navorsers kan hier uit eie ondervinding (as lid van die bestuur van die Rustenburgse Kinder- en Gesinsorgvereniging) getuig van die totale chaos wat kan ontstaan as 'n maatskaplike werker 'n ander pos aanvaar. Die oorblywende maatskaplike werker of werkers moet dan die gevallelading oorneem of verdeel, probeer om op hoogte te kom van die inligting vervat in die lêers, seker maak dat noodsaaklike hofbevele op datum is of hernu word, die slagoffers en gesinne ontmoet en hulp verleen waar nodig. Dit moet alles plaasvind terwyl hulle tegelykertyd ook nog deur al hierdie selfde prosedures moet gaan ten opsigte van hul eie gevalleladings. Maatskaplike werkers is baie beslis oorlaai en daar bestaan terselfdertyd landswyd 'n dringende behoefte aan goed opgeleide maatskaplike werkers.

Dieselfde vraelys wat aan die drie sielkundiges voorgelê is, is ook aan maatskaplike werkers in Rustenburg gegee om in te vul – en die resultate was soos volg (dit is uit die vraelys wat terug ontvang is):

4.4.1 Vraelys aan maatskaplike werkers

Die volgende vrae is aan respondente gestel:

- Waar het jy studeer?
- Watter jaar het jy jou studies voltooi?
- Hoeveel kennis oor seksuele molestering is opgedoen tydens studies?



- Dink jy dit was voldoende?
- Hoe/waar het jy kennis ten opsigte van hierdie aangeleentheid opgedoen?
- Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope ses maande hanteer?
- Van watter soort terapie maak jy gebruik vir hulpverlening?
- Het jy opleiding ontvang in speltherapie?
- Maak jy gebruik van speltherapie tydens hulpverlening?

Waar het jy studeer?

Respondent 1: Noordwes-Universiteit
 Respondent 2: UNISA
 Respondent 3: Universiteit van die Oranje-Vrystaat
 Respondent 4: Noordwes-Universiteit

Watter jaar het jy jou studies voltooi?

Respondent 1: 1984
 Respondent 2: 1979
 Respondent 3: 1993
 Respondent 4: 1997

Hoeveel kennis oor seksuele molestering is opgedoen tydens studies?

Respondent 1: Redelik. Nog steeds nie voldoende.
 Respondent 2: 60%
 Respondent 3: Beperk.
 Respondent 4: Heelwat teoretiese inligting, kan egter nie alles onthou nie.



Dink jy dit was voldoende?

- Respondent 1: Nee.
 Respondent 2: Nee.
 Respondent 3: Nee.
 Respondent 4: Nee, nie vir praktykdoeleindes nie.

Hoe/waar het jy kennis ten opsigte van hierdie aangeleentheid opgedoen?

- Respondent 1: 'n Driedagkursus in Potchefstroom, aangebied deur Ansie Fouche en Renate Carstens.
 Respondent 2: Kursusse.
 Respondent 3: RP-kursusse by dr. Rene Potgieter te Pretoria.
 Respondent 4: Bykomende kursusse wat bygewoon is terwyl werksaam as maatskaplike werker – dit was baie meer waardevol en insiggewend.

Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope ses maande hanteer?

- Respondent 1: Geen.
 Respondent 2: Twee.
 Respondent 3: Geen.
 Respondent 4: Vyf.

Van watter soort terapie maak jy gebruik vir hulpverlening?

- Respondent 1: Terapie soos in bogenoemde kursus geleer.
 Respondent 2: Verwys na opgeleide sielkundiges wat oor ervaring beskik.
 Respondent 3: Spelterapie gerig op RP-model.



Respondent 4: Spesifieke gevalle word meestal verwys na ander professionele persone vir verdere aandag.

Het jy opleiding ontvang in speltherapie?

Respondent 1: Ja.

Respondent 2: Ja.

Respondent 3: Ja.

Respondent 4: Ja.

Maak jy gebruik van speltherapie tydens hulpverlening?

Respondent 1: Ja. Dit dra by tot my eie sekuriteit en 'n gevoel van "ek is in beheer". Voor die opleiding was ek baie onseker! Nou voel ek ek is op vaste grond.

Respondent 2: Nee, op die oomblik slaan ek net vure dood.

Respondent 3: Ja.

Respondent 4: Slegs vir aanvanklike assessering, daarna word die saak verwys.

4.4.2 Gevolgtrekking

Maatskaplike werk is die dissipline waar daar die meeste kontak plaasvind met seksueel gemolesteerde kinders. Die meeste aanmeldings van seksuele molestering word by die welsyn gemaak, soos Loffel (2000:6) bevestig:

"The upsurge in public concern about child sexual abuse in particular, from the late 1980's onward, resulted in an unmanageable situation for many welfare organisations which were flooded with new referrals."

Indien die data wat na vore gekom het in bovermelde vraelyste geëvalueer word, wil dit voorkom asof 'n groot aantal maatskaplike werkers 'n besondere mate van



toerusting en opleiding in hierdie rigting ontvang. Die probleem is egter dat hulle programme te oorlaai en te besig is om werklik hulp te kan verleen ten einde daadwerklik 'n verskil te maak. Soos een maatskaplike werker dit gestel het: “Ek slaan net vure dood.”

4.5 Die kerk

Enersyds is dit so dat die kerk sedert die vroegste tye 'n beduidende rol gespeel het ten opsigte van die geestelike welsyn van sy mense. Die kerk was 'n gemeenskap wat omgee het vir mekaar – daar is saam gewerk, gedeel, omgee, saam gebid, ens. – ook vir ongelowiges buite die liggaam (Collins, 1988:21). Hulle het gereeld bymeekaargekom in *koinonia*, wat 'n gemeenskapsverhouding met mekaar was. Daar het hulle die Woord uitgedra, gelowiges opgebou en insig, ondervinding, lof, behoeftes en materiële besittings met mekaar gedeel.

Andersyds is dit egter ook so dat deur die eeue heen daar egter dikwels by die kerk 'n sekere onvermoë was om die menslike emosionele behoeftes aan te spreek. Gemolesteerde vroue met simptome van ernstige posttraumatische stresversteuring is tydens die Middeleeue as hekse verbrand op 'n brandstapel, óf hulle is van demoniese besetting beskuldig (Matsakis, 1996:14). Allender (2004:1) voel dat die kerk glad nie sy plig op hierdie gebied nakom nie:

“The church has failed to use its historic platform of the pulpit, Sunday school, pastoral epistles (newsletters, church papers and articles) and small group Bible studies to address the phenomena of abuse. The battle will not turn until the church as a whole rather than individual therapists and people helpers name the problem of abuse...”; en verder: “The church must regain the heritage of soul care promoted by Eugene Peterson, Larry Crabb and Henri Nouwen without losing a love for greater knowledge and expertise in addressing harm that is evidenced in the understanding of dissociation and PTSD found in the work of Jerry Mungadze and Diane Langberg (to name only two).”



Hy voel baie sterk oor die gedagte dat die kerk eintlik medepligtig is vanweë die feit dat daar geswyg word. As die kerk vinnige of oppervlakkige kure voorskryf, kan dit net bydra tot groter verwarring by die gemolesteerde. Allender (1995:16) stel dit as volg:

“Quick cures never resolve the deep damage. Instead, they offer change that requires little more than lying on a gurney before surgery: be still and let the experts do their work.”

Collins (1988:16-17) gee ’n oorsig oor wat die kerk se verantwoordelikheid teenoor sy lidmate is:

- **Pastorale sorg**

Die kerk se sorg val in hierdie kategorie. Dit sluit in: prediking, lering, dissipline, bediening van sakramente en omgee vir mense in nood.

- **Pastorale berading**

Gespesialiseerde pastorale sorg (eintlik die werk van ’n predikant) val in hierdie kategorie. Dit sluit in hulp aan individue, families en groepe – wanneer hulle druk en krisis moet hanteer. ’n Verskeidenheid metodes wat in pas is met Bybelse leringe word gebruik.

- **Pastorale psigoterapie**

Hierdie kategorie is ’n langtermyn-, diepgaande hulpverleningsproses wat fundamentele veranderinge in die beradene se persoonlikheid, geestelike waardes en maniere van denkpatriene teweeg bring.



Verder is dit so dat die kerk 'n baie spesifieke rol het om te speel ten opsigte van hulpverlening aan gemolesteerde kinders, sowel as aan volwassenes wat as kind gemolesteer is. Draper (1996:34) haal die volgende statistieke aan:

"For every one hundred people in your community, church or organisation, you can expect to find more than thirty women and about fifteen men who were molested before the age of eighteen."

Die huidige statistieke in Suid-Afrika beaam hierdie stelling van Draper: Een uit elke vier dogters en een uit elke ses seuns word vandag gemolesteer (Hofmeyer, 1999:3). Indien daar egter in ag geneem word dat bitter min gevalle uiteindelik aangemeld word, dan kan die werklike syfers nog hoër wees. As seksuele molestering 'n biologiese siekte was, sou dit verklaar word as 'n epidemie van katastrofiese proporsies. Die hele land sou gemobiliseer word tot behandeling en die voorkoming van 'n volgende uitbraak (Coetzer, 2003:89).

Die kerk kan nie sê dat molestering nie 'n probleem onder gelowiges is nie, aangesien dit nie klop met wat in die praktyk aan die orde is nie. In 'n studie wat deur die *Fuller Graduate School of Psychology* onderneem is, is 900 Christenberaders en leraars getoets met betrekking tot die onderwerp van seksuele molestering binne die familie. Die meerderheid van dié wat die vraelys beantwoord het, is van mening dat seksuele molestering net so gereeld in Christen- as in nie-Christenhuise plaasvind (Draper, 1996:34). Dr. Henry Giarretto, stigter van *Parents United*, Amerika se grootste sentrum vir die behandeling van seksueel gemolesteerde kinders binne die gesin, beaam dat die ernstigste gevalle in sy program in hoogs dogmatiese, gelowige families voorkom. Dr. Bob Rencken, direkteur van die *Family Development Center* in Tucson, Arizona, beaam dat pa's wat rigiede gelowiges is, 'n sterk opinie het oor wat reg en verkeerd is (ten spyte van wat hul private gedrag is) en wat 'n hoogs gestruktureerde geloof aanhang, baie prominent gefigureer het onder die seksuele molesteringoortreders (Draper, 1996:34). Allender (2004:2) noem dat hy met 'n groep van 30 predikante gepraat het oor molestering. Toe hulle gevra is hoeveel die afgelope jaar oor molestering



gepreek het, het nie een positief geantwoord nie. Toe hulle weer gevra is hoeveel van hulle die afgelope vyf jaar gepreek het oor seksuele of fisiese mishandeling, het nie een positief geantwoord nie.

4.5.1 Vraelys aan leraars

In die lig van veral Draper se aanhaling (soos hierbo vermeld) dat meer as 30 vroue en 15 mans uit elke 100 gemeentelede waarskynlik gemolesteer is en met die gepaardgaande probleme worstel, is dit dus van besondere belang dat leraars deeglik kennis sal dra van die problematiek rondom seksuele molestering. In hierdie verband sal daar dan veral ook gefokus moet word op die aard van die opleiding van leraars, aangesien dit juis hulle is wat in vele situasies heel eerste betrek word by krisisgevalle. Vraelyste is uitgegee aan leraars van die drie susterskerke (Nederduitse Gereformeerde, Nederduitsch Hervormde en Gereformeerde Kerke) in Rustenburg. Van die 15 vraelyste wat uitgedeel is, is daar drie terug ontvang. By mondelinge navraag het van die ander leraars genoem dat hulle in elk geval "Nee" op al die vrae sou moes antwoord en daarom nie eers die moeite gedoen het om die vraelyste in te vul nie.

'n Leraar wat tydens 'n kursus in Pretoria deur navorser ontmoet is, is ook gevra om 'n vraelys te voltooi. Die vrae wat gestel is, was die volgende:

- Denominasie?
- Waar het jy studeer?
- Watter jaar het jy jou studies voltooi?
- Hoeveel kennis oor seksuele molestering het jy opgedoen tydens jou studies?
- Was dit voldoende?
- Dink jy dit is nodig vir leraars om kennis oor hierdie onderwerp te hê?
- Het jy nadat jy afgestudeer het verdere kennis oor die onderwerp opgedoen?
- Hoe en waar?



- Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope ses maande hanteer? Indien geen, hoeveel die afgelope jaar/jare?
- Hoeveel volwassenes wat as kind gemolesteer is, het jy die afgelope ses maande hanteer? Indien geen, hoeveel die afgelope jaar/jare?
- Watter soort terapie gebruik jy as deel van die hulpverleningsproses?
- Het jy enige opleiding in speltherapie ontvang?
- Gebruik jy speltherapie wanneer jy met kinders werk?

Denominasie:

Respondent 1: Nederduitsch Hervormde Kerk
 Respondent 2: Nederduitse Gereformeerde Kerk
 Respondent 3: Nederduitse Gereformeerde Kerk
 Respondent 4: Nederduitsch Hervormde Kerk

Waar het jy studeer?

Respondent 1: Universiteit van Pretoria
 Respondent 2: Universiteit van Pretoria en Universiteit van Suid-Afrika
 Respondent 3: Universiteit van Stellenbosch
 Respondent 4: Universiteit van Pretoria

Watter jaar het jy jou studies voltooi?

Respondent 1: 1983
 Respondent 2: 1976
 Respondent 3: 1986
 Respondent 4: 2001



Hoeveel kennis oor seksuele molestering is opgedoen tydens studies?

- Respondent 1: Geen.
 Respondent 2: Geen.
 Respondent 3: Bitter min.
 Respondent 4: Bitter min.

Dink jy dit was voldoende?

- Respondent 1: Nee.
 Respondent 2: Nee.
 Respondent 3: Nee.
 Respondent 4: Nee, ek dink nie 'n mens sal ooit genoeg kan leer nie.

Dink jy dit is nodig vir leraars om kennis oor hierdie onderwerp te hê?

- Respondent 1: Ja.
 Respondent 2: Ja.
 Respondent 3: Ja, veral indien 'n mens met tieners werk.
 Respondent 4: Ja, hoewel nie noodwendig spesifiek om intensiewe terapie te doen nie, want ek beskou dit as 'n besondere gawe om dié tipe berading te doen. Dit is egter noodsaaklik dat die pastors tekens kan raaksien, die gemeente op 'n sensitiewe wyse bewus kan maak, 'n pad met die familie wat hierdeur moet gaan kan stap én die kind moet kan ondersteun.

Het jy nadat jy afgestudeer het verder kennis van die onderwerp opgedoen?

- Respondent 1: Ja.
 Respondent 2: Ja.



Respondent 3: Ja.

Respondent 4: Ja.

Hoe/waar het jy kennis in hierdie rigting opgedoen?

Respondent 1: Verdere studie – Sielkunde III, populêre literatuur en die praktyk.

Respondent 2: Boeke, gesprekke en kursusse wat daarna verwys.

Respondent 3: Werkswinkels (FAMSA) en leeswerk.

Respondent 4: 'n Bietjie in sielkunde en teologie, maar meestal by vriendinne wat gemolesteer is.

Hoeveel seksueel gemolesteerde kinders het jy die afgelope 6 maande hanteer? Indien geen, hoeveel die afgelope jaar/jare?

Respondent 1: Geen, ongeveer een per jaar in 25 jaar.

Respondent 2: Geen.

Respondent 3: Ongeveer 15 die laaste ses maande en nog vyf ander in die laaste jaar.

Respondent 4: Een.

Hoeveel volwassenes wat as kind gemolesteer is, het jy die afgelope ses maande hanteer? Indien geen, hoeveel die afgelope jaar/jare?

Respondent 1: Geen, ongeveer twee of drie per jaar.

Respondent 2: Geen, ongeveer vier in 20 jaar.

Respondent 3: Ongeveer vier.

Respondent 4: Ongeveer drie.



Watter soort terapie word gebruik vir hulpverlening?

- Respondent 1: Ek doen gewoon my werk: liefde, troos, ondersteuning.
Betrek hulpwetenskappe: sielkundiges en maatskaplike werkers.
- Respondent 2: Pastorale gesprekke.
- Respondent 3: Ek maak hoofsaaklik gebruik van pastorale gesprekvoering om die kinders te help om oop te maak. Ek probeer my bes om die tieners te verwys aangesien ek dit as 'n spesialisbediening sien. Ek begelei hulle gewoonlik ook met betrekking tot vergifnis en die aanvaarding van genade van die Here in hierdie opsig.
- Respondent 4: Ek pas nie terapie toe nie, doen verwysings en werk nou met maatskaplike werkers wat wel speltherapie kan toepas, saam.

Het jy opleiding ontvang in speltherapie?

- Respondent 1: Nee, slegs een week by dr. Schoeman.
- Respondent 2: Nee.
- Respondent 3: Ja, 'n driedagkursus.
- Respondent 4: Nee.

Maak jy gebruik van speltherapie tydens hulpverlening?

- Respondent 1: Nee.
- Respondent 2: Nee.
- Respondent 3: Nee.
- Respondent 4: Nee, want ek het nie opleiding nie.



4.5.2 Gevolgtrekking

In sy boek, *Healing for damaged emotions*, haal Seamands (2002:10) 'n pastoor aan:

"You know, there was always a group of people I could never help. They were sincere people. I believe many of them were Spirit-filled Christians. But they had problems. They brought these things to me, and I tried to help. But no amount of advice, no amount of Scripture – of prayer on their part – ever seemed to bring them lasting deliverance."

Seamands (2002:11) noem dat daar in elke mens sekere "hurts" is wat in die pad staan van volle vertroue in God en 'n volheidslewe:

"These are scars of ancient, painful hurts ... as years ago behind the barn, or in the haystack, or out in the woods, a big brother took a little sister and introduced her to the mysteries – no, the miseries – of sex."

Meeste leraars sal moet erken dat hulle ook al met hierdie "gewondes" te doen gehad het. Indien die kerk sy pastorale verantwoordelikheid nakom en sy regmatige rol as hulpverlener in die wêreld inneem (Adams:1974:47) sal baie van hierdie "gewondes" en veral die wat seksueel gemolesteer is, gesond word. As daar egter na die gegewens gekyk word wat uit die vraelyste bekom is, faal die kerk in hierdie stadium jammerlik wat hulpverlening aan seksueel gemolesteerde kinders en volwassenes betref. Dit het verder ook geblyk dat die twee ander hulpwetenskappe (sielkunde en maatskaplike werk) inderdaad baie beter vaar op hierdie terrein as die kerk. Dit is tragies dat daar dikwels leraars is wat met goeie bedoelinge wil help, maar dat hulle as gevolg van 'n gebrek aan kennis in die proses groter skade berokken. Iets hiervan word geïllustreer deur die volgende twee aanhalings:



“An abused woman was told by her pastor that she was to forget the past and stop pitying herself, because many people have had a lot worse things happen to them than being abused by their father” (Allender, 1995:13).

“Die Here se weë is duister, Anna. Ons as swakkeling verstaan nie altyd hoekom nie. Maar daar is genesing, daar is genesing by God. Die eerste stap is om op jou knieë te gaan en jou stiefpa te vergewe, daarna sal jy voel dat ook jy deur God vergewe word.” “Dominee, ek kan nie sien hoekom ek myself moet vergewe as ek geen skuld aan my toestand het nie.” “Anna, so iets kom tog van albei kante af.” (Lötter, 2004:158.)

Wanneer soortgelyke opmerkings deur 'n leraar aan 'n gemolesteerde gemaak word, wakker dit net verdere skuldgevoelens aan. Vergifnis is immers 'n lang pad wat behels dat die gemolesteerde sy stukkende hart voor God moet bring. 'n Hart vol woede, gevul met twyfel, maar intens rebels en baie eensaam. Allender (1995:18) som hierdie probleem baie treffend soos volg op:

“It is not difficult to understand why the Christian who has been abused often chooses either to seek help outside the church or to learn to handle that damage by pretending it does not exist. Forgiveness built on “forgetfulness” is a Christian version of a frontal lobotomy.”

Beteken dit dat die kerk moet terugstaan en alle hulpverlening aan die “spesialiste” moet oorlaat, of dat die kerk sy verantwoordelikheid moet nakom en sy leraars werklik toerus om lidmate by te staan en hulp te verleen?



4.6 Samevatting

- In die voorafgaande hoofstuk het dit duidelik geblyk dat die dissiplines van sielkunde en maatskaplike werk 'n besondere bydrae gelewer het in die navorsing rondom seksuele molestering.
- Seksuele molestering is reeds so vroeg as die 1800's nagevors deur Freud, Janet en Bauer, maar dit is eers gedurende die sewentigerjare dat daar 'n groter bewuswording van die impak wat seksuele eksploitasie op vroue het, plaasgevind het. Binne 'n dekade is hervormings deurgevoer rondom wetgewing ten opsigte van seksuele misdade, soos byvoorbeeld in al vyftig Amerikaanse state.
- Daar word oor die algemeen aanvaar dat sielkundiges die beste toegerus behoort te wees om hulp te verleen aan seksueel-gemolesteerdes. Deur middel van 'n vraelys is sielkundiges uitgevra ten opsigte van hul opleiding. Al drie sielkundiges het aangedui dat bitter min kennis rondom seksuele molestering tydens hul studies opgedoen is. Kennis hieroor is, intendeel, opgedoen deur middel van selfstudie, kursusse en die praktyk. Hieruit wil dit voorkom asof daar 'n groot leemte bestaan met betrekking tot die opleiding van sielkundiges rondom die problematiek van seksuele molestering.
- Maatskaplike werk blyk die dissipline te wees waar daar die meeste kontak plaasvind met seksueel gemolesteerde kinders. Hierdie situasie word ook geskep as gevolg van wetgewing, asook die voorgeskrewe rol van maatskaplike werkers binne die juridiese sisteem. 'n Gebrek aan opleiding in die hantering van gevalle waar beweringe rondom seksuele molestering gemaak word, lei egter dikwels daartoe dat maatskaplike werkers frustrasie en intense hulpeloosheid ervaar. Die hoë omset van maatskaplike werkers by organisasies wat met gemolesteerde kinders werk, veranderinge in die hantering van gevalleladings en veranderinge in die sorgreëlins van



kinders, lei tot 'n gebrek aan kontinuïteit in die assessering van en terapie vir hierdie kinders. Dit blyk dat maatskaplike werkers baie beslis oorlaai is en dat daar terselfdertyd 'n dringende behoefte bestaan aan beter toerusting rondom die problematiek van molestering tydens hul aanvanklike opleiding.

- Dit wil uit die vraelyste voorkom asof meer maatskaplike werkers wel, in vergelyking met sielkundiges en predikante, 'n groter mate van toerusting ontvang rondom verskillende aspekte rakende seksualiteit – dit het egter geblyk dat dit nogtans onvoldoende is. Boonop is hulle so dikwels oorlaai en besig dat hulle net “besig is om vure dood te slaan”, soos een maatskaplike werker dit gestel het.
- Sedert die vroegste tye het die kerk 'n beduidende rol gespeel ten opsigte van die geestelike welsyn van sy mense. Die kerk was 'n gemeenskap wat omgee het vir mekaar – daar is saam gewerk, gedeel, omgee, saam gebid, ens. – ook met betrekking tot ongelowiges buite die liggaam. Ongelukkig is dit egter ook so dat daar dikwels by die kerk 'n mate van onvermoë was om sekere emosionele aspekte van die mens se behoeftes aan te spreek. Dit het byvoorbeeld konkreet geblyk uit situasies tydens die Middeleeue, waar gemolesteerde vroue met simptome van ernstige posttraumatische stres, as hekse op brandstapels verbrand is, óf beskuldig is van demoniese besetting. Hierdie selfde onvermoë van die kerk het in latere eeue maar net op 'n meer verskuilde wyse gemanifesteer.
- Die vraag kan inderdaad gestel word of die hedendaagse kerk werklik bevoeg en toegerus is om sy plig op hierdie gebied na te kom. Daar is selfs outeurs wat so sterk oor hierdie aangeleentheid voel dat hulle die kerk as 't ware as 'medepligtig' beskou, vanweë die feit dat daar dikwels geswyg word en nie genoeg gedoen word om ampsdraers en lidmate in hierdie verband voldoende toe te rus en te begelei nie.



- Die kerk het inderdaad 'n baie spesifieke rol te speel ten opsigte van hulpverlening aan gemolesteerde kinders, sowel as volwassenes wat as kind gemolesteer is. Dít word bevestig deur navorsing wat aangetoon het dat daar vir elke 100 lidmate in 'n gemeente, meer as 30 vroue en omtrent 15 mans is wat gemolesteer is vóór die ouderdom van 18 jaar.
- 'n Tragiese aspek wat verder uit die navorsing na vore gekom het, is die feit dat molestering ongelukkig in dieselfde mate figureer onder gelowiges as niegelowiges. Hierdie feit vra inderdaad vir selfondersoek en herbesinning deur die kerk.
- In die lig van bevindinge van hierdie hoofstuk (en van hierdie studie in sy geheel) is dit gevolglik belangrik dat veral leraars oor deeglike kennis van seksuele molestering sal beskik – hulle is gewoonlik diegene by wie daar in die meeste gevalle éérste hulp gesoek word tydens krisissituasies. Nie een van die respondente (leraars) het aangetoon dat hulle tydens hul aanvanklike opleiding substansiële opleiding ontvang het in die hantering van seksuele molestering nie, hoewel al vier van mening is dat dit beslis vir leraars nodig is om kennis oor hierdie onderwerp te hê.
- Dit het ook geblyk dat ampsdraers van die kerk swakker toegerus is en ook in die praktyk veel te wense oorlaat in vergelyking met byvoorbeeld kundiges binne die dissiplines van maatskaplike werk en die sielkunde. Hierdie aspek verdien beslis die aandag van kerklike owerhede en beleidmakers.



HOOFSTUK 5

EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 Inleiding

Daar is sowel teoretiese as empiriese navorsing gedoen in hierdie studie. In hierdie verband merk Venter (1996:89-90) tereg op: "Vir sinvolle prakties-teologiese teorievorming vir bepaalde vraagstukke in diakoniek is empiriese werk egter ook nodig. Deur middel van empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word."

5.2 Empiriese navorsing

5.2.1 Doelwit

'n Praktykteorie vir pastorale hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind moet geformuleer word. Om hierdie doelwit te bereik, moet daar integrasie plaasvind tussen die metateoretiese en die basisteoretiese perspektiewe. Die empiriese ondersoek is gebruik om te toets of dit prakties moontlik sou wees om hierdie twee perspektiewe met mekaar te versoen.

5.2.2 Kriteria van besondere gevalle

Navorser het gepoog om vier kinders uit opeenvolgende ouderdomsgroepe te gebruik om sodoende aan te dui hoe die tegnieke in verskillende ouderdomsgroepe gebruik kan word. Die meeste van die gevalle is na navorser verwys deur een van die welsynsorganisasies in die stad, aangesien navorser aan hulle goed bekend is



deur werk wat al in die verlede gedoen is. Besonderhede van elke individu is in hul gevallestudies ingesluit.

5.2.3 Bespreking van gevallestudies

5.2.3.1 Gavin se verhaal

Gavin is 'n negejarige seun. Hy herhaal tans graad twee. Sy ma en eie pa was nie getroud nie. Sy biologiese pa kuier gereeld by hulle, maar hy is onbewus daarvan dat dit sy regte pa is. Sy ma was aanvanklik getroud met 'n stiefpa (wie Gavin dink sy regte pa is). Daarna is sy geskei en toe met iemand anders getroud. Sy skei in 'n stadium ook van hierdie persoon, maar woon tans saam met hom. Gavin se broer en suster is in die Abraham Kriel Kinderhuis in Potchefstroom. Sy stiefpa se kinders woon by hulle ma. As gevolg van sy aggressie en ander probleme, is Gavin nie 'n geskikte kandidaat vir 'n kinderhuis nie en sal hy in 'n nywerheidsskool geplaas word sodra daar plek beskikbaar is.

Gavin is na navorser verwys deur 'n maatskaplike werker van die SAVF (Suid-Afrikaanse Vrouefederasie). Hy is verskeie kere gemolesteer deur beide manlike en vroulike persone.

Gavin se ouers is raadop en weet nie meer wat om met Gavin te doen nie. Sy ouers is baie inkonsekwent in die voorbeeld wat hulle stel: hulle vloek en baklei en gaan nooit kerk toe nie, maar vertel hoe goed hul verhouding met God is. Hulle sê wel dat hulle vir Gavin van God leer. Hulle het selfs 'n pastoor gekontak wat 'bevryding' op Gavin kom doen het. Daar was egter na die 'bevryding' geen verbetering in Gavin se gedrag nie. Gavin glo in God, maar is redelik verward na die 'bevryding'. Hy verstaan nie hoekom Jesus dan nie deur hierdie



'bevrydingsessie' alles kom regmaak het nie, want "die oom het dan so gevra"!

Tydens die eerste aantal sessies is 'n volledige assessering gedoen in 'n poging om vas te stel of Gavin moontlik gemolesteer is, indien wel, deur wie – en wat die probleme is wat ontstaan het as gevolg van sodanige molestering. Die tegnieke wat gebruik is dien ook as verhoudingsboutegnieke. Die speletjies is groot pret en Gavin het dit terdeë geniet. Dit het geblyk dat hy emosioneel verarm is en het gevolglik byna geen emosie getoon nie. Eers teen die derde sessie het hy genoeg ontdooi om nie meer te fluister nie, maar hardop te praat en navorser in die oë te kyk.

Hy toon die volgende simptome wat kan dui op molestering:

- Vrees – Gavin is vreesbevange vir die donker. Hy slaap gewoonlik in die TV-kamer met die TV en die lig aan. Hy weier om in sy eie kamer met sy lig af, te slaap. Gavin weier ook dat enige deur in die huis toegemaak word en gil en skree onbeheersd indien dit gedoen word.
- Ontoepaslike seksuele gedrag – hy openbaar buitengewone seksuele kennis vir sy ouderdom en wil seksuele aktiwiteite op jonger kinders forseer.
- Enurese en enkoprese – Gavin maak steeds op gereelde basis sy broek nat en vuil, wat vir hom 'n geweldige verleentheid is – veral by die skool.
- Aggressiewe gedrag – hy tree gewelddadig op teenoor sy ma en maatjies by die skool (skop en byt) en vloek en skree op almal, ook die onderwyseres. Hy weier om skool toe te gaan.



Daar is vervolgens aandag gegee aan die twee groot krisisse in Gavin se lewe op hierdie tydstip, naamlik sy wanpersepsie rondom Jesus Christus en sy vrees vir die donker.

- ❑ **Eerstens word die wanpersepsie van “hoekom Jesus nie alles kom regmaak het nie, want die oom het dan so gevra”, hanteer.**

Daar word aan Gavin verduidelik dat niemand weet hoekom God sekere dinge doen of nie doen nie. God het wel die mag om in een sekonde die herinneringe, die pyn en vrees weg te neem, maar gewoonlik werk God bietjie anders. So 'n groot seer het versorging en aandag nodig om gesond te word. Wat Gavin wil hê God moet doen, is soos om 'n pleister te plak op 'n groot seer wat eintlik steke nodig het. Dis nog stukkend en rou en het eintlik eers ander dinge nodig. Die laaste ding wat gedoen word wanneer die seer amper gesond is, is om 'n pleister op te plak.

Daar word aan hom verduidelik dat God meeste van die tyd ander mense gebruik om diegene wat seer gekry het, te help. God sal ook vir Gavin help om deur hierdie slegte ervaring te kom. Al is dit seer en wil hy nie dadelik oor die slegte dinge praat nie, sal God daar wees en hom help om heel anderkant uit te kom.

- ❑ **Tweedens word Gavin se vrees vir die donker hanteer. Sy aandag word gevestig op Bybelkarakters wat ook bang was.**

Met redelik baie hulp blyk dit dat Gavin die volgende stories ken:

Jona – “Jona was vrek bang in die vis se maag.”

Petrus – “Hy was bang want hy het gedog hy gaan versuip.”

Dawid – “Hy was bang dat die koning hom sou doodmaak.”



Moses – “Hy het weggehardloop, want hy het ’n Egiptenaar doodgemaak.”

Wat het met hulle gebeur?

God het elkeen van hulle gered. In die gesprek is daar ook na die onderstaande twee teksgedeeltes verwys om sy vrese vir die donker te verminder.

Hoe sorg God volgens die Bybel vir diegene wat bang is?

Psalm 23

God sorg vir ons soos ’n herder vir sy skape sorg. In gesprek is gewys hoe herders in die Bybel se tyd by die ingang van die kraal geslaap het om te keer dat daar roofdiere by die skape kom.

Psalm 91:11-14

God sê vir sy engele om sy kinders op te pas, oral waar hulle gaan. Engele beskerm sy kinders teen klein dingetjies, soos dat hulle nie hul tone stamp nie, maar ook teen groot goed, soos leeus en slange. Gavin speel met sagte speelgoed (waardeur die leeus en slange uitgebeeld word) om te verseker dat hy hierdie deel goed verstaan en sy eie maak. Om hierdie beginsels nog stewiger vas te lê, word hy ook gevra om ’n sandtoneel te bou wat die boodskap van hierdie teksgedeeltes uitbeeld (volgens sy begrip daarvan).

Dink hy God gee vir hom om en is bekommerd oor hom?

Hy glo dat God vir hom lief is en omgee vir hom.



Dink hy dat God hom in die donker kan beskerm?

Ja, want God kan alles sien en weet alles. Gavin is egter bang dat God dalk sal vergeet van hom en sal ophou sorg vir hom.

Dit is hier waar die teksgedeelte van Jesaja 49 handig te pas kom om sy vrese te hanteer. Hierdie deel word vir hom gelees en 'n spelterapietegniek word daaraan gekoppel. Gavin teken sy hand af op 'n stuk papier. In die handpalm skryf hy sy naam en in elke vinger skryf hy 'n eienskap van God, byvoorbeeld *God het hom lief, God gee om vir hom, God sal hom nie vergeet nie*, ens. Hierdie hand het hy huis toe geneem en voor sy bed gaan sit.

Hier moet navorser egter melding maak van wat gebeur het toe Gavin klaar was met sy hand: sy gesiggie het verhelder, asof 'n mens 'n lig aangeskakel het. Dit was asof die Heilige Gees hierdie waarheid vir hom oopgebreek en sy eie gemaak het.

Hoekom is ons bang vir die donker?

Omdat ons nie kan sien nie en ons verbeelding ons allerhande dinge wysmaak.

Hoekom is dit sleg om voor die TV te slaap?

Navorser verduidelik vir Gavin dat dit sleg is om voor die TV te slaap, omdat die beelde en gepraat steurend is en hy nie werklik 'n goeie nagrus kan kry nie. Dit is ook moontlik hoekom hy altyd moeg is in die oggende en een van die redes hoekom hy nie wil skool toe gaan nie.



Watter planne kan gemaak word?

Dit is baie belangrik dat 'n kind deel moet hê in die oplossing van sy probleme. Hierdie benadering is tweeledig: eerstens bemagtig dit die kind en tweedens aanvaar hy verantwoordelikheid en eienaarskap vir die implementering van die oplossing. Daar word voorgestel dat Gavin vir die res van die week in sy eie kamer sal slaap met 'n nagliggie aan en 'n CD-speler wat sy geestelike kinderliedjies speel – maar baie sag.

Die volgende week rapporteer Gavin baie trots dat “hy nou nie meer bang is nie en in sy eie kamer slaap”. Hy slaap egter steeds met die nagliggie aan. Sy moeder rapporteer 'n paar weke later dat hy baie rustiger is en dat hy byna nie meer “glipsies” kry nie.

5.2.3.2 Laine se verhaal

Laine is 'n tienjarige dogter wat in graad vyf is. Sy is die oudste van twee dogters wat verwyder is van hul ouers en in veiligheidsorg geplaas is. Die man met wie haar moeder getroud is, is nie haar biologiese pa nie. Pa, ma en ouma het baie gereeld gedrink en die kinders is op 'n gereelde basis blootgestel aan gesinsgeweld wanneer pa vir ma geslaan het. Die hele gesin het saam in een kamer geslaap: pa en ma op 'n dubbelbed, terwyl die kinders om die beurt by ouma op 'n enkelbedjie geslaap het. Die gesin het gereeld van blyplek verwissel en het altyd 'n kamer by iemand gehuur. Hulle omstandighede was inderdaad haglik. By een van hierdie blyplekke is die twee dogters deur die man by wie hulle gehuur het, gemolesteer. Laine het dit vir 'n maatjie se ma vertel, wat dadelik werk gemaak het daarvan.



Die stelsel het vir Laine en haar suster, Dienie, in die steek gelaat, aangesien hulle telkens van een gesin na die volgende een verskuif is. Hulle is aanvanklik vir ongeveer vier maande saam in veiligheidsorg geplaas. Weens omstandighede is hulle toe vir 'n maand by ander veiligheidsouers geplaas. Daarna is Laine weer na 'n ander plek van veiligheid verskuif, wat moontlik sou uitloop op pleegsorg. Op hierdie tydstip is Dienie in pleegsorg geplaas. Vir Laine was dit egter nog nie die einde nie. Die vrou by wie sy geplaas was, het 'n operasie ondergaan en is met kanker gediagnoseer en Laine is weereens na 'n volgende gesin verskuif.

Laine is na navorser verwys deur 'n maatskaplike werker by die CMR (Christelike Maatskaplike Raad).

Die eerste sessies is onderneem met die oog op assessering en verhoudingsbou. Laine was baie "groot" vir haar ouderdom as gevolg van die feit dat sy ma was vir haar jonger sussie. Sy was die een wat na haar sussie omgesien het, haar gehelp het met huiswerk, toegesien het dat sy bad, ens. Sy was baie verbaas oor die feit dat navorser saam met haar op die mat gaan sit het en die klei nader getrek het. Teen die vierde sessie het sy baie ontspanne begin raak en was navorser uiters verras om te sien hoe sy haar inleef in 'n tegniek waar sy die 'prinses' is in 'n 'kasteel', terwyl almal wat 'n rol in haar lewe speel, by haar kom 'kuier'. Laine was (verbasend) in voeling met haar emosies en het redelik normaal gefunksioneer. Daar was geen uitermatige probleme nie - sy het byvoorbeeld nie so 'n vrees vir die donker gehad dat dit 'n krisis was is nie.

Sy het wel die volgende moontlike tekens van molestering getoon:

- Skuldgevoelens – sy voel dat dit haar skuld is dat sy en haar sussie weggevat is by haar ouers.



- Vrees – sy is bang vir die donker en ook vir die toekoms omdat sy nie weet waarheen sy sal gaan en wat van haar sal word nie.
- Selfbeeld – Laine het 'n baie swak selfbeeld en baie min eiewaarde.
- Stigma – sy voel dat sy anders as ander kinders is - die tipiese 'beskadigde goedere'-sindroom.

Navorser het besluit om eerstens die waarheid te gebruik en om met behulp daarvan die leuens in haar lewe te identifiseer. Johannes 8:31-32 word aan Laine verduidelik. Daar word ook aan haar verduidelik dat die Satan soortgelyke leuens in haar gebruik om te verhoed dat sy haar volle potensiaal bereik.

Die drie groot leuens in Laine se lewe blyk die volgende te wees:

- Dis my skuld.
- Ek is niks werd nie.
- Ek sal nooit weer soos ander kinders wees nie.

Indien hierdie leuens nie reggestel word nie, sal Laine nooit haar volle potensiaal in Christus kan bereik nie.

□ **Dit is my skuld**

Die rol van ouers word verduidelik met behulp van 'n sagte speelgoedfamilie. Die pappa- en mammahasie sorg vir hul kinders. Hulle sorg vir kos, 'n bed om in te slaap en dat die kinders veilig is. Wanneer die groot valk kom om die hasies te vang, dan jaag pappa die kinders vinnig in hul huis in. Hy gaan heel laaste in.

Wat het haar ouers gedoen? Dikwels beskerm ouers nie hul kinders nie, omdat hulle nooit geleer het hoe om dit te doen nie. Daar word



aan haar verduidelik dat ouers 'n plig het om kinders te beskerm, omdat kinders nie na hulself kan omsien nie. Landswette verplig ouers ook om hierdie reëls na te kom. Daar is ook 'n besondere plek vir kinders in God se koninkryk en die Bybel verwys telkens daarna. Jesus het ook op aarde dikwels moeite gedoen met kinders. Ons moet dus, in opdrag van God, vir kinders sorg en vir hulle 'n geleentheid gee om optimaal te groei en te ontwikkel.

❑ **Ek is niks werd nie**

Psalm 139:13-15

“U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.”

Hierdie teks word aan haar geles en verduidelik.

Wie het haar gemaak?

God.

Dink sy God maak niks werd mense?

Nee.



Dink sy God maak spesiale mense – elkeen uniek, volgens Sy plan?

Ja.

Sy het dus ook 'n 'Pa' wat 'n Koning is en daarom is sy 'n 'prinses'.

Om Laine te assesser en om laasgenoemde gedagtes vas te lê en haar daardeur ook te bemagtig, is daar vervolgens gebruik gemaak van 'n speltherapietegniek wat ontwikkel is deur Ansie Fouche (2000), as deel van haar meesterstudie. Laine teken op 'n groot blad 'n kasteel met 'n swaar houtdeur, 'n troon, 'n tronk, 'n geheime kamer en talle ander kamers. Haar familie en almal wat 'n rol in haar lewe speel, word uitgebeeld as bolletjies klei. Sy is 'n prinses en sit op die troon – sy het 'n kroon op en 'n staf in die hand. Hierdie mense kom klop een-een aan die deur en vra om in te kom en by haar te kom bly (die terapeut vertolk hierdie rolle). Hierdie tegniek gee aan 'n kind sy/haar mag terug – daardie mag/bevoegdheid wat van die kind beroof is deurdat 'n volwassene besluit het om met die kind te doen wat hy wil. Sy het nou die reg om te sê wie mag in die kasteel inkom en wie nie en sy besluit ook waar wie sal bly. Sy kan mense ook in die tronk sit as sy wil.

- **Ek sal nooit weer soos ander kinders wees nie**

Romeine 8:28

“Ons kan nou van een ding seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur, of dit goed is of sleg, om sy doel te bereik. Alles wat met elkeen van ons gebeur wat God liefhet, werk tot ons beswil uit.” (Die Boodskap, 1997:497.)



Slegs God het die mag om 'n slegte ervaring om te draai en iets goeds daaruit voort te bring. God kom as't ware in Sy kinders se lewens in en laat die slegte goed eenvoudig net verdwyn en gee in die plek daarvan die goeie. Hy reinig volkome en was die gevoel van "vuil wees" vir ewig af.

Ons doen 'n eksperiment om hierdie waarheid vas te lê. 'n Glashouer word met water gevul en 'n bietjie ink word daarin gegooi. Dit is dan die slegte dinge wat in elkeen van ons se verlede gebeur het. Dink sy dat ons hierdie kleurstof sal kan uitkry uit die water uit? Nee.

'n Strooitjie waarin Jik is word gebruik om die water te roer. So kom roer die Heilige Gees ook ons lewe om en soos Hy roer, so word ons skoner. Die Jik maak die water weer helder. Net God is in staat om elke dag wonderwerke in elkeen van ons se lewens te doen. Die enigste vereiste is dat ons Hom moet toelaat om in ons lewens in te kom om dit te kan doen.

Laine het gesond geword na ongeveer nege maande se terapie. Sy is in pleegsorg geplaas, waar dit met haar goed gaan. Sy het gevra om gedoop te word en het 'n lewende verhouding met God.

5.2.3.3 Dienie se verhaal

Dienie is Laine se agtjarige sussie. Sy is na agt maande in pleegsorg geplaas. Sy was die witbroodjie in die huis, veral omdat sy die jongste was.

Sy het die volgende tekens getoon wat moontlik sou kon dui op molestering:



- Ontkenning van molestering.
- Onderdrukking en ontkenning van emosies.
- Skuldgevoelens – sy het baie gesukkel om te verbaliseer dit waarom sy skuldig voel. Navorser het die vermoede gehad (en dit ook getoets) dat Dienie opwekking ervaar het tydens die molestering en dat dit haar agterna skuldig laat voel het. Dit kon ongelukkig nie verbaal bevestig word nie, aangesien Dienie elke keer net afgekyk het en geweier het om daaroor te praat.
- Onderdrukte woede – sy het baie gereeld woede-uitbarstings gekry, wat probleme by die pleegouers veroorsaak het.

Dienie was werklik 'n baie moeilike geval. Deur haar ontkenning van die molestering (wat tydens die hofspraak wel bevestig is) het dit die terapeutiese proses ernstig geblokkeer. Daar kan nie gewerk word aan 'n probleem indien die gemolesteerde nie die probleem erken nie. Navorser het vir Dienie herinner aan die feit dat sy en haar sussie in die hof getuig het teen die oom en dat die oom tronk toe is. Dienie het egter slegs stilgebly en weggekyk. Navorser het besluit om te begin werk aan die woede-uitbarstings in die hoop dat Dienie haar sou vertrou en die feite rondom die molestering uiteindelik met haar sou deel.

□ **Woede-uitbarstings**

Die storie van Moses in Eksodus 2:11-15 is aan Dienie vertel. Sy het die storie en die les van die storie vinnig gesnap, maar sê “dat sy nie kan help as sy so kwaad word nie”. Sy was egter bereid om enigiets te probeer.

Verskeie tegnieke is aan Dienie geleer, om haar te help om haar woede onder beheer te kry. Die eerste tegniek was slegs daarop



gefokus om haarself aan die situasie te onttrek - om dus nie kwaad te word en die pleegma te skop nie, maar buite te gaan stap of sit totdat sy kalmer is en dan die probleem te bespreek. Sy het dit probeer, maar die pleegma was toe ongelukkig omdat die kind "nie die saak wil uitpraat nie". Navorser het probeer om leiding aan die pleegma te gee, maar sonder sukses.

Daar is vervolgens gebruik gemaak van die verkeersligtegniek (Le Roux & De Klerk, 2004:62), wat 'n baie eenvoudige tegniek is. Drie sirkels of kolle - rooi, oranje en groen - word op 'n bladsy geplak. Die rooi lig sê stop, diep asemhaal, kalm word of 'n blaaskans neem. Die oranje lig gee tyd om na te dink oor ander maniere om die probleem op te los. Die groen lig beteken dat daar aangegaan kan word met die beste oplossing vir die probleem. Hierdie tegniek is baie goed aangeleer, maar nie baie suksesvol toegepas nie.

As 'n verdere poging om Dienie van haar aggressie ontslae te laat raak, is daar vervolgens gebruik gemaak van 'n tegniek wat ontwikkel is deur Cathy Wunderlich en opgeneem is in die boek *101 Favorite Play Therapy Techniques* (Schaeffer & Kadusson, 1997:282). Borrels word geblaas en die kind moet dan die borrels stukkend trap. Dienie het die tegniek baie geniet, maar dit het ook nie die probleem opgelos nie.

❑ **Onderdrukte emosies en ontkenning van emosies**

Navorser het aan Dienie verduidelik dat die emosies wat sy onderdruk, aanleiding kan gee tot die woede-uitbarstings en dat daarna gekyk moet word.



Die speletjie *pick-up sticks* word gespeel, maar met 'n verskil. Die verskillende kleure stokkies het verskillende puntewaardes, maar 'n sekere emosie is ook aan 'n kleur toegeken. Wanneer sy dan die stokkie optel, moet sy vertel van 'n situasie waar sy die bepaalde emosie beleef het. Die emosies waaraan kleure toegeken is, was:

- Woede – rooi
- Vreugde/blydschap – blou
- Hartseer - Geel
- Jaloesie - groen
- Pyn of vrees - swart
- Opgewondenheid - wit

Ná die speletjie is daar aan haar verduidelik dat God die mens met emosies gemaak het en dat dit normaal is om dit te voel. Emosies is vir God so belangrik dat Jesus ook emosies ervaar het. Die emosies wat Jesus ervaar het, word aan haar verduidelik:

- Toe Jesus gekruisig is, het Hy erge pyn ervaar.
- Jesus was bang. Toe Hy in Getsemane gebid het, sê Matteus 26:36-46 dat Hy doodsbenoud was; en Lukas 22:39-46 sê dat sy sweet soos bloeddruppels geword het.
- Jesus het ook kwaad geword. Hy was kwaad vir die Fariseërs wat nie wou hê Hy moet mense gesond maak op die Sabbat nie (Markus 3:1-6). Hy was kwaad vir die dissipels wat nie wou hê dat die kindertjies na Hom toe kom nie (Markus 10:13-16). Hy was baie kwaad vir die mense wat goed in die kerk verkoop het (Matteus 21:12-13).
- Jesus was hartseer. Matteus 26:36-46 sê dat "Hy bedroef geword het".

As Jesus – wat die Seun van God is – soveel emosies ervaar het, dan is dit mos niks minder as reg dat sy kinders ook emosies ervaar nie.



Dienie was baie lank by navorser vir terapie – byna twaalf maande, met onderbrekings. Al wat 'n tegniek is, is gebruik. Alle areas wat deur molestering geraak word en wat in hierdie kind na vore gekom het, is aangespreek. In hierdie hele tydperk is daar ook ernstig vir haar, soos vir al die ander kinders, gebid. Daar was baie krisisse tussen haar en die pleegouers (byna weekliks) wat uitgesorteer moes word. Daar het egter min positiewe verandering plaasgevind by haar sowel as by die pleegouers. Dienie is in 'n stadium verwyder by die pleegouers nadat hulle nie meer kans gesien het vir haar nie en sy is tans in veiligheidsorg. Sy sal moontlik in 'n kinderhuis geplaas word. Terapie is gestaak nadat die veiligheidsmoeder nie meer kans gesien het om haar vir terapie te bring nie.

Uit die vier gevallestudies wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word, was drie van die vier se uitkomste baie positief. In hierdie geval (dié van Dienie) was navorser effens teleurgestel met die uiteindelijke afloop van die situasie. Enersyds was daar soms omstandighede buite haar beheer wat die terapieproses uiters gekompliseer het (byvoorbeeld die invloed van sosiale strukture, die burokratiese sisteem, asook die gebrekkige samewerking van verskillende pleegouers wat nie altyd ten volle gemotiveer was nie); andersyds is daar die hoop dat die terapieproses moontlik in die toekoms wel weer hervat kan word en dat dit dan moontlik op meer positiewe resultate kan uitloop (indien daar byvoorbeeld weer ander pleegouers betrokke raak wat self meer gemotiveer is ten opsigte van Dienie se toekoms). Die verskillende speltegnieke wat hanteer is in die terapie met Dienie tesame met hierdie hele proses was nietemin vir navorser van groot waarde en uiters leersaam en daar was beslis momente waar dit duidelik geblyk het dat dit 'n positiewe impak op Dienie gehad het.



5.2.3.4 Ria se verhaal

Ria is 'n sewejarige dogter in graad een. Sy woon by haar eie ma en stiefpa. Toe sy ongeveer vier jaar oud was, is sy deur 'n oom (familielid) gemolesteer terwyl hulle daar gekuier het. Sy het dit egter eers onlangs aan die ma vertel en is dadelik deur die moeder na navorser gebring vir terapie.

Tydens die aanvanklike verhoudingsbou is 'n deeglike assessering gedoen. Ria het die volgende tekens van molestering getoon:

- Vrees – vrees vir die donker en vrees vir vreemdelinge.
- Woede/aggressie – veral teenoor haar ma en maatjies.
- Onderdrukte emosies.
- Hulpeloosheid – sy is erg ontmagtig deur die molestering en haar grense is beskadig.

Vrees, woede en onderdrukte emosies is hanteer met behulp van die tegnieke wat reeds beskryf is. Om die gevoel van hulpeloosheid te hanteer, is gebruik gemaak van 'n huisie-metafoor wat ontwikkel is deur Marieta Oelofse wat in 2000 haar meestersgraad in maatskaplike werk verwerf het (Oelofse, 2000:105).

Die storielyn is as volg (verkort en aangepas):

“Eendag was daar 'n huisie. Die huisie was nog klein. Die huisie se naam was Ria. Sy het naby ander huisies gebly en het nie geweet dat skelms by huisies inbreek en goed steel nie. Daarom was daar nie diefwering en so meer nie. Sy het baie daarvan gehou as iemand vir haar kom kuier en daarom was haar venstertjies en deurtjie oop. Van die kabouters wat daar naby gebly het, het dikwels by Ria-huisie kom kuier. Kabous



was 'n kabouter wat haar baie ongemaklik laat voel het. Hy het sommer aan haar gevat op plekke waar sy nie wou hê hy moes nie. Hy wou nie luister nie. Ria-huisie het begin om haar venstertjies en deurtjies toe te maak, sodat daar nie weer kabouters vir haar kon kom kuier nie. Sy was baie hartseer en baie bang, want Kabous wou nie vir haar luister toe sy sê hy moet haar uitlos nie. Hy het sommer net haar venstertjies en deur gebreek en ingekom.

Eendag het die Ria-huisie besluit sy gaan nie meer bang wees nie. Sy het vir mamma-huisie vertel en mamma-huisie het haar na 'n huisie-dokter toe gevat om haar te help om haar huisie weer reg te maak.”

Om hierdie storie ook van toepassing op die hier en nou te maak, het navorser aan haar verduidelik dat haar lyf soos 'n huisie is. Jesus het die huisie (haarself) gemaak en vir haar ouers gegee. Hulle was die mense wat die huisie moes oppas. Toe kom die stoute oom en breek haar huisie oop. Hy het die vensters en deur oopgebreek en van toe af is sy bang dat enigiemand weer kan inkom. Maar Jesus wag al lankal dat sy moet vra dat Hy weer vir haar die huisie moet kom heelmaak, want aangesien Jesus haar gemaak het, is Hy mos die beste persoon om weer te kan bou. Saam het hulle toe begin om te bou, bietjie vir bietjie en nou hoef die Ria-huisie nie meer bang te wees nie, want al die deure en vensters is toegebou.

Filippense 1:6

“Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer ...”



Die belofte in hierdie Skrifgedeelte word aan haar verduidelik. Die wonderlike is dat die Bouer haar nooit los nie. Hy maak die werk klaar wat Hy begin het. As die deure of vensters weer begin verweer, sal die Bouer help. As daar 'n storm kom en die huisie kry skade, maak nie saak hoeveel jaar later nie, sal die Bouer dadelik weer help bou.

Die gelykenis in Matteus 7:24-29 van die huis wat op sand of rots gebou is, is vir haar gelees. Sy ken reeds die liedjie wat daaroor gaan. Sy bevestig dat haar huisie op die Rots gebou is en dat sy Hom daarmee gaan vertrou.

Ria en haar ouers is deeglik bewus gemaak hoe om molestering te verhoed en wat sy kan doen as sy ongemaklik voel of weer in so 'n situasie kom.

Ria het slegs vir 'n paar maande terapie ontvang en dit gaan steeds goed met haar.

5.3 Gevolgtrekking

Wanneer daar na hierdie gevallestudies gekyk word, is dit baie duidelik dat pastorale hulpverlening aan getraumatiseerde kinders op 'n sinvolle wyse versoen kan word met speltherapie en dat dit 'n effektiewe resultaat kan lewer. Jesus self het vir ons 'n basiese model van berading gegee en dit is ideaal vir gebruik in speltherapie. Hy het sy dissipels geleer, Hy het van gelykenisse (stories) en beelde gebruik gemaak, Hy het dit wat Hy geleer het, uitgeleef (Sweeney & Landreth, 1993:353). Hy het hulle ook uitgestuur en vertrou om (met sy hulp) te gaan leef volgens dit wat hulle geleer is. Dit het verder geblyk dat dit in die praktyk nodig is om van tegnieke gebruik te maak wat werk en wat daadwerklik 'n verskil kan maak.



Tesame met toepaslike pastorale beginsels kan dit dan ontwikkel in 'n kragtige terapeutiese instrument.

Opsommenderwys kan die resultate van elk van die vier gevallestudies dan kortliks soos volg aan die orde gestel word:

5.3.1 Gavin

- Die karakters wat ook bang was, as deel van Bybelse metafore, het Gavin self tot die besef gebring dat God elkeen van hulle gered het en hom dus ook sal help.
- Die verhaal van Psalm 23 – dat 'n herder soveel omgee vir sy skape dat hy voor die ingang van die kraal sal slaap – het Gavin baie beïndruk en het bygedra tot 'n beter begrip van God se liefde.
- 'n Kombinasie van 'n Skrifgedeelte en 'n sandtoneel bring mee dat die boodskap wat uitgebeeld word, deeglik vasgelê word.
- Jesaja 49 is op 'n visuele wyse uitgebeeld deur 'n hand te teken. Gavin se Godskennis asook sy Godsbeeld is uitgebrei deur eienskappe van God in sy eie woorde neer te skryf. Die eindproduk is elke aand langs Gavin se bed geplaas en was vir hom 'n tasbare herinnering en troos.
- Simboliek is 'n sleutelelement in die vorming van spirituele bewussyn en uiteindelik geloof. Die misterie van geloof volgens Hebreërs 11:1 ("om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie"), ontkiem en neem vorm aan deur die simboliese handeling van speel.

5.3.2 Laine

- Die waarheid is van groot belang vir God. In Johannes 8:32 noem Jesus dat die waarheid vrymaak. Gemolesteerdes het dikwels 'n baie skewe beeld van wat die waarheid is en Satan gebruik hierdie leuens in hul lewens om hulle te



weerhou van geestelike groei. 'n Verduideliking aan Laine van wat die waarheid rondom molestering is het haar waarlik kom vrymaak, net soos wat Jesus in Johannes 32 belowe het.

- Psalm 139, tesame met die kasteeltegniek, lewer 'n uiters geslaagde resultaat: Laine se Godsbeeld is meer gesond, terwyl sy terselfdertyd ook bemagtig word.
- Romeine 8:28 het 'n uiters treffende boodskap rondom die almag en goedheid van God. Die eksperiment wat daarmee gekombineer is, het teweeggebring dat hierdie teksgedeelte vir 'n baie lang tyd vasgelê is. Die kern van die teksgedeelte is ook op 'n visuele wyse aan die kind voorgehou en dit het die betekenis besonder verhelder. Volgens Stewart & Berryman (soos aangehaal in Stover & Stover, 1994:32) moet God ondervind word, nie net van gehoor word nie. Die gebruik van meer as een sintuig stel die kinders in staat om byna in dialoog met God te tree deur ook hulle belewenisse na Hom te bring.

5.3.3 Dienie

- Die Moses-verhaal is aan Dienie vertel en sy het die les baie vinnig gesnap, maar dit ongelukkig nie haar eie gemaak nie.
- Speel is die een manier waarop 'n kind op 'n natuurlike wyse hom-/haarself kan uitdruk. Uit die aard van die saak is dit dan ook 'n niebedreigende manier. Piers & Landau (1980:38) voer aan: "What emotionally sturdy children do naturally – master fears through imaginative playing – is often difficult or impossible for severely troubled children to accomplish." Deur 'n eenvoudige speletjie soos *pick-up sticks* het Dienie emosies geverbaliseer, asook gevalle waar sy dit beleef het. Hierdie herkenning van emosies is toe gebruik om 'n vergelyking te maak met die emosies wat Jesus ervaar het.



5.3.4 Ria

- Die huisie-metafoor verleen hom uitstekend tot 'n kombinasie met Bybelse beginsels, veral ook omdat Jesus self 'n gelykenis oor huise gebruik het. Inderdaad het God elke mens geskep, soos Psalm 139 tereg noem. 'n Tasbare uitbeelding van 'n huis maak dat die les uit die storie goed vasgelê word, aangesien die kind baie van haar sintuie gebruik in die maak daarvan.
- Die belofte van Filippense 1:6 verbreed Ria se kennis oor God. Die feit dat God as Bouer uitgebeeld word, maak dat Ria God beter kan verstaan. Op sewejarige ouderdom dink kinders nog baie konkreet en is hulle nie in staat om abstrakte konsepte oor God te verstaan nie.

5.4 Samevatting

Uit hierdie gevallestudies kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Navorsing rondom spel terapie op sielkundige gebied blyk baie meer gevorderd te wees as op pastorale gebied. Dit is dus belangrik vir pastorale beraders om kennis te neem van hierdie terrein. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die enkele akademiese bydraes wat reeds deur pastorale beraders in hierdie verband gelewer is.
- Daar is 'n behoefte by die getraumatiseerde kind self dat die probleem van seksuele molestering pastoraal aangespreek moet word. Elke kind het aangedui dat hierdie probleem 'n invloed op sy/haar verhouding met God het. 'n Behoeftes aan geestelike groei en kennis is ook deur elkeen uitgespreek.



- Die begeleiding van 'n seksueel gemolesteerde kind hou verband met 'n langtermynherstelproses. Dit vra toewyding van beide die berader en die kind. Die waarheid moet herontdek word, want dit bring insig en herstel.
- Die mees effektiewe hulpverlening blyk 'n eklektiese benadering te wees. Enersyds word daar kennis geneem van die bydraes vanuit ander hulpwetenskappe rondom speltherapie wat effektief gebruik kan word ten opsigte van die hulpverleningsproses; andersyds word daar ook ten volle gebruik gemaak van pastorale riglyne. Die oplossing lê dus in 'n holistiese benadering waar daar aandag gegee word aan die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die kind.
- In veral drie van die vier gevalle het geblyk dat 'n kombinasie van pastoraat en speltherapie baie effektief is. Die besondere aard van hierdie kombinasie sentreer rondom die feit dat God, die groot Heler, genesend en restourerend in kinders se lewens werk deur middel van iets wat vir hulle absoluut natuurlik kom, naamlik speel.



HOOFSTUK 6

PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE SEKSUEEL GEMOLESTEERDE LAERSKOOKIND MET BEHULP VAN SPELTERAPIE

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om van die teorie na die praktyk oor te gaan. In die pastoraat word God as die groot Heler erken en Hy werk genesend in kinders se lewens, hetsy deur die Heilige Gees, die gebruik van 'n feilbare mens of deur die gebruik van speltherapie – óf dan ook deur al drie tesame.

6.2 Doelstelling

Die primêre doelstelling is om praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van seksueel gemolesteerde kinders, wat sal lei tot emosionele heelwording en geestelike groei. Om hierdie doel te kan bereik sal dit nodig wees om basisteoretiese perspektiewe asook metateoretiese perspektiewe te integreer. Die volle sirkelgang van die metode, soos voorgestel deur Zeffass (cf. 1.5, 1974:164) kom dan op hierdie wyse tot volle uitvoering.

In hierdie hoofstuk word vervolgens op die volgende aspekte gefokus:

- Skrifgefundeerde begeleiding aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind:
 - beveiliging van die kind;
 - voorbereiding vir 'n beradingsessie;



- 'n model vir hulpverlening; en
- die proses in 'n neutedop.

6.3 Skrifgefundeerde begeleiding aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind

6.3.1 Beveiliging van die kind

Seksuele molestering, net soos emosionele en fisiese mishandeling, laat diep letsels. Só diep dat Shengold (1989:2) dit “soul murder” noem. Kinders is byna volledig afhanklik van volwassenes vir sorg en dit maak oortredings teen kinders maklik. Die versekering van 'n kind se veiligheid word gevolglik as 'n voorvereiste vir suksesvolle terapie beskou. Veiligheid beteken dat die kind nie aan verdere seksuele misbruik, verliese of verwydering blootgestel moet word nie. Kinders hoef nie noodwendig altyd deur die welsyn verwyder te word nie. Ouers beveilig dikwels self hul kinders teen die oortreder deur toegang tot die kind te weier (*cf.* 3.1).

Die berader moet 'n omgewing skep waarin die kind veiligheid en beheer kan beleef. Die verloop van die beradingsessies kan in breë aan die kind verduidelik word en die kind kan gerus gestel word dat niks teen sy wil sal gebeur nie.

6.3.2 Voorbereiding vir 'n beradingsessie

Wanneer daar voorberei word vir 'n beradingsessie is dit uiters belangrik om twee beginsels toe te pas:

- **Gebed (*cf.* 1.2.4)**

Die terme *bid*, *gebed* en *gebid* kom in 319 verse in die Bybel voor. Dit is dus 'n baie belangrike voorskrif vir gelowiges in die Bybel. Collins (1988:29) sê:



“... a spiritual base of prayer is essential.” Die berader moet 'n intieme verhouding met God hê en gebed behoort 'n baie belangrike rol in sy lewe te speel. Aangesien die berader slegs 'n instrument in God se hand is, is dit belangrik dat die berader God se leiding sal soek. Paulus bid in Efesiërs 1:17-18 vir die Efesiërs dat God deur sy Gees aan hulle wysheid sal gee en dat “Hy julle geestesoë so verhelder ...”. So behoort elke berader ook te bid, want God se krag kom juis tot volle werking deur die mens se swakheid. Kinders, veral kleiner kinders, het nog nie die vermoë om te bid nie en verstaan nie altyd die berader se gebed nie. Daarom is dit uiters belangrik dat die berader gereeld by God intree vir elkeen van die kinders wat beraad word.

- **Gebedsondersteuning**

Vanweë die uiters emosionele aard van seksuele molestering, is dit nodig dat die berader vennote het wat vir hom/haar bid. Prediker 4:9-10 sê: “Twee vaar beter as een ... as die een val, kan die ander hom ophelp.” Hierdie vennote moet ook gereeld vir die beradenes bid. Hulle moet op hoogte gehou word van spesifieke behoeftes van elke kind wat beraad word, sodat hulle dit in gebed aan God kan opdra.

6.3.3 Model vir hulpverlening

Aangesien elke kind uniek is en ook so behandel behoort te word, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie model nie slaafs toegepas kan word op elke kind nie en dat die proses nie noodwendig in alle gevalle in dieselfde volgorde sal verloop nie. Die beradingssessie moet by die spesifieke behoeftes van die kind aansluiting vind. Die Heilige Gees is in beheer van die beradingssessie en die berader laat hom/haar dienooreenkomstig lei.



6.3.3.1 **Assessering (cf. 5.2.3.1)**

Assessering is die bymekaar maak van inligting wat nodig mag wees vir die daarstel van effektiewe en doelgerigte behandeling. Tydens die assessering moet inligting ingewin word rondom die aard van seksuele misbruik, die impak van die misbruik op die kind en sy algemene psigologiese funksionering. Dit is belangrik dat daar deeglik kennis geneem word van die kind se ontwikkelingsvlak, individuele geskiedenis, voorkeure, belangstellings, persoonlikheid en ondersteuningsstelsel. Vind by die kind self uit watter woorde die kind gebruik om bv. genitalieë te beskryf. Wanneer 'n kind toestemming "ontvang" om hierdie woord(e) te gebruik, word hy/sy gevolglik gedesensitiseer om oor die seksuele gebeure te praat.

Verskeie tegnieke kan gebruik word tydens assessering. Dit is belangrik dat die berader wat spel terapie wil gebruik, minstens een formele kursus (maar verkieslik meer) sal bywoon voordat dit gebruik word. Hulpmiddels wat gebruik kan word is die volgende:

- Tekeninge (teken jouself of jou familie)
- Klei (cf. 5.2.3.2)
- Speelgoeddiertjies (as jy enige dier kan wees, wat sal jy wees en hoekom?)
- Sandspel
- Rollespel
- Handpoppe

Dit is altyd nodig dat gespreksvoering afgewissel moet word met aktiwiteite om die kind se aandag te behou. Beweging is ook noodsaaklik, aangesien dit vir die laerskoolkind moeilik is om vir lang periodes stil te sit.



6.3.3.2 Genesingsproses

Nadat alle inligting ingewin is, moet daar oorgegaan word tot die begeleiding van die kind tot heelwording in Christus. Aangesien die mens (en dan ook die kind) in 'n besondere verhouding met God staan – wat alle ander verhoudings in die mens se lewe bepaal – is dit belangrik dat die kind gelei word om op 'n verantwoordelike wyse sy lewe tot God te verbind. Die Christenberader het nie net ten doel om die kind by te staan in die hantering van probleme nie, maar is ook intensief betrokke by geloofsgroei. Daarom moet daar veral op die Woord van God gelet word vir gebruik in berading en godsdienstige en morele kwessies moet deur die hele beradingsproses in gedagte gehou word.

God het die mens geskep met 'n fisiese liggaam, die vermoë om te dink, te redeneer, te voel. Wanneer die genesingsproses begin, moet daar aandag aan al hierdie aspekte gegee word. Heelwording geskied dan in verskillende stappe:

□ **Stap 1: Herstel van wanpersepsies**

Die kind moet van die basiese feite rakende seksuele molestering voorsien word, sodat wanpersepsies gekonfronteer en reggestel kan word. Kinders wat seksueel gemolesteer is, word dikwels baie geïsoleer (deur ander sowel as hulself) en die korrekte inligting sal bydra daartoe dat die kind begrip ontwikkel vir sy reaksie op die misbruik (*cf.* 3.5.2.4). Hy sal verstaan dat sy reaksie eintlik normaal is onder die omstandighede.



Beginnels vanuit die volgende Skrifgedeeltes, soos geformuleer in die basisteoretiese Hoofstuk 2, kan in hierdie stadium geïnkorporeer word in die terapeutiese gesprek:

Johannes 8:31-32 (cf. 2.4.1)

- Geen mens kan gesond word van die boosheid van seksuele molestering deur dit te ontken, deur voor te gee dat dit nie gebeur het nie of deur daaroor te jok nie.
- Die lesse wat seksueel-gemolesteerdes in hul kinderjare geleer het, is die lesse waarvolgens hulle gewoonlik hul lewens lei.
- Baie van daardie lesse is gevul met leuens en gemolesteerdes skryf dikwels dinge aan God toe wat slegs aan Satan toegeskryf moet word (Langberg, 1999:79). Daarom is dit uiters belangrik dat die kind se Godsbeskouing ook herstel moet word.
- Al is die soeke na die waarheid een van die mees vreesaanjaende dinge wat 'n seksueel-gemolesteerde ooit sal doen, sal die waarheid vrymaak as hierdie tog aangepak word.
- Iemand wat deur hierdie proses gegaan het en die waarheid herken het, formuleer haar ervaring soos volg:

"I have come to see evil for what it is – ever present, dreadful, and most difficult to understand. However, through that dark cloud a light has shone, and his name is Jesus! How different he looks to me now. He is sad, sad about the terrible things others did to me and sad about the pain it brought into my life. He weeps. He loves me. My blindness was so great. I could not see that he loved me. He has helped me see all the pain he suffered at the hands of evil men. He understands my pain. He knows." (Langberg, 1999:187.)



Jesaja 49:15 & 16 (cf. 2.4.5)

Die beelde wat in hierdie teks gebruik is, het oor die algemeen 'n sterk impak op die seksueel-gemolesteerde. Hy/sy is heel moontlik deur 'n ma vergeet en sy/haar mure is ook afgebreek. Iets hiervan word soos volg verwoord deur Anna in die boek *Dis ek, Anna*:

"Hoekom bel my ma my nooit? Dink tannie dat sy van my vergeet het?"

En verder:

"Mamma?"

"Anna?"

Ek moes hard sluk teen die knop in my keel. "Hoe gaan dit met Mamma?"

"Anna." Daar was 'n oomblik stilte, toe het sy sagter gepraat, asof sy nie wou hê dat iemand hoor nie. "Jy moenie weer bel nie. Jy het vir ons amper vreeslike moeilikheid gemaak.

Asseblief moenie weer bel nie." (Lötter, 2004:160).

- Ook hierdie gedeelte kan gebruik word om 'n leuen van Satan ongedaan te maak. Die leuen dat die gemolesteerde deur almal vergeet is, ook deur God.
- 'n Mens graveer tog nie 'n naam in jou handpalms as jy niks van iemand wil weet of as iemand waardeloos is vir jou nie? Hierdie beeld wat die Skrif gebruik, kan ook gebruik word om die gemolesteerde te laat besef hoeveel waarde God aan hom/haar heg.
- Laastens is die beeld van die mure van Sion wat verval is, ook 'n treffende gedagte wat gebruik kan word. God sien hierdie verval mure raak en dit pla Hom. God wil nie hê dat die mure so moet bly nie. Dit moet weer opgebou word. Hierdie verval mure kan twee betekenis vir die gemolesteerde hê: enersyds die ontering en verkragting wat hy/sy beleef het en wat tot gevolg gehad het



dat daar geen selfbeeld meer bestaan nie en andersyds die skending van grense wat 'n blywende uitwerking op die gemolesteerde het. God wil hê die gemolesteerde moet met sy hulp begin bou. Bou aan die herstel van die selfbeeld en bou aan die herstel van grense.

- Hierdie Skrifgedeelte het uitstekende toepassingsmoontlikhede in die pastorale en terapeutiese gesprek met gemolesteerdes.

Deuteronomium 6:6-9 (cf. 2.4.6)

Gemolesteerdes probeer dikwels die maklike uitweg kies, naamlik dié van vergeet. Die traumatiese ervaring van die molestering word diep weggebêre en hulle probeer hul bes om nooit weer daaraan te dink nie. Maar ook hierdie is 'n leuen, want slegs wanneer iets in die lig kom kan dit nie meer seermaak nie – dan kan werklike heling begin.

'n Kind wat hierdie liefdesboodskap van God in Deuteronomium 6:6-9 verstaan en dit in sy/haar hart hou, sal baie moeilik as volwassene geneig wees om kinders te molesteer, want dit druis direk in teen God se riglyne. 'n Verdere belangrike aspek vanuit hierdie gedeelte in Deuteronomium met betrekking tot die gemolesteerde is die feit dat die foute van die verlede nie vergeet moet word nie, maar dat iets daaruit geleer moet word. Foute – soos veral molestering – mag nooit herhaal word nie.

□ Stap 2: Ontwikkeling van vaardighede (cf. 5.2.3.2)

Die kind moet vaardighede op drie verskillende vlakke ontwikkel ten einde te verseker dat hy ten volle heelwording in Jesus ervaar.



- **Emosioneel**

Romeine 8:28 (cf. 2.4.2)

Hierdie is 'n gedeelte in die Nuwe Testament wat aan die gemolesteerde besondere troos en hoop gee. Wat hier staan, skep eintlik vir die gemolesteerde 'n strepie lig in 'n andersins donker en hooplose wêreld. In *Dis ek, Anna* beskryf Anna haar gebed een aand soos volg:

“Ek bid die aand so onsamehangend dat ek agterna twyfel of God my verstaan. Tog het ek beter gevoel toe ek in die bed klim. Asof ek nader aan God was. lewers moes iets my geraak het. Of het God my eindelijk raakgesien? My gehoor? (Lötter, 2004:160).

Dit is juis in hierdie omstandighede waar die Gees vir die gemolesteerde persoon intree by God. Hierdie deel hou gevolglik geweldige troos in vir seksueel-gemolesteerdes, wat dikwels optree op die enigste manier wat hulle ken, en dan daardeur sonde doen. Slegs God is in staat om jou foute en jou sonde om te keer en dit tot jou beswil te gebruik. Slegs God is in staat om die slegte in die goeie te verander.

Die gemolesteerde se hoop moet herstel word

Die belofte dat God alles wat gebeur met elkeen van ons wat Hom liefhet – goed of sleg – tot ons beswil laat uitwerk, laat gemolesteerdes beseef wat die omvang van ons God se liefde en sorg is. Dit geld soveel te meer in die geval van die seksueel-gemolesteerde, aangesien hulle dikwels geen hoop het nie (cf.



3.5.2). Hulle kan nie glo dat daar ooit uitkoms vir hulle kan wees nie en het gevolglik hoop nodig om hulle op die pad van genesing te laat vorder. Verder is dit ook so dat seksuele molestering blywende skade laat – onomkeerbaar deur mense – iets wat slegs God kan genees. Dit wat 'n gemolesteerde by geleentheid gesê het, sluit perfek aan by hierdie Skrifgedeelte:

"I have hope. I fought it for a long time. I think it was there before I would admit it. It is different from what I felt as a kid. Then I just hoped things would turn out okay. Do I still want that? Of course. But I have a greater hope now. I have the certain hope that no matter what, Christ can redeem whatever happens. I have seen life come out of the death in my life. I know it can happen." (Langberg, 1999:150.)

Sin en betekenis moet herstel word

Kinders moet gelei word om tye van swaarkry as leergeleenthede te beskou (2 Korintiërs 1:6), kanse om bewus te word van dit wat werklik saak maak. Deur kinders by te staan in hierdie proses, word hulle ook gehelp om op 'n kinderlike wyse die teologiese sin te verstaan van dit wat met hulle gebeur.

Die vermoë om keuses te maak

Kinders moet verder geleer word dat 'n mens, hoe klein ook al, die vryheid het om keuses te maak en dat hierdie keuses 'n mens se lewensgeskiedenis bepaal. Seksueel gemolesteerde kinders vind dit dikwels baie moeilik om keuses uit te oefen (*cf.* 3.8.1) en daarom moet die berader die kind tydens die helingsproses bystaan om keuses te maak. 'n Mate van verantwoordelikheid word byvoorbeeld aan 'n kind gegee wanneer hy/sy moet besluit



met watter speelding hulle wil speel. Hierdie keuse-element het 'n duidelike Skrifbegroning wanneer Paulus in 1 Korintiërs 4:21 aan die Christene in Korinte vra: *“Wat verkies julle? Moet ek met 'n slaanding na julle toe kom, of in liefde en in 'n gees van vriendelikheid?”* Hoe kan daar van kinders verwag word om lewensveranderende keuses te maak as hulle nog nooit die geleentheid gegee is om enige keuses te maak en met die gevolge van hul keuses saam te leef nie? God laat individue toe om te kies of hulle 'n verhouding met Jesus wil hê al dan nie. Mag ons minder van ons kinders verwag?

Traumatiese herinneringe moet deurgewerk word

Traumatiese herinneringe wat nie deurgewerk word nie kan tot ontwrigte funksionering aanleiding gee (cf. 3.8.2). Herinneringe wat die minste bedreiging veroorsaak, word eerste in die terapie hanteer en dan word die kind geleidelik gekonfronteer met meer intense belewenisse. Dit is noodsaaklik dat die seksuele misbruik nie net as't ware 'herkonstrueer' moet word nie, maar dat geleentheid vir emosionele ontlading ook gebied word. As deel van hierdie proses moet die kind dan kan uitdrukking gee aan sy/haar emosies soos pyn, hartseer en teleurstelling.

Hantering van fantasieë

Die kind se fantasieë oor wat hy/sy aan die oortreder wil doen en sê, kan benut word om 'n gevoel van mag en beheer te bewerkstellig. Die kind moet aangemoedig word om sy/haar fantasieë rondom die oortreder uit te speel of uit te beeld.



- **Fisies**

Psalm 139:15-16 (cf. 2.4.3)

Seksuele molestering doen skade aan die liggaam, sowel as die manier waarop daar oor die liggaam gedink word. Vir 'n gemolesteerde is die blote gedagte aan lewe in 'n liggaam wat jou verrai het, vreesaanjaend. Om in 'n liggaam te leef wat jou gedurig herinner aan wat met jou gebeur het, is om soos 'n gevangene te voel (cf. 3.7.1.4).

Eienaarskap van sy/haar liggaam

Gemolesteerdes moet weer geleer word om 'n gevoel van eienaarskap van hul liggame te hê. Die waarheid oor hul liggame moet ondersoek word. Psalm 139:15-16 is 'n teksgedeelte wat baie goed vir hierdie doel gebruik kan word. Dit bied die volgende perspektiewe wat in die beradingsgesprek geïntegreer kan word:

- God is intens betrokke by die skepping van elke mens.
- Lewe is nie 'n natuurlike, biologiese proses nie, maar die werk van 'n Skeppergod wat in beheer van die lewe is.
- God skep elke mens as unieke wese en is op verskillende maniere betrokke by elke mens.
- God ken die mens deur en deur.
- Die mens is kosbaar vir God.
- God se alomteenwoordigheid bring die mens onder die indruk van sy eie tekortkominge.
- God beplan en is betrokke by die mens van begin tot einde.



- God het die mens tot in die fynste detail aanmekaargeweef en daarom is elke mens uniek en baie spesiaal vir Hom – ook gemolesteerdes.

· **Tempel van die Heilige Gees**

'n Verdere waarheid is die feit dat God die mens se liggaam so kosbaar ag, dat Hy gewillig is om daarin te woon. Wanneer die mens Jesus as sy Verlosser aanvaar, kom die Gees en woon in 'n liggaam en dit word dan sy tempel. In 1 Korintiërs 6:19-20 herinner Paulus die gelowiges:

“Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie.”

· **Fisiese versorging van die liggaam**

Die fisiese versorging van die liggaam van die seksueel-gemolesteerde is ook 'n aspek waaraan aandag gegee moet word. 'n Korrekte dieet, vitamine-aanvullings en oefening is van besondere belang. Volgens Backus (1996:60-61) verlig die B-kompleksfamilie van vitamines die simptome van stres en angs. Vir die seksueel gemolesteerde kind is hierdie aanvulling dus van groot belang. Die kind se sisteem kan ook skoongehou word deur hom/haar gereeld heelwat gesuiwerde water te laat drink. Vir volwassenes word ses tot agt glase water per dag aanbeveel! Oefening help ook ten opsigte van die beheer van stres. Deur byvoorbeeld gereeld in 'n veilige en mooi omgewing te stap, sal die kind baie meer ontspanne reageer en ook beter slaap (Minirith, 2004:85-108).



Kontak met die liggaam

Nog 'n belangrike aspek wat aandag moet geniet, is kontak met die eie liggaam. Seksueel gemolesteerde kinders verloor dikwels die vermoë om hul liggame te "voel" (cf. 3.7.2), omdat hulle so gewoon geraak het om gevoelens en pyn te onderdruk. Hulle moet gevolglik geleer word om weer te voel. Aanraking speel 'n baie groot rol in hierdie verband. Kleiner kinders se liggame moet byvoorbeeld gereeld gestreel of met room gesmeer word op 'n niebedreigende manier, sodat hulle weer kan leer dat alle aanraking nie noodwendig sleg is nie. Die kind moet verstaan dat alle liggaamsdele belangrik is en daarom aandag moet kry.

- **Geestelik**

Filippense 1:6 (cf. 2.4.4)

Die gemolesteerde word dikwels moedeloos omdat sy/haar omstandighede op die oog af hopeloos of sinneloos blyk te wees. In Filippense 1:6 word die versekering egter gegee dat God alles wat Hy begin, klaarmaak, en dat Hy dus met 'n sinvolle plan in elke mense se lewe besig is. Filippense 1:6 bied die volgende perspektiewe wat deel kan uitmaak van die beradingsgesprek:

- Sterk klem word geplaas op Paulus se onwrikbare vertroue in God.
- Die basis van hierdie vertroue is 'n sekerheid oor die lewe wat slegs in die karakter en daade van God gevind kan word. Die seksueel gemolesteerde kind moet gevolglik begelei word ten einde God se karakter en daade beter te leer ken.



- Paulus se vertrouwe word ook versterk deur die feit dat hy God se werking in die gemeente kon sien. Die werking van God in die kind se eie lewe moet uitgelig word.
- Wanneer die kind God se karakter en daade leer ken en God se werking in sy eie lewe raaksien, sal dit ook die kind se persoonlike verhouding met God versterk.
- God het reeds met die 'goeie werk' begin toe Christus vir gelowiges aan die kruis gesterf het en sodoende vir hul sondes betaal het.
- In God se betrokkenheid by die gelowige is daar sinvolle beplanning en orde – dit wat Hy begin het, voltooi Hy.

Die genre van Bybelverhale

Bybelverhale steek die tradisionele genre van stories verby in die sin dat hulle poog om die spirituele behoeftes van die kind aan te spreek. Enersyds word dit bereik deur die kind te help om 'n gesonde beeld van God te vorm. Andersyds breek die godsdienstige taal van Bybelverhale vir die kind 'n wêreld oop waar God teenwoordig is om te help om probleme te hanteer en uitkoms te gee (*cf.* 3.9.4, Stover & Stover, 1993:34).

Die rol van ouers

Wanneer God by mense betrokke raak, doen Hy dit gewoonlik deur ander mense. Die profete en dissipels kan as voorbeeld van hierdie betrokkenheid dien. Aan die een kant gebruik God dus die berader en aan die ander kant ook die kind se ouers.

Ouers dien as vennote in die heelwordingsproses alhoewel hulle nie altyd toegerus is vir die taak van sinvolle begeleiding van die



kind na heelwording nie. Daarom is dit in heelparty gevalle nodig dat ouers opgelei moet word om die kinders by te staan en te help. Ouers soek dikwels hulp by pastorale beraders en ook in Christelike literatuur om gedrag by die seksueel gemolesteerde kind effektief te verander en dissipline toe te pas.

6.3.3.3 Uitstuur

Jesus het die voorbeeld gestel toe Hy die dissipels opgelei en toegerus het vir hul taak en daarna uitgestuur het na die wêreld toe. Hulle moes volgens dit wat hulle geleer het, gaan leef. Net so moet die seksueel gemolesteerde kind ná die suksesvolle afhandeling van berading in sy/haar wêreld gaan leef. Hierdie persoon is nou toegerus met kennis, 'n gesonde beeld van God, 'n persoonlike verhouding met God, asook belangrike lewensvaardighede – nou moet hierdie mens sy/haar roeping gaan uitleef. In dié stadium is dit belangrik om aan hierdie persoon twee aspekte te verduidelik: hoop vir die verlede en hoop vir die toekoms.

- **Hoop vir die verlede**

Om altyd te onthou wat in die verlede gebeur het:

- Hoe God in die kind se lewe gewerk het;
- hoe God mense gestuur het om te help;
- hoe God gehelp het om die slegte van molestering deur te werk;
- hoe God die genesing bewerkstellig het; en
- hoe Hy die hele tyd in die proses teenwoordig was.



- **Hoop vir die toekoms**

Die klem val hier op die volgende:

- Om die lesse van die verlede te onthou en 'n gesonde toekoms daarop te bou; en
- om soos Paulus deurgaans te kan vashou aan wat God vir hom gesê het in 2 Korintiërs 12:9: *“My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”*

6.3.4 Die proses in 'n neutedop

- Beveiliging
- Voorbereiding vir die beradingsessie
- Model vir hulpverlening
 - Assessering
 - Genesing
 - Herstel van wanpersepsies
 - Ontwikkeling van lewensvaardighede
 - Emosioneel
 - Fisies
 - Geestelik
 - Uitstuur

6.4 Samevatting

- In die pastoraat word God as die groot Heler erken en Hy werk onder meer genesend in kinders se lewens deur die Heilige Gees, deur feilbare mense



te gebruik én deurdat hulpmiddels soos speltherapie in die proses geïmplementeer word.

- Die versekering van 'n kind se veiligheid word as 'n voorvereiste vir suksesvolle terapie beskou. Veiligheid beteken dat die kind nie aan verdere seksuele misbruik, verliese of verwydering blootgestel word nie.
- Kinders – veral kleiner kinders – het nog nie die vermoë om te bid nie en verstaan nie altyd die berader se gebed nie. Daarom is dit uiters belangrik dat die berader gereeld by God intree vir elkeen van die kinders wat beraad word.
- Vanweë die uiters emosionele aard van seksuele molestering, is dit nodig dat die berader vennote het wat vir hom/haar bid. Hierdie vennote moet ook gereeld vir die beradenes bid.
- Die beradingsessie moet by die spesifieke behoeftes van die kind aansluiting vind. Die Heilige Gees is in beheer van die beradingsessie en die berader laat hom/haar dienooreenkomstig lei.
- Assessering is die bymekaar maak van inligting wat nodig mag wees vir die daarstel van effektiewe en doelgerigte behandeling. Tydens die assessering moet inligting ingewin word rondom die aard van seksuele misbruik, die impak van die misbruik op die kind en sy algemene psigologiese funksionering.
- Dit is belangrik dat die berader wat speltherapie wil gebruik, minstens een formele kursus (maar verkieslik meer) sal bywoon voordat dit gebruik word.
- Die Christenterapeut se hoofmerk is om kinders by te staan in die hantering van hul probleme, sowel as om die proses van geestelike groei in



hul lewens te stimuleer. Op hierdie wyse kan die einddoel, naamlik 'n lewende verhouding met God, bereik word.

- Die lesse wat seksueel-gemolesteerdes in hul kinderjare geleer het, is die lesse waarvolgens hulle gewoonlik hul lewens lei.
- Baie van daardie lesse is gevul met leuens en gemolesteerdes skryf dikwels dinge aan God toe wat eintlik aan Satan toegeskryf moet word. Daarom is dit uiters belangrik dat die kind se Godsbeskouing ook herstel moet word.
- Jesaja 49:15-16 kan in die terapeutiese proses gebruik word om die leuen van Satan (wat impliseer dat die gemolesteerde deur almal vergeet is - ook deur God) ongedaan te maak.
- 'n Belangrike aspek vanuit die gedeelte in Deuteronomium 6:6-9 met betrekking tot die gemolesteerde, is die feit dat die foute van die verlede nie vergeet moet word nie, maar dat iets daaruit geleer moet word. Foute, soos veral molestering, mag nooit herhaal word nie.
- Die belofte van Romeine 8:28 dat God dit wat gebeur met elkeen van ons wat Hom liefhet – goed of sleg – tot ons beswil laat uitwerk, laat gemolesteerdes besef wat die omvang van God se liefde en sorg is.
- Kinders moet gelei word om tye van swaarkry as leergeleentheid te beskou (2 Korintiërs 1:6) en ook as ervarings waardeur hulle bewus kan word van dít wat werklik saak maak in die lewe.
- Kinders moet geleer word dat 'n mens, hoe klein ook al, die vryheid het om keuses te maak en dat hierdie keuses 'n mens se lewensgeskiedenis bepaal.



- Die berader moet die kind tydens die helingsproses begelei om die regte keuses te maak. God laat individue toe om te kies of hulle 'n verhouding met Jesus wil hê al dan nie. Mag ons minder van ons kinders verwag?
- Traumatiese herinneringe wat nie deurgewerk word nie kan tot ontwrigte funksionering aanleiding gee. Die kind moet uitdrukking kan gee aan sy emosies soos pyn, hartseer en teleurstelling en moet in hierdie proses stap vir stap begelei word.
- Verhale uit die Bybel kan gebruik word om gedragsverandering te bewerkstellig; om kinders te leer hoe om na die Woord van God te luister, dit in ag te neem en te gehoorsaam.
- God het ook kinders by sy verbond met die mensdom ingesluit en dit toon dat hulle ook ingesluit is by die spesiale verhouding wat Hy met die mens wil handhaaf.



HOOFSTUK 7

FINALE SAMEVATTING

7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om die essensie van elke voorafgaande hoofstuk weer te gee. Voorstelle vir verdere navorsing rondom aanverwante temas en areas word ook aan die hand gedoen.

7.2 Samevatting van Hoofstuk 2

Die geestelike of godsdienstige gevolge van seksuele molestering wys duidelik dat pastorale begeleiding onontbeerlik is vir die helingsproses daarná. Geen slagoffer kan gesond word voor die geestelike gevolge van sulke ontberings ook hanteer en verwerk is nie. Gevolglik kan gestel word dat, indien pastorale insette buite rekening gelaat word, dit 'n onvolledige helingsproses tot gevolg sal hê, aangesien daar rekening gehou sal moet word met hierdie belangrike verhouding van die mens, naamlik sy verhouding met God.

7.2.1 Persepsies van gemolesteerdes

7.2.1.1 Die teenwoordigheid en almag van God

- “Hoe kon God toegelaat het dat dit gebeur?” is 'n vraag wat gereeld voorkom. Die teodisee-vraagstuk is hier ter sprake: God se liefde en sy almag kom beide onder verdenking.
- Die slagoffer beleef op godsdienstige vlak onsekerheid en verwarring.



- Dit vind aansluiting by die slagoffer se belewenis van ontmagtiging, woede en opstandigheid teenoor gesagsfigure wat volgens haar moontlik iets omtrent die situasie kon gedoen het.

7.2.1.2 Die Vaderskap van God

- By byna elke gelowige slagoffer wat deur 'n manlike persoon gemolesteer is, is die Vaderskap van God in 'n mindere of meerdere mate ter sprake. Indien die aardse vader die molesteerder was, kompliseer dit net die situasie soveel meer.
- Kinders verstaan die liefde van God deur te sien hoe hul ouers mekaar liefhet en liefde betoon teenoor hul kinders.

7.2.1.3 Die manlikheid van God

- Slagoffers ervaar God as manlik, alhoewel die Bybel ook vroulike eienskappe aan God toesê (Jes. 49:15; Ps. 131:2).
- Wanneer 'n vrou egter voor die Woord van God te staan kom, kom sy individueel en moet God geëer en gerespekteer word – en in die proses word haar persepsie van mans herstel.
- Namate hierdie vrou dan ook leer om God lief te hê en te vertrou, word sy genees, ook in haar vermoë om haar eie man lief te hê en te vertrou. Hierdie standpunt moet erken en aanvaar word.
- Daar moet nie gepoog word om God te vervroulik nie. Dit is juis die Man wat God gestuur het, wat enorme heling bring by stukkende vroue.

7.2.1.4 Skuldgevoelens

- Slagoffers neem hulself dikwels kwalik vir iets waarvoor hulle nie verantwoordelik was nie.



- Die uitgangspunt is dan dikwels dat hulle God in die steek gelaat het en voor Hom gesondig het.
- Indien die slagoffer enigsins seksuele stimulasie ervaar het of gewilliglik deelgeneem het aan die misbruik (alhoewel hulle dit terselfdertyd verag het) is daar skuldgevoelens wat hanteer sal moet word.
- Dit is dikwels vir die slagoffers moeilik om die genadige vergiffenis van sonde deur Jesus Christus te ervaar. Dit belemmer dan gewoonlik ook normale geestelike groei by so 'n persoon.

7.2.1.5 Vertroue in God

- Seksuele molestering het 'n radikale impak op die persoon se totale wese.
- Dit skud hierdie persoon se geloof, hoe hy oor God dink en ook sy standpunt ten opsigte van God se opinie oor hom.

7.2.2 Opsomming van eksegetiese resultate

7.2.2.1 Johannes 8:31-32

- By 'n ware dissipel is daar 'n vasberadenheid om te lewe in en deur Jesus Christus se Woord.
- Hierdie persoon sal gedurig ook luister, dink en vashou aan hierdie Woord, terwyl daar by hom/haar ook 'n bereidwilligheid sal wees om te doen wat hierdie Woord vereis.
- Hierdie persoon sal ook begrip hê vir die leer rondom die waarheid van God se Woord en die redding wat dit inhou.
- Jesus Christus moet uiteindelik persoonlik geken word as die bron van alle waarheid.



- Die kennis van hierdie waarheid kan vir die gebonde mens vryheid, herskepping en restourasie impliseer.
- Die God van die Christen is 'n God van waarheid. Jesus Christus verklaar dat Hyself die waarheid is (Joh. 14:6). Die Heilige Gees word aan die kinders van God gegee sodat Hy vir hulle in die volle waarheid kan inlei (Joh. 16:13).

7.2.2.2 Romeine 8:28

- 'n Kind van God laat hom deur die Gees lei, aangesien dit juis die Gees is wat hom kind van God maak.
- Die Gees pleit vir gelowiges en staan hulle in hul swakheid en onvolmaaktheid by.
- Die Gees tree volgens God se wil op in gelowiges se lewens.
- God is dus deur die Gees besig om te werk in elke faset van die gelowige se lewe.
- God hou nie alle teenspoed (of dit wat gelowiges as teenspoed beskou) van gelowiges af weg nie.
- God kan ook die sonde en dom dinge wat gelowiges doen, tot hul beswil gebruik.
- Hierdie teksgedeelte hou die wonderlike belofte in dat God altyd in beheer is van die gelowige se lewe, in so 'n mate dat Hy die probleme wat deur die gelowige self veroorsaak is, gebruik om sy eie doel te bereik.
- Hierdie boodskap gee geweldig hoop en troos – en bied iets waaraan gelowiges kan vashou vir die res van hul lewens.
- Hoop verander lewens en laat mense weer kans sien vir die lewe.



7.2.2.3 Psalm 139

- God is intens betrokke by die skepping van elke mens.
- Lewe is nie 'n natuurlike, biologiese proses nie, maar die werk van 'n Skeppergod wat in beheer van die lewe is.
- God skep elke mens as unieke wese en is op verskillende maniere betrokke by elkeen.
- God ken die mens deur en deur.
- Die mens is kosbaar vir God.
- God se alomteenwoordigheid bring die mens onder die indruk van sy eie tekortkominge.
- God beplan en is betrokke by die mens van begin tot einde.
- God het die mens tot in die fynste detail aanmeakaargeweef en daarom is elke mens uniek en baie spesiaal vir Hom. Dit geld ook vir gemolesteerdes.

7.2.2.4 Filippense 1:6

- Blydschap is anders as geluk. Dit is 'n basiese en konstante oriëntasie van die Christelike lewe – die vrug van 'n verhouding met God.
- Paulus se dank aan God word gevolg deur sy onwrikbare vertroue in Hom.
- Die basis van hierdie vertroue is 'n sekerheid oor die lewe wat slegs in die karakter en daede van God gevind kan word.
- Die kennis oor die karakter en daede van God word gevind in 'n persoonlike verhouding met Hom.
- Paulus, wat God se karakter ken, kan met die grootste vertroue bevestig dat God die goeie werk wat Hy begin het, sal voleindig. So moet die gelowige ook God se karakter leer ken.



- God het reeds met die “goeie werk” begin toe Christus vir gelowiges aan die kruis gesterf het en sodoende vir hul sondes betaal het.
- Die gelowige se sekerheid en vertroue moet nie in die Christelikheid van Christene wees nie, maar in die goddelikheid van God wat daartoe verbind is om die werk te voltooi waarmee Hy begin het.

7.2.2.5 Jesaja 49:15-16

- In hierdie deel kom bevestig God dat, hoewel die mens skuldig is en nie sy deel van die ooreenkoms nakom nie, Hy steeds aan die mens bly dink.
- God is nie soos mense nie – sy liefde is ewigdurend.
- Sion is verwoes en in haar ellende dink sy God het haar vergeet. Dit is egter vir God onmoontlik – net so onmoontlik as wat dit vir 'n ma is om haar kinders te vergeet.
- Dit is vir God belangrik dat sy kinders sal weet dat Hy tot in alle ewigheid aan hulle sal bly dink – hulle name is immers in sy handpalms gegraveer.

7.2.2.6 Deuteronomium 6:6-9

- Deuteronomium is geskryf om mense te herinner aan alles wat God vir hulle gedoen het en om hulle aan te moedig om hul lewens opnuut aan Hom te wy.
- Die boodskap van God se liefde is baie belangrik, so belangrik dat God wil hê dit moet konstant oordink word – sodat dit nie vergeet kan word nie.
- Ouers moet die gebooie by hul kinders inskerp, om te verhoed dat hulle hul naaste benadeel. Die gebooie moet die basis wees van gelowiges – groot en klein – se gesindheid ten opsigte van geregtigheid en die regte van ander.



- Die liefdesboodskap van God moet aan almal verkondig word. Ons mag nie hierdie kosbare boodskap vir onself hou nie.

Hierdie Skrifgedeeltes kan gebruik word om gemolesteerdes te help om God se liefde vir die feilbare mens te begryp.

7.3 Samevatting van Hoofstuk 3

- In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die aard, kenmerke en implikasies van seksuele molestering. Gedurende die afgelope dekade het wetgewing in Suid-Afrika tot gevolg gehad dat meer en meer gevalle van molestering aangemeld is. Die huidige statistieke is skokkend: een uit elke vier dogters en een uit elke ses seuns word seksueel gemolesteer. Daar is onderskei tussen enersyds aktiewe en andersyds passiewe molestering. Gedragsindikatore volgens ouderdomsgroep is ook hanteer. Daar is ook al meer aandag gegee aan die presiese identifisering en beskrywing van seksuele molestering, asook die uitwerking daarvan op die kind.
- Dit het verder geblyk dat die verskynsel van seksuele molestering nie beperk is tot die aanranding of verleiding deur vreemdelinge nie, aangesien die molesteerder in 90% van die gevalle bekend is aan die kind. Alle molestering het die misbruik van mag as die kern daarvan. Kinders is gewoonlik die slagoffers van die molesteerder en is as gevolg van hul ouderdom nie toerekeningsvatbaar nie. Weens hul onskuld en naïwiteit word hulle maklik 'n teiken. Hulle word in baie gevalle geleidelik ingetrek in die daad van molestering en uiteindelik ontwikkel dit in 'n situasie waaroor hulle geen beheer het nie.
- In Suid-Afrika is daar ook 'n aantal faktore wat eie aan Afrika is, wat aanleiding tot molestering gee:



- die Vigs-mite;
 - alkohol & dwelms;
 - armoede;
 - pornografie;
 - mans se siening van vrouens; en
 - morele verval.
- Die definisie van trauma en die verskillende fases van 'n traumatiese ervaring het aandag geniet. Dit het geblyk dat die trauma verbonde aan molestering veral die volgende vier emosionele ervarings insluit:
 - traumatiese seksualisering;
 - verraad;
 - hulpeloosheid; en
 - stigmatisering
 - Posttraumatiese stres is vervolgens bespreek: wat dit is, hoe dikwels dit voorkom, by wie dit ontwikkel en wat die emosionele gevolge daarvan is.
 - Wat spelterapie behels en wat die nut daarvan is, is volgende bespreek. Daar is meer as 4 000 tale wat gebruik word om te kommunikeer en alhoewel spel nie as een van hulle gelys is nie, behoort dit eintlik die geval te wees. Spel is 'n uiters belangrike medium waardeur kinders oor die algemeen uitdrukking gee aan innerlike gevoelens. Speelgoed is 'n jong kind se woord en spel is sy natuurlike taal. Deur spel vind kinders uit hoe die wêreld werk, probeer hulle verskillende rolle vertolk en hanteer hulle verskillende emosies. Deur spel kan daar genesing vir wonde en hartseer plaasvind, is daar verbreking van spanning en ook 'n meer gemaklike uitdrukking van die self. Deur die aktiwiteit van spel kan kinders hul emosies veilig uitdruk – sonder verwerping deur ander.



- 'n Positiewe gevoel vir kinders dien oor die algemeen as 'n goeie beginpunt vir terapeute wat met speltherapie wil begin – met ander woorde, die terapeut moet in staat wees om op die kind se vlak van funksionering te kan werk. Terapeute moet oor 'n verskeidenheid van eienskappe beskik, wat indringend in hierdie hoofstuk bespreek is. Een van die belangrikste eienskappe is dat die terapeut emosioneel volwasse en gebalanseer moet wees en oor goeie sosiale vaardighede moet beskik. Hierdie volwassenheid sal die terapeut in staat stel om met die kind empatie te hê, sonder om te ooridentifiseer met die kind se probleme.
- Dit is belangrik dat 'n vertrek wat gebruik gaan word vir terapie met kinders, 'n gemaklike en veilige omgewing vir die kind sal skep.
- Materiale wat nodig is vir speel hoef nie noodwendig duur en moeilik bekombare speelgoed te wees nie. Dit is belangrik dat die materiaal meer as een doel moet hê. Sand, water, klei en vetkryte is populêre mediums om te gebruik vir ongestruktureerde spel. Speelgoed wat die werklike lewe kan uitbeeld, is ook baie bruikbaar. Besondere klem is gelê op die rol van metafore – ook Bybelse metafore. Fantasia vorm 'n sentrale deel van 'n kind se ontwikkeling. 'n Baie belangrike faset van fantasie is dat dit die kind in staat stel om empaties verplaas te word. Die kind word dan bewus van die gevoelens, houdings en opinies van ander en identifiseer sodoende op onbewuste vlak met hierdie karakters. So maak hy die situasies van toepassing op sy eie lewe.
- Daar is ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die laerskoolkind of die kind in sy middelkindjare. Daar is klem gelê op liggaamlike, kognitiewe, emosionele en moreel-godsdienstige vlakke.
- Daar is bevind dat die daad van seksuele molestering onberekenbare skade op alle vlakke in die gemolesteerde se lewe aanrig: emosioneel, geestelik



en liggaamlik. As daar in ag geneem word dat tot 43 kinders per dag in Suid-Afrika verkrag word, dan neem seksuele molestering in Suid-Afrika epidemiese afmetings aan. Daadwerklike optrede is nodig om hierdie gety van molestings in Suid-Afrika hok te slaan – anders staan ons na alle waarskynlikheid oor 'n paar jaar 'n siek samelewing in die gesig.

7.4 Samevatting van Hoofstuk 4

- In die voorafgaande hoofstuk het dit duidelik geblyk dat die dissiplines van sielkunde en maatskaplike werk 'n besondere bydrae gelewer het in die navorsing rondom seksuele molestering.
- Seksuele molestering is reeds so vroeg as die 1800's nagevors deur Freud, Janet en Bauer, maar dit is eers gedurende die sewentigerjare dat daar 'n groter bewuswording van die impak wat seksuele eksploitasie op vroue het, plaasgevind het. Binne 'n dekade is hervormings deurgevoer rondom wetgewing ten opsigte van seksuele misdade, soos byvoorbeeld in al vyftig Amerikaanse state.
- Daar word oor die algemeen aanvaar dat sielkundiges die beste toegerus behoort te wees om hulp te verleen aan seksueel-gemolesteerdes. Deur middel van 'n vraelys is sielkundiges uitgevra ten opsigte van hul opleiding. Al drie sielkundiges het aangedui dat bitter min kennis rondom seksuele molestering tydens hul studies opgedoen is. Kennis hieroor is, intendeel, opgedoen deur middel van selfstudie, kursusse en die praktyk. Hieruit wil dit voorkom asof daar 'n groot leemte bestaan met betrekking tot die opleiding van sielkundiges rondom die problematiek van seksuele molestering.
- Maatskaplike werk blyk die dissipline te wees waar daar die meeste kontak plaasvind met seksueel gemolesteerde kinders. Hierdie situasie word ook



geskep as gevolg van wetgewing, asook die voorgeskrewe rol van maatskaplike werkers binne die juridiese sisteem. 'n Gebrek aan opleiding in die hantering van gevalle waar beweringe rondom seksuele molestering gemaak word, lei egter dikwels daartoe dat maatskaplike werkers frustrasie en intense hulpeloosheid ervaar. Die hoë omset van maatskaplike werkers by organisasies wat met gemolesteerde kinders werk, veranderinge in die hantering van gevalleladings en veranderinge in die sorgreëlins van kinders, lei tot 'n gebrek aan kontinuïteit in die assessering van en terapie vir hierdie kinders. Dit blyk dat maatskaplike werkers baie beslis oorlaai is en dat daar terselfdertyd 'n dringende behoefte bestaan aan beter toerusting rondom die problematiek van molestering tydens hul aanvanklike opleiding.

- Dit wil uit die vraelyste voorkom asof meer maatskaplike werkers wel, in vergelyking met sielkundiges en predikante, 'n groter mate van toerusting ontvang rondom verskillende aspekte rakende seksualiteit – dit het egter geblyk dat dit nogtans onvoldoende is. Boonop is hulle so dikwels oorlaai en besig dat hulle net “besig is om vure dood te slaan”, soos een maatskaplike werker dit gestel het.
- Sedert die vroegste tye het die kerk 'n beduidende rol gespeel ten opsigte van die geestelike welsyn van sy mense. Die kerk was 'n gemeenskap wat omgee het vir mekaar – daar is saam gewerk, gedeel, omgee, saam gebid, ens. – ook met betrekking tot ongelowiges buite die liggaam. Ongelukkig is dit egter ook so dat daar dikwels by die kerk 'n mate van onvermoë was om sekere emosionele aspekte van die mens se behoeftes aan te spreek. Dit het byvoorbeeld konkreet geblyk uit situasies tydens die Middeleeue, waar gemolesteerde vroue met simptome van ernstige posttraumatiese stres, as hekse op brandstapels verbrand is, óf beskuldig is van demoniese besetting. Hierdie selfde onvermoë van die kerk het in latere eeue maar net op 'n meer verskuilde wyse gemanifesteer.



- Die vraag kan inderdaad gestel word of die hedendaagse kerk werklik bevoeg en toegerus is om sy plig op hierdie gebied na te kom. Daar is selfs outeurs wat so sterk oor hierdie aangeleentheid voel dat hulle die kerk as't ware as 'medepligtig' beskou, vanweë die feit dat daar dikwels geswyg word en nie genoeg gedoen word om ampsdraers en lidmate in hierdie verband voldoende toe te rus en te begelei nie.
- Die kerk het inderdaad 'n baie spesifieke rol te speel ten opsigte van hulpverlening aan gemolesteerde kinders, sowel as volwassenes wat as kind gemolesteer is. Dít word bevestig deur navorsing wat aangetoon het dat daar vir elke 100 lidmate in 'n gemeente, meer as 30 vroue en omtrent 15 mans is wat gemolesteer is vóór die ouderdom van 18 jaar.
- 'n Tragiese aspek wat verder uit die navorsing na vore gekom het, is die feit dat molestering ongelukkig in dieselfde mate figureer onder gelowiges as niegelowiges. Hierdie feit vra inderdaad vir selfondersoek en herbesinning deur die kerk.
- In die lig van bevindinge van hierdie hoofstuk (en van hierdie studie in sy geheel) is dit gevolglik belangrik dat veral leraars oor deeglike kennis van seksuele molestering sal beskik – hulle is gewoonlik diegene by wie daar in die meeste gevalle eerste hulp gesoek word tydens krisissituasies. Nie een van die respondente (leraars) het aangetoon dat hulle tydens hul aanvanklike opleiding substansiële opleiding ontvang het in die hantering van seksuele molestering nie, hoewel al vier van mening is dat dit beslis vir leraars nodig is om kennis oor hierdie onderwerp te hê.
- Dit het ook geblyk dat ampsdraers van die kerk swakker toegerus is en ook in die praktyk veel te wense oorlaat in vergelyking met byvoorbeeld kundiges binne die dissiplines van maatskaplike werk en die sielkunde. Hierdie aspek verdien beslis die aandag van kerklike owerhede en beleidmakers.



7.5 Samevatting van Hoofstuk 5

Uit hierdie gevallestudies kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Navorsing rondom speltherapie op sielkundige gebied blyk baie meer gevorderd te wees as op pastorale gebied. Dit is dus belangrik vir pastorale beraders om kennis te neem van hierdie terrein. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die enkele akademiese bydraes wat reeds deur pastorale beraders in hierdie verband gelewer is.
- Daar is 'n behoefte by die getraumatiseerde kind self dat die probleem van seksuele molestering pastoraal aangespreek moet word. Elke kind het aangedui dat hierdie probleem 'n invloed op sy/haar verhouding met God het. 'n Behoefte aan geestelike groei en kennis is ook deur elkeen uitgespreek.
- Die begeleiding van 'n seksueel gemolesteerde kind hou verband met 'n langtermynherstelproses. Dit vra toewyding van beide die berader en die kind. Die waarheid moet herontdek word, want dit bring insig en herstel.
- Die mees effektiewe hulpverlening blyk 'n eklektiese benadering te wees. Enersyds word daar kennis geneem van die bydraes vanuit ander hulpwetenskappe rondom speltherapie wat effektief gebruik kan word ten opsigte van die hulpverleningsproses; andersyds word daar ook ten volle gebruik gemaak van pastorale riglyne. Die oplossing lê dus in 'n holistiese benadering waar daar aandag gegee word aan die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die kind.
- In veral drie van die vier gevalle het geblyk dat 'n kombinasie van pastoraat en speltherapie baie effektief is. Die besondere aard van hierdie kombinasie sentreer rondom die feit dat God, die groot Heler, genesend en restourerend



in kinders se lewens werk deur middel van iets wat vir hulle absoluut natuurlik kom, naamlik speel.

7.6 Samevatting van Hoofstuk 6

- In die pastoraat word God as die groot Heler erken en Hy werk onder meer genesend in kinders se lewens deur die Heilige Gees, deur feilbare mense te gebruik én deurdat hulpmiddels soos speltherapie in die proses geïmplementeer word.
- Die versekering van 'n kind se veiligheid word as 'n voorvereiste vir suksesvolle terapie beskou. Veiligheid beteken dat die kind nie aan verdere seksuele misbruik, verliese of verwydering blootgestel word nie.
- Kinders – veral kleiner kinders – het nog nie die vermoë om te bid nie en verstaan nie altyd die berader se gebed nie. Daarom is dit uiters belangrik dat die berader gereeld by God intree vir elkeen van die kinders wat beraad word.
- Vanweë die uiters emosionele aard van seksuele molestering, is dit nodig dat die berader vennote het wat vir hom/haar bid. Hierdie vennote moet ook gereeld vir die beradenes bid.
- Die beradingssessie moet by die spesifieke behoeftes van die kind aansluiting vind. Die Heilige Gees is in beheer van die beradingssessie en die berader laat hom/haar dienooreenkomstig lei.
- Assessering is die bymekaar maak van inligting wat nodig mag wees vir die daarstel van effektiewe en doelgerigte behandeling. Tydens die assessering



moet inligting ingewin word rondom die aard van seksuele misbruik, die impak van die misbruik op die kind en sy algemene psigologiese funksionering.

- Dit is belangrik dat die berader wat spel terapie wil gebruik, minstens een formele kursus (maar verkieslik meer) sal bywoon voordat dit gebruik word.
- Die Christenterapeut se hoofdoelmerk is om kinders by te staan in die hantering van hul probleme, sowel as om die proses van geestelike groei in hul lewens te stimuleer. Op hierdie wyse kan die einddoel, naamlik 'n lewende verhouding met God, bereik word.
- Die lesse wat seksueel-gemolesteerdes in hul kinderjare geleer het, is die lesse waarvolgens hulle gewoonlik hul lewens lei.
- Baie van daardie lesse is gevul met leuens en gemolesteerdes skryf dikwels dinge aan God toe wat eintlik aan Satan toegeskryf moet word. Daarom is dit uiters belangrik dat die kind se Godsbekouing ook herstel moet word.
- Jesaja 49:15-16 kan in die terapeutiese proses gebruik word om die leuen van Satan (wat impliseer dat die gemolesteerde deur almal vergeet is - ook deur God) ongedaan te maak.
- 'n Belangrike aspek vanuit die gedeelte in Deuteronomium 6:6-9 met betrekking tot die gemolesteerde, is die feit dat die foute van die verlede nie vergeet moet word nie, maar dat iets daaruit geleer moet word. Foute, soos veral molestering, mag nooit herhaal word nie.
- Die belofte van Romeine 8:28 dat God dit wat gebeur met elkeen van ons wat Hom liefhet – goed of sleg – tot ons beswil laat uitwerk, laat gemolesteerdes besef wat die omvang van God se liefde en sorg is.



- Kinders moet gelei word om tye van swaarkry as leergeleenthede te beskou (2 Korintiërs 1:6) en ook as ervarings waardeur hulle bewus kan word van dít wat werklik saak maak in die lewe.
- Kinders moet geleer word dat 'n mens, hoe klein ook al, die vryheid het om keuses te maak en dat hierdie keuses 'n mens se lewensgeskiedenis bepaal.
- Die berader moet die kind tydens die helingsproses begelei om die regte keuses te maak. God laat individue toe om te kies of hulle 'n verhouding met Jesus wil hê al dan nie. Mag ons minder van ons kinders verwag?
- Traumatiese herinneringe wat nie deurgewerk word nie kan tot ontwrigte funksionering aanleiding gee. Die kind moet uitdrukking kan gee aan sy emosies soos pyn, hartseer en teleurstelling en moet in hierdie proses stap vir stap begelei word.
- Verhale uit die Bybel kan gebruik word om gedragsverandering te bewerkstellig; om kinders te leer hoe om na die Woord van God te luister, dit in ag te neem en te gehoorsaam.
- God het ook kinders by sy verbond met die mensdom ingesluit en dít toon dat hulle ook ingesluit is by die spesiale verhouding wat Hy met die mens wil handhaaf.

7.7 Slot

In die lig van hierdie studie is daar bevind dat spel terapie aan die hand van 'n pastorale benadering 'n definitiewe bydrae kan maak tot die hulpverleningsproses



aan die seksueel gemolesteerde laerskoolkind. Aangesien kleiner kinders nog nie oor die nodige taalvermoë beskik nie, is dit uiters belangrik dat daar in hulle taal en op hulle vlak met hulle gekommunikeer word en dat hulle op hierdie wyse gehelp word – en ook begelei word tot heling en genesing.

Dit het geblyk dat speltherapie, gekombineer met Bybelse beginsels en beelde, baie geslaagd kan wees tydens die hulpverleningsproses. Kinders se Godsbeskouing word reggestel, hul verhouding met God verbeter en hulle leer om God se hand in hul lewens raak te sien.

Mag God gee dat hierdie kombinasie in die toekoms met groot vrug in die lewens van baie seksueel gemolesteerde kinders gebruik sal word om hulle tot heelwording te lei!

7.8 Voorgestelde areas vir verdere navorsing

- Hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde kind met behulp van Bybelverhale.
- Die rol van die hulpverlener in die pastorale begeleiding van die seksueel gemolesteerde kind.
- Pastorale hulpverlening aan die gesin van die seksueel gemolesteerde kind.
- Pastorale hulpverlening aan die seksueel gemolesteerde voorskoolse kind, met behulp van speltherapie.



ILLUSTRASIEBYLAE

* Verwys ook punt 3.9.4 op bladsy 83



Sagte speelgoed: beer- en hasiefamilies

Dit is belangrik dat, wanneer materiaal geselekteer word, hulle verskillend moet lyk – aangesien nie al die lede van 'n tipiese gesin dieselfde lyk nie.






Plastiekdiertjies en sandbak

'n Sandbak (van 'n kat) kan gebruik word vir sandwerk. Hierdie bak kan met mieliemeel gevul word in plaas van sand, aangesien mieliemeel goedkoop en maklik bekombaar is. Plastiekdiertjies kan by enige speelgoedwinkel gekoop word. Dit is belangrik dat daar ook mensfiguurtjies by is.



Sandtoneel

Hierdie klaargeboude sandtoneel is van 'n vierjarige dogtertjie. Op die regterkant is 'n figuur van 'n dogtertjie wat met haar een hand in die lug staan. Toe navorser aan haar vra wat dié dogtertjie sê, antwoord sy: "Sy sê hulle moet stop, maar hulle luister nie." Hierdie dogtertjie is gemolesteer deur haar neef en broers. Met behulp van hierdie sandtoneel kon sy oor haar negatiewe ervarings praat.



Pick-up sticks

Die speletjie *pick-up sticks*, maar met 'n verskil:
 Die verskillende kleure stokkies het verskillende puntewaardes,
 en 'n sekere emosie is ook aan 'n kleur toegeken.
 Wanneer 'n stokkie opgetel word, moet vertel word van situasies
 waar die bepaalde emosie beleef is.



BIBLIOGRAFIE

ADAMS, J.E. 1974. The Christian counsellor's manual. Grand Rapids, Mich. : Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1976. Competent to counsel. Phillipsburg : Reformed Publishing Company.

ALLEN, L.C. 1983. Word Biblical Commentary. Psalms 101-150. Texas : Word Books Publisher.

ALLENDER, D.B. 1995. The wounded heart: Hope for victims of childhood sexual abuse. Colorado Springs : Colorado Navpress.

ALLENDER, D.B. 2004. Are we winning the battle? [Web:] http://www.reconciliationmin.org/JanFeb-00_newsltr.htm [Datum van gebruik: 4 Mrt. 2004].

ANON. 1998. Gids vir gebruik by C#-Jeugbedieningseminaar. Rustenburg. (Ongepubliseer.)

ANON. 2002. Driejarige meisies het die grootste kans om verkrag te word. *Beeld*: 5, Des. 19.

ANON. 2003. A Child's Eyes: The Baby Rapes of South Africa [Web:] <http://www.dreamwater.org/achildseyes/childrapes/introductionSA.html> [Datum van gebruik: 2 Mrt. 2004].

ANON. 2005. 40% van verkragtingslagoffers jonger as 18. *Beeld*: 6, Jun. 17.



- BACKUS, W. 1996. The healing power of a healthy mind. Minnesota : Bethany House Publishers.
- BARRETT, C.K. 1991. Black's New Testament Commentaries. The Epistle to the Romans. London : A & C Black.
- BASS, E. & DAVIS, L. 1992. The Courage to Heal. London : Octopus Publishing.
- BEASLEY-MURRAY, G.R. 1999. Word Biblical Commentary. Volume 36: John.
- BERLINER, L. 2003. Intervention in sexual abuse. *Child Abuse Research in South Africa*, 4(1), April.
- BOCKMUEHL, M. 1991. Black's New Testament Commentaries. The Epistle to the Philippians. London : A & C Black.
- BORCHERT, G.L. 1996. The New American Commentary. Volume 25A: John 1 –11. Nashville : Broadman & Holman Publishers.
- BOTHA, M.E. 1993. Metateoretiese perspektiewe op die Sosiale Wetenskappe. Potchefstroom : PU vir CHO. (Reeks A: Geesteswetenskappe nr.73.)
- BRITZ, L. & JOUBERT, J.M.C. 2003. 'n Voorgestelde intervensiemodel vir die seksueel misbruikte middelkindjare-kind. *Child Abuse Research in South Africa*, 4(2):27-30.
- BURGER, C.W., MULLER, B.A. & SMIT, D.J., *reds.* 1987. Riglyne vir prediking oor die gelykenisse en wonderverhale. Vol. 3. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.
- BURGESS, A.W. 1992. Child Trauma 1: Issues and Research. New York & London : Garland Publishing Inc.



BYBEL. 1953. Die Bybel: ou vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL IN PRAKTYK. 1993. Die Bybel: nuwe vertaling met herformulerings. Vereniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

CLEMENTS, R.E. 2000. The New Interpreter's Bible: volume II. Nashville : Abingdon Press.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 15-30.)

COETZER, W.C. 2003. Trauma. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COETZER, W.C. 2004. Seksualiteit. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.

COLLINS, G.R. 1988. Christian Counselling: A Comprehensive Guide. USA : W Publishing Group.

DIE BOODSKAP. 1996. Die Nuwe Testament in Hedendaagse Afrikaans. Vereniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

DOSSEY, L. 1996. The healing power of Prayer. *Reader's Digest*, May.

DOYLE, C. 1994. Helping strategies for child sexual abuse. London : Whiting & Birch.



DRAPER, P. 1996. *Haunted Memories. Healing the pain of childhood abuse.* Michigan : Grand Rapids.

DRESSEL, L.C., *red.* 1988. *Handleiding vir die Ned. Geref. Kerk.* Bloemfontein : NG Kerk Jeugboekhandel.

DUNN, J.D.G. 1988. *Word Biblical Commentary. Volume 38: Romans 1-8.* Dallas, Tex. : Word Books Publisher.

FAINSILVER, L. & ORTONY, A. 1987. Metaphoral uses of language in the expression of emotions. *Metaphor and Symbolic Activity*, 2(4):239-250.

FALLER, K.C. 1990. *Understanding child sexual maltreatment.* London : SAGE Publications.

FINKELHOR, D. 1986. *Source book on child sexual abuse.* London : Sage Publications.

FINKELHOR, D. 1994. Current information of the scope and nature of child sexual abuse. *Future of children*, 4:31-53.

FINKELHOR, D. & BERLINER, L. 1995. Research of the treatment of sexually abused children: A review and recommendations. *Journal of American Academy of child and adolescent psychiatry*, 34(11):1408-1423.

FINKELHOR, D. & BROWNE, A. 1986. Impact of child sexual abuse: A review of the research. *Psychological Bulletin*, 99:66-77.

FOUCHE, A. 2000. *Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind.* Pretoria : Universiteit van Pretoria (Verhandeling – M.)



FOWLER, J.W. 1981. Stages of Faith. The psychology of human development and the quest for meaning. New York : Harper Collins.

FREDERICKSON, R. 1992. Repressed memories: A journey to recovery from sexual abuse. New York : Rockefeller Centre.

GIL, E. 1991. The healing power of play. New York : The Guilford Press.

GRÄBE, S. 2000. Interpretation of medical examination findings on the sexually abused child. *Child Abuse Research in South Africa*, 1(1):17-18.

HALL, L. & LLOYD, S. 1993. Surviving child sexual abuse. London : The Falmer Press.

HAMMOND, T.C. 1990. In understanding be men: A handbook of Christian doctrine. 6th ed. Mowbray : Protestant Book Centre.

HANCOCK, M. 1988. Childhood sexual abuse. Suffolk : Highlands Books.

HARRIS, T.E. & LANDRETH, G.L. 1999. Innovations in Play Therapy. Issues, Process and Special Populations. Brunner-Routledge : Taylor & Francis Group.

HAWTHORNE, G.F. 1983. Word Biblical Commentary. Volume 43: Philippians. Waco , Tex. : Word Books Publisher.

HERMAN, J.L. 1997. Trauma & Recovery. From domestic abuse to political terror. London : Pandora.



HESSELINK-LOUW & OLIVIER. 2001. A criminological analysis of crimes against disabled children: The adult male sexual offender. *Child abuse research in South Africa*, 2(2),Oct.

HEYNS, J.A. 1984. Dogmatiek. 3de dr. Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

HEYTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-Teologiese ondersoek van die 'mekaar'-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

HOFFMEYER, L.E. 1999. Working with sexually abused children. (Course presented under the auspices of the South African Association for Play Therapy on 17-19 February 1999). Johannesburg.

HOLY BIBLE. 1997. New Living Translation. Wheaton, ILL. : Tyndale House Publishers.

HOOKER, M.D. 2000. The New Interpreter's Bible: volume XI. Nashville : Abingdon Press.

JONKER, W.D. 1983. Die Gees van Christus. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

KARP, C.L. & BUTLER, T.L. 1996. Treatment strategies for abused children. London : Sage Publications.

KIDNER, D. 1975. Tyndale Old Testament commentaries. Psalms 75-150. Illinois : Inter-Varsity Press.



KINNEAR, K.E. 1995. Childhood sexual abuse. Oxford : ABC-CLIO.

KITCHING, D. & BOTHA, W., ed. 1994. Studiegids 1: Inleiding in Jeugbediening. Wellington : Hugenate Bybelinstituut.

LANDRETH, G.L. 2001. Innovations in Play Therapy. USA : Taylor & Francis.

LANGBERG, D.M. 1999. On the Threshold of Hope. Opening the door to healing for survivors of sexual abuse. Wheaton, ILL. : Tyndale House Publishers.

LE ROUX, R. & DE KLERK, R. 2004. Emosionele intelligensie vir kinders en tieners. Kaapstad : Human & Rousseau.

LESTER, A.D. 1985. Pastoral Care with children in crisis. Philadelphia : The Westminster Press.

LoBAIDO, A.C. 2001. Child-rape epidemic in South Africa. World Net Daily. [Web:] http://www.worldnetdaily.com/news/article.asp?ARTICLE_ID=25806 [Datum van gebruik: 19 Jul. 2004].

LOFFEL, J. 2000. Toward effectiveness in services for sexually abused children in South Africa: some observations from a longitudinal study. *Child Abuse Research in South Africa*, 1(1):6-11, Jan.

LOOTS, J.G. 1993. Pastorale hulp aan die gemolesteerde kind. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.)

LÖTTER, E. 2004. Dis ek, Anna. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. 2de uitg. Kaapstad : Lux Verbi.



LOUW, J. P. & NIDA, E.A. 1988. Greek English Lexicon of the New Testament. New York : UBS.

MACFARLANE, K. & WATERMAN, J. 1986. Sexual abuse of young children. New York : The Guilford Press.

MATSAKIS, A. 1996. I can't get over it. A handbook for trauma survivors. Oakland : New Harbinger Publications.

MELICK, R.R. 1991. The New American Commentary. Volume 32: Philippians, Colossians, Philemon. Nashville, Tenn. : Broadman Press.

MERRIL, E.H. 1999. The New American Commentary. Volume 4: Deuteronomy. Nashville : Broadman & Holman Publishers.

MEYER, L.W. & KOTZE, J.M.A. 1992. Kinders – seksuele mishandeling – gevolge. (*In* Le Roux, J., *red.* Temas in die sosiopedagogiek. Pretoria : J.L. van Schaik.)

MEYERS, J.E.B. 1997. A mother's nightmare – incest. A practical legal guide for parents and professionals. Thousand Oaks : Sage Publications.

MINIRITH, F.B., *ed.* 2004. Love Hunger. Nashville, Tenn. : Thomas Nelson Inc.

MOBERLY, P.W.L. Genesis 12-50. Sheffield : JSOT Press. (Old Testament Guides Series.)

MOUNCE, R.H. 1995. The New American Commentary. Volume 27: Romans. Nashville : Broadman & Holman Publishers.



NIV STUDY BIBLE. 1995. Grand Rapids, Mich. : Zondervan Publishing House.

O'DAY, G.R. 2000. The New Interpreter's Bible: volume IX. Nashville : Abingdon Press.

OELOFSE, M. 2000. Die gebruikmaking van metafore in die maatskaplikewerk-hantering van die seksueel gemolesteerde kind. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

OLSSON, K. 1984. Counselling Teenagers. Thom Schultz Publications.

OSWALT, J.N. 1989. The Book of ISAIAH: Chapters 40-66. Grand Rapids, Mich. : William B. Eerdmans Publishing Company.

PARKS, P. 1992. Rescuing the inner child. London : The Guernsey Press.

PIENAAR, A. 2000. South African police service: child protection unit. *Child abuse research in South Africa*, 1(1):19-24, Jan.

PORTER, C. 1983. Spel terapie met die sorgbehoewende kind. Pretoria : Universtiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde Proefskrif – D.Phil.)

POTGIETER, R. 2002. A model for the assessment of sexually abused children. *Child Abuse Research South Africa*, 3(2):9-19, Oct.

PRETORIUS, G. 2002. Molesteerder: monster of medemens? *Die Lig*, Mrt.

RADEMEYER, A. 2004. Jeug kort vigsfeite. *Beeld*:4, Okt. 29.

RETIEF, Y. 2004. Genesing vir trauma. Paarl : Struik Christelike Boeke Bpk.



SALTER, A.C. 1995. Transforming Trauma. A guide to understanding and treating adult survivors of child sexual abuse. California : Sage Publications.

SCHAEFER, C.E. 1993. The therapeutic powers of play. USA : Jason Aronson Inc.

SCHAEFER, C.E. & KADUSON, H. 1997. 101 Favorite Play Therapy Techniques. New Jersey : Jason Aronson Inc.

SCHAEFER, C.E. & O'CONNOR, K.J., eds. 1983. Handbook of Play Therapy. New York : John Wiley.

SCHOEMAN, J.P. 1996. Entering the child's world. A play therapy approach. Pretoria : Kagiso Drukkers.

SCHOEMAN, J.P. & VAN DER MERWE, M. 1996. Entering the child's world. Pretoria : Kagiso Publishers.

SEAMANDS, D.A. 2002. Healing for Damaged Emotions. Colorado Springs : Cook Communications.

SEITZ, C.R. 2000. The New Interpreter's Bible: volume VI. Nashville : Abingdon Press.

SGROI, S. 1982. Handbook of clinical intervention in sexual abuse. New York : Lexington.

SIEGEL, D.J. 1999. The developing mind. New York : Guilford Press.

SMITH, G. 1995. The Protector's Handbook. London : The Women's Press.



STOVER, E.D. & STOVER, M. 1994. Biblical storytelling as a form of Child Therapy. *Journal of Psychology and Christianity*, 13(1):28-36.

SWEENEY, D.S. 1997. Counselling Children through the world of Play. Wheaton, ILL. : Tyndale House.

SWEENEY, D.S. & LANDRETH, G. 1993. Healing a child's spirit through pretend play: A Scriptural approach to treating children. *Journal of Psychology and Christianity*, 12(4):351-356.

TANNAHILL, R. 1989. Sex in History. Cardinal/Sphere Books Ltd.

VAN GEMEREN, W.A., ed. 1997. New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

VAN VUUREN, M. 2004. Tot 43 kinders per dag verkrag. *Beeld*: 2, Des. 8.

VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria : RGN Uitgewery (RGN-studies in Praktiese Teologie).

VERDUYN, C & CALAM, R. 1999. Cognitive behavioral interventions with maltreated children and adolescents. *Child Abuse and Neglect*, 23(2):197-207.

WATTS, J.D.W. 1987. Word Biblical Commentary. Volume 25: Isaiah 34-66. Waco, Tex. : Word Books Publisher.

WIELAND, S. 1997. Healing the internal trauma. Thousand Oaks : Sage Publications.

WRIGHT, N.T. 2000. The New Interpreter's Bible: volume X. Nashville : Abingdon Press.



ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie Heute. München : Kaiser/Grünwald. p.164-177.)

